# DIE OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES VAN DIE KULTURELE ONTWAKING VAN JAPAN TUSSEN 1853 EN 1912 EN DIE MOONTLIKE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE RSA

**Anna Francina Crause**

**B.A., T.H.O.D., B.Ed.**

Verhandeling voorgelê vir die nakoming van die vereistes
vir die graad Magister Educationis (Historiese Opvoedkunde)
in die Departement Fundamentele en Historiese Opvoedkunde
aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

STUDIELEIER C.T. Viljoen

Potchefstroom
NOVEMBER 1992

*Met dank en waardering opgedra aan:*
*Dennis, Ilke en Izan*

# VOORWOORD

Aan die einde van my Magisterstudie wil ek graag die volgende persone bedank vir daadwerklike hulp en bystand tydens hierdie navorsing:

- Meneer C.T. Viljoen, my studieleier, vir sy uitstekende leiding, hulp en motivering;
- professor W.A.M. Carstens vir sy bydrae tot die taalkundige versorging van hierdie verhandeling;
- doktor Peet van Rensburg vir die tipografiese versorging;
- die personeel van die Ferdinand Postma-Biblioteek vir ondersteuning en hulp te alle tye;
- die personeel van die biblioteek van Unisa vir hulle vriendelike hulp;
- my man Dennis en kinders Ilke en Izan vir morele en daadwerklike ondersteuning en ook hulle opofferings gedurende my studiejare;
- My grootste dank gaan aan ons Skepper vir al sy onverdiende genade aan my.

*SOLI DEO GLORIA*

# SUMMARY

The history of education in Japan is about as ancient as the history of Japan itself. Even in ancient times education was provided by the government, but only for the children of the aristocracy. The parents of the rest of the population organized the education of their children themselves.

From 1600 onwards Japan was ruled by the Tokugawa-family. They invented the form of government known as the Bakufu. In Bakufu Japan the government provided education for the children of the samurai, whilst the rest of the population was left to their own devices. The result of this system was that many children were educated by the Buddhist monks, because they provided education for anybody who wished to attend their schools.

When the Meiji government took control of Japan in 1853 it was one of their aims to use education to further their economic aspirations. Because of these aspirations of the new government, education in Meiji Japan became career orientated in order to produce workers for the newly founded industries.

In a comparison between the education of Meiji Japan (1853) and the RSA after 1976 many similarities are found, but even the differences reveal useful pointers between the two approaches to education.

In conclusion this dissertation proves that the education of Meiji Japan could be a valuable source to consult in the formulation of a new education programme for the RSA.

# OPSOMMING

Die onderwysgeskiedenis van Japan is feitlik net so oud as die geskiedenis van die land self. Reeds van die vroegste tye af het die staat onderwys voorsien, maar slegs die kinders van die adel kon van die opleidingsentrums gebruik maak. Die ander Japannese ouers moes self voorsiening maak vir die onderwys van hulle kinders.

Vanaf 1600 is die land regeer deur die Tokugawa-familie wat die Bakufu-regeringsvorm ontwerp het. Die Bakufu het onderwys voorsien aan die kinders van die samoerai en die res was oorgelaat aan hulleself. Om hierdie rede het baie van die kinders gebruik gemaak van die kloosterskole van die Boeddhiste, wat onderwys voorsien het aan enige persoon wat hulle skole wou bywoon.

Met die bewindsoorname van die Meiji-regering in 1853, was dit een van die doelstellings van die regering om onderwys te gebruik om ekonomiese groei te bewerkstellig. As gevolg van dié doelstelling van die regering is die onderwys meer loopbaangerig gemaak om werkers te verskaf vir die nuutgestigte industrieë.

Met 'n vergelyking tussen die onderwys van die Meiji-regering ná 1853 en die onderwys-sisteem in die RSA ná 1976 is daar groot ooreenkomste gevind; selfs deur die verskille tussen dié twee stelsels te bestudeer kan waardevolle inligting verkry word. Die resultaat van die navorsing is dat die onderwys van die Meiji-periode geraadpleeg kan word by die opstel van 'n nuwe onderwysprogram vir die RSA.

# INHOUDSOPGAWE


Voorwoord .......... i

Summary .......... ii

Opsomming .......... iii

**HOOFSTUK 1 : INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODOLOGIE, TERREIN-AFBAKENING, UITVOERBAARHEID, STRUKTUUR VAN DIE VERSLAG, SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING .......... 1**

1.1 INLEIDING .......... 1

1.2 AKTUALITEIT EN PROBLEEMBEREDENERING .......... 1

1.3 DOEL .......... 3

1.4 METODOLOGIE .......... 4

1.4.1 Literatuurstudie .......... 4

1.4.2 Die prinsipieel-besinnende metode .......... 4

1.4.3 Die probleemhistoriese metode .......... 5

1.4.4 Die kritiese metodes gebruik deur die Historiese Opvoedkunde .......... 5

1.4.4.1 Die transendentaal-kritiese fase .......... 5

1.4.4.2 Die transendente fase .......... 6

1.4.4.3 Immanente fase .......... 6

1.4.4.4 Eksheretiese fase .......... 6

1.5 TERREINAFBAKENINGS .......... 6

1.5.1 Wetenskapsteoretiese afbakening .......... 6

1.5.2 Afbakening van begripspresisering . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 7

1.5.2.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 7

1.5.2.2 Kultuur . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 7

1.5.2.3 Opvoeding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 9

1.5.2.4 Ontwaking . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .10

1.5.3 Afbakening van tyd . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .11

1.6 UITVOERBAARHEID . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .11

1.7 DIE STRUKTUUR VAN DIE VERSLAG . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .11

1.8 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .13

**HOOFSTUK 2 : DIE HERKOMS VAN DIE KINDERS VAN DIE SONGODIN . . . .14**

2.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .14

2.2 VERSKYNSELS WAT DIE ONTWIKKELING VAN DIE KULTUUR VAN JAPAN BEPAAL HET . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .14

2.2.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .14

2.2.2 Die geografiese ligging van Japan . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .15

2.2.3 Die karaktereienskappe van die Japannees . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .15

2.2.4 Die historiese gebeure vanaf die mitologiese tydperk tot 1853 . . . . . . . .17

2.2.4.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .17

2.2.4.2 Die herkoms van die Japannese . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .17

2.2.4.3 Die vroegste betrekkinge met China en Korea . . . . . . . . . . . . . .18

2.2.4.4 Die regering van die Fugiwara-familie . . . . . . . . . . . . . . . . . . .18

2.2.4.5 Die jare van die strydende families . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .19

2.2.4.6 Die ontstaan van die Bakufu .......................... 19

2.2.4.7 Slot .......................... 20

2.2.5 Die samestelling van die regering .......................... 20

2.2.6 Die ontwikkeling van die ekonomie tot 1853 .......................... 21

2.2.6.1 Toestande op die platteland .......................... 21

2.2.6.2 Die ontstaan van dorpe en stede .......................... 21

2.2.6.3 Die ontwikkeling van industrieë .......................... 22

2.2.6.4 Die veranderende sosiale samestelling .......................... 22

2.2.6.5 Handel met die buiteland .......................... 22

2.2.6.6 Die swak finansiële bestuur .......................... 23

2.2.7 Die uitwerking van die ontmoeting met China op die kultuur van Japan .... 23

2.2.8 Die Samoerai .......................... 24

2.2.9 Die betekenis van die verskillende godsdienste vir die ontwikkeling van die kultuur van Japan .......................... 25

2.2.9.1 Shinto .......................... 25

2.2.9.2 Confucianisme .......................... 26

2.2.9.3 Boeddhisme .......................... 26

2.2.9.4 Die Christelike geloof .......................... 27

2.2.10 Die onderwys van Japan tot 1853 .......................... 28

2.2.10.1 Inleiding .......................... 28

2.2.10.2 Die onderwysreëlings tot 1853 .......................... 28

2.2.10.3 Onderwys .......................... 28

2.2.10.4 Kurrikulum .......................... 29

2.2.10.5 Onderwysmetodes . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .30

2.2.10.6 Die Onderwysorganisasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .30

2.2.10.7 Die onderwyser . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .31

2.2.10.8 Dissipline . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .31

2.2.10.9 Slot . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .32

2.2.11 Die invloed wat die onderwys op die kultuur van ou Japan gehad het . . .32

2.2.11.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .32

2.2.11.2 Die onderwysdoelstellings van ou Japan . . . . . . . . . . . . . . .32

2.2.11.3 Die invloed van China en Confucius . . . . . . . . . . . . . . . . .32

2.2.11.4 Die nalatenskap van algemene geletterdheid . . . . . . . . . . . . .33

2.2.11.5 Denke aangewakker deur uitgebreide onderwysgeleenthede . . . .33

2.2.11.6 Beloning vir prestasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .33

2.2.11.7 Die opleiding van staatsamptenare . . . . . . . . . . . . . . . . . .33

2.2.11.8 Slot . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .34

2.3 TOESTANDE IN JAPAN AAN DIE EINDE VAN DIE BAKUFU-PERIODE . . . .34

2.3.1 Buitelandse druk op die Bakufu . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .34

2.3.1.1 Kulturele oorlewing op die voorgrond . . . . . . . . . . . . . . . .34

2.3.1.2 Besluiteloosheid oor 'n buitelandse beleid skep verwarring . . . .34

2.3.1.3 Ontevredenheid oor handelsverdrae maak die Bakufu ongewild . . .35

2.3.2 Binnelandse druk op die Bakufu . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .35

2.3.2.1 Die onvermoë van die Bakufu om die veranderde samestelling van die samelewing te akkommodeer . . . . . . . . .35

2.3.2.2 Die swak ekonomiese beleid van die Bakufu maak sy administrasie onaanvaarbaar . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .36

2.3.2.3 Die herlewing van Shinto bied die geleentheid om die Bakufu te vervang .....36

2.3.2.4 Die restourasie van die kleinseun van die Songodin maak die Bakufu oorbodig .....36

2.3.2.5 Kennis, die sleutel tot die nuwe Japan .....37

2.3.2.6 Slot .....37

2.4 SLOT .....37

2.5 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING .....37

**HOOFSTUK 3 : DIE SKITTERENDE PERIODE VAN DIE KINDERS VAN DIE SONGODIN .....39**

3.1 INLEIDING .....39

3.2 DIE MEIJI-BEWIND .....39

3.2.1 Inleiding .....39

3.2.2 Konsternasie by die aankoms van Kommodoor Perry .....40

3.2.3 Japan open sy grense vir die Weste .....40

3.2.4 Die veelvuldige probleme van die Bakufu .....41

3.2.4.1 Optrede teenoor die Weste .....41

3.2.4.2 Die vreemdelingkwessie .....41

3.2.4.3 Binnelandse ontevredenheid .....41

3.2.5 Die einde van die Bakufu-periode .....41

3.2.6 Die herorganisasie van die Meiji-bewind .....42

3.2.6.1 Inleiding .....42

3.2.6.2 Die doelstellings van die Meiji-bewind .....42

3.2.6.3 Die probleme van die Meiji-bewind . . . . . . . . . . . . . . . . . .43

3.2.6.4 Die nuwe grondwet . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .43

3.2.6.5 Koloniale drome lei tot oorloë . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .44

3.2.6.6 Slot . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .44

3.3 DIE NUWE JAPAN VAN DIE MEIJI-PERIODE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .45

3.3.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .45

3.3.2 Die "Restourasie" van die Keiser as herout van die nuwe periode . . . . . .45

3.3.3 Die konsolidasie van die grondgebied van Japan . . . . . . . . . . . . . . . .46

3.3.4 Die samestelling van die nuwe regering . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .47

3.3.5 Die Onderwys-Edik as basis van die beleid van die Meiji-bewind . . . . . .48

3.3.6 Veranderde houding teenoor die ekonomiese bedrywighede . . . . . . . . . .49

3.3.6.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .49

3.3.6.2 Die optrede van die regering . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .49

3.3.6.3 Die sukses van die nuwe buitelandse beleid . . . . . . . . . . . . .50

3.3.6.4 Die nuwe doeltreffende heffing van belastings . . . . . . . . . . . .50

3.3.6.5 Die ontstaan van handelsbanke . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .50

3.3.6.6 Die afskaffing van die gildestelsel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .50

3.3.6.7 Die aanvaarding van die nuwe sosiale bedeling deur die samoerai . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .51

3.3.6.8 Verstedeliking . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .52

3.3.6.9 Slot . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .52

3.3.7 Die skep van 'n nuwe verdedigingstelsel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .52

3.3.7.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .52

3.3.7.2 Daarstelling van 'n konskripsieleër . . . . . . . . . . . . . . . . . . .53

3.3.7.3 Die ontwaking van 'n sterk nasionale gevoel .............53

3.3.7.4 Slot .............54

3.3.8 'n Nuwe verhouding tussen die onderwys en die staat .............54

3.4 JAPAN AAN DIE EINDE VAN DIE MEIJI-BEWIND .............55

3.4.1 Nuwe regeringsvorm .............55

3.4.2 Ekonomiese vooruitgang .............55

3.4.3 Militêre opbou .............56

3.4.4 Die veranderde sosiale samestelling .............56

3.4.5 Vernude staatshantering van die onderwys .............56

3.4.6 Ontvanklikheid vir invloede van buite .............56

3.4.7 Uitgebreide onderwysgeleenthede .............57

3.4.8 Suksesvolle onderwys .............57

3.5 SLOT .............57

3.6 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING .............57

**HOOFSTUK 4 : DIE OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES VAN DIE KULTURELE ONTWAKING VAN JAPAN NÁ 1853 .............59**

4.1 INLEIDING .............59

4.2 DIE IMPERIALE EDIK EN DIE IMPLIKASIE DAARVAN VIR DIE ONDERWYS .............60

4.3 DIE TOEPASSING VAN DIE ONDERWYS-EDIK .............62

4.3.1 Inleiding .............62

4.3.2 Doel .............63

4.3.3 Kurrikulum .............63

4.3.4 Metode . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .63

4.3.5 Organisasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .64

4.3.6 Die onderwyser . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .65

4.3.7 Dissipline . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .66

4.3.8 Slot . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .66

4.4 DIE OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES VAN DIE ONDERWYS VAN DIE MEIJI-BEWIND . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .66

4.4.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .66

4.4.2 Nuwe ideale in die onderwys van Japan . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .67

4.4.3 Navolging van die westerse onderwysbeginsels . . . . . . . . . . . . . . . . .67

4.4.4 Die bydrae van die karaktereienskappe van die bevolking tot die sukses van die nuwe onderwys . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .68

4.4.5 Skoolplig word 'n werklikheid in Japan . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .69

4.4.6 'n Nuwe verhouding tussen die staat en die onderwys . . . . . . . . . . . . .69

4.4.7 Verdwyning van klasseverskille . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .70

4.4.8 Ouerbetrokkenheid steeds gehandhaaf . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .71

4.4.9 Onderwys as wegbereider vir nasionalisme . . . . . . . . . . . . . . . . . . .72

4.4.10 Onderwys in diens van die ekonomie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .72

4.4.11 Die ekonomiese ontwikkeling as uitvloeisel van die onderwys . . . . . . . .73

4.4.12 Die indirekte invloed van die Christendom op die vernuwing in Japan . . .74

4.4.13 Slot . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .75

4.5 SLOT . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .75

4.6 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .76

**HOOFSTUK 5 : DIE MOONTLIKE IMPLIKASIES WAT DIE KULTURELE ONTWAKING VAN JAPAN VIR DIE RSA INHOU** .......... 77

5.1 INLEIDING .......... 77

5.2 TOESTANDE OP DIE VOORAAND VAN VERANDERING .......... 78

5.3 DIE VERSKILLE TUSSEN MEIJI-JAPAN EN DIE RSA .......... 79

5.3.1 Inleiding .......... 79

5.3.2 Kultuurverskille .......... 79

5.3.3 Verskille in peil van geletterdheid .......... 80

5.3.4 Die waarde van gevestigde tradisies .......... 81

5.3.5 Geografiese verskille .......... 81

5.3.6 Die karaktereienskappe van die bevolking .......... 82

5.3.7 Rasverskille .......... 82

5.3.7.1 Die aankoms van die Afrika-volkere .......... 83

5.3.7.2 Die aankoms van die immigrante van Europa .......... 83

5.3.7.3 Die aankoms van die immigrante uit die Ooste .......... 84

5.3.8 Konskripsieleër .......... 84

5.3.9 Samevatting .......... 84

5.4 OOREENKOMSTE TUSSEN MEIJI-JAPAN EN DIE RSA .......... 86

5.4.1 Inleiding .......... 86

5.4.2 Internasionale druk .......... 86

5.4.3 Druk van binne die land .......... 87

5.4.4 Politieke hervorming .......... 88

5.4.5 Die ekonomie .......... 90

5.4.6 Hervormings in die samelewing .......... 91

5.4.7 Ooreenkomste tussen die onderwys van Meiji-Japan en die RSA . . . . . . .91

5.4.8 Landhervorming . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .93

5.4.9 Verstedeliking . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .94

5.4.10 Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .95

5.5 SLOT . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .97

**HOOFSTUK 6 : BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS . . .98**

6.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .98

6.2 BEVINDINGS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .98

6.2.1 Bevindings aangaande die onderwys van Japan tot 1853 . . . . . . . . . . . .98

6.2.2 Bevindings aangaande die skitterende periode van die kinders van die songodin . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .99

6.2.3 Bevindings aangaande die implikasies van die kulturele ontwaking van Japan ná 1853 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .100

6.2.4 Bevindings aangaande moontlike implikasies wat die kulturele ontwaking van Japan vir die onderwys van die RSA inhou . . . . . . . . .101

6.3 GEVOLGTREKKINGS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .102

6.4 AANBEVELINGS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .104

6.4.1 Aanbevelings op grond van gestelde bevindings en gevolgtrekkings . . . .104

6.4.2 Aanbevelings met die oog op verdere navorsing . . . . . . . . . . . . . . . . .105

6.5 SLOT . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .105

**BIBLIOGRAFIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .107**

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODOLOGIE, TERREIN-AFBAKENING, UITVOERBAARHEID, STRUKTUUR VAN DIE VERSLAG, SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

### 1.1 INLEIDING

Die doel van die verhandeling is om vas te stel wat die oorsake was vir die kulturele ontwaking van Japan ná 1853 en wat die opvoedkundige implikasies daarvan vir Japan sowel as vir die RSA was en kan wees. Ten einde die oorsake te kan bepaal (vergelyk hoofstukke 2 en 3) moet eerstens stilgestaan word by die probleemstelling, aktualitiet, doel en metodologie van die navorsing.

### 1.2 AKTUALITEIT EN PROBLEEMBEREDENERING

Teen die tweede helfte van die 19de eeu was Japan 'n baie onderontwikkelde land wat vir eeue, sedert ongeveer 700 n.C., byvoorbeeld nooit sy onderwysbeleid verander het nie. Japan het sy onderwysorganisasie en inhoud van die onderwys net so van China oorgeneeem (Okakura, s.a.:37; Reischauer, 1964:6;9 en Buzzelli, 1988:1) dit effens aangepas in die Taika-kode en toe net so gebruik vir 11 eeue lank. Om die toestand nog verder te versleg het die Shogunregering enige kontak met die Weste verbied vanaf ongeveer 1600 tot ongeveer 1853 (Saito, 1912:161; Gubbins, 1920:7 en James, 1951:36).

Omdat daar onderwys plaasgevind het, was 'n gedeelte van die bevolking ontwikkelde mense en het hulle teen die middel van die 19de eeu bewus geword dat Japan politieke en ekonomiese probleme ondervind. Hulle het besef dat hulle probleme drieledig was van aard was:

- enersyds moes hulle kontak met die Westerse kennis bewerkstellig om sodoende tegnologiese kennis te verkry sodat hulle aan hulle groeiende bevolking se behoeftes kon voldoen;

- Andersyds moes hulle inligting verkry sodat hulle meer moderne wapens kon vervaardig om hulle land te kan verdedig teen die Weste, want in hulle soeke na afsetgebiede vir hulle fabrieksartikels het die Weste begin uitbrei na die Ooste;
- Derdens het die Japannese besef dat hul enigste oplossing gelê het in die opleiding van mense sodat hulle nie net bewus kan wees van die nuwe tegnologie nie, maar dit ook kon toepas.

Die oplossing het dus gelê in die verkryging van kennis en 'n nuwe onderwysprogram (Gubbins, 1920:48; Kennedy, 1935:54: Ter Veen, 1948:88;143; Sansom, 1950:212; 247;372; James, 1951:20 en Reischauer, 1964:107;123) Net soos die geval was in die tweede helfte van die 19de eeu in Japan het die RSA tans politieke probleme wat hom onder andere manifesteer in ontevredenheid met die opset van swart onderwys. Die oorsake van die probleme in Japan teen 1853 en tans in die RSA is dus geleë in die politieke bestel van die land.

Die bestaande onderwysbedeling in Japan in 1853 was dat onderwys nie vir almal toeganklik was nie, omdat die regering van Japan glad nie verantwoordelikheid vir die onderwys van die hele bevolking aanvaar het nie. Die onderwys is slegs gedeeltelik deur die staat bestuur want die samoerai het 'n baie deeglike opleiding ondergaan omdat hulle ál die poste in die staatsdiens gevul het. Die onderwys van die res van die bevolking was deur die ouers gereël, beheer en onderhou, of anders het dit plaasgevind in die Boeddhiste kloosters.

In die RSA is blanke onderwys hoofsaaklik deur die staat beheer en onderhou, maar swart onderwys het 'n hele lang geskiedenis van beheer deur verskillende liggame, soos byvoorbeeld die kerke, onder toesig van die staat. Die gevolg hiervan is dat daar nie in die RSA 'n algemene beleid vir almal in die land was (of is) vir die onderwys nie (Barnard, 1985:14 tot 29). Dit stem ooreen met Japan in ongeveer 1853 waar die onderwys ook deur verskillende liggame bedryf was. Maar net soos in Japan bestaan daar wel egter 'n onderwysstruktuur in die RSA wat herorganiseer kan word.

Die dors na kennis wat in Japan ontstaan het in die periode van die Shoguns, het daartoe gelei dat die bevolking hulleself bevry het van die Shogunregering deur die keiser in ere te herstel en die Shoguns te verwerp (Ter Veen, 1948:122; Sansom, 1950:223 en James, 1951:15). Dié proses het begin met die ondertekening van die handelsverdrag met Amerika in 1853 (Sansom, 1950:277 en Reischauer, 1970:115).

Die vraag ontstaan nou: Waarom het Japan so vinnig vooruit gegaan ná die ondertekening van die verdrag met die VSA en die bewindsoorname van die Meiji-regering (1853)? Die moontlike antwoord hierop is dat die nuwe Meiji-regering onmiddellik aan die onderwysstruktuur begin verander het.

Omdat Japan die eerste nie-Westerse land is wat so 'n omvattende vernuwing ervaar het as gevolg van onder andere die hervorming in die onderwys, is dit die moeite werd om na te speur wat in die proses gebeur het. Dit kan gedoen word omdat die vernuwing reeds 'n eeu gelede plaasgevind het, en die gevolge daarvan duidelik te bespeur is. Daar bestaan groot ooreenkomste met die toestand van die onderwys in die RSA ná 1976 en dié van Japan ná 1853, naamlik:

- dat daar in beide lande deur die eeue 'n onderwysorganisasie bestaan het;
- dat die kulture van beide lande afgesny is van aanraking met ander kulture deur die beleid van die betrokke regerings;
- dat daar onder die bevolkings 'n behoefte ontstaan het na aanraking met ander kulture omdat die eie kultuur stagneer;
- dat as gevolg van die kulturele isolasie daar ekonomiese agteruitgang plaasgevind het wat in politieke onrus na vore gekom het, en
- dat in beide lande daar ontwikkelde mense is as gevolg van die bestaande onderwysstelsel. Dit is juis by hierdie mense wat die behoefte aan vernuwing deur aanraking met ander ontstaan het.

Omdat Japan sy probleem redelik suksesvol opgelos het, sal dit die moeite loon om vas te stel:

- hoe die onderwysorganisasie van Japan daar uitgesien het vóór die Meiji-periode;
- watter faktore gelei het tot die kulturele ontwaking van Japan ná 1853;
- wat die opvoedkundige implikasies van die kulturele ontwaking was, en
- watter opvoedkundige betekenis die kulturele ontwaking van Japan vir die RSA inhou.

## 1.3 DOEL

Dié navorsing het ten doel om te bepaal:

- hoe die onderwysstelsel van Japan daar uitgesien het vóór die Meiji-periode;

- watter faktore gelei het tot die kulturele ontwaking van Japan ná 1853;
- wat die opvoedkundige implikasies van die kulturele ontwaking was, en
- watter opvoedkundige betekenis die kulturele ontwaking van Japan inhou vir die situasie in die RSA.

## 1.4 METODOLOGIE

### 1.4.1 Literatuurstudie

Uit 'n deeglike literatuurstudie sal 'n navorser op hoogte gebring word met wat op 'n bepaalde terrein nagevors en gepubliseer is. Om hierdie feite te kan gebruik moet die navorser 'n bepaalde doel voor oë hê sodat hy die navorsingsbevindinge kan evalueer en homself kan vergewis van die huidige stand van sake. Eers wanneer die navorser op hoogte is van wat op sy studieterrein gebeur, sal hy in staat wees om 'n geldige evaluering te kan maak.

Die volgende naslaanbronne kan (onder andere) gebruik word: opsommings van proefskrifte en verhandelinge, tydskrifindekse, bibliografieë, woordeboeke, ensiklopedieë en gerekenaariseerde inligting.

'n Verdere uitvloeisel van 'n omvattende literatuurstudie is dat die navorser sy probleem binne die totale raamwerk van bestaande kennis rondom die betrokke vraagstuk kan inpas (De Wet e.a., 1981), omdat literatuurstudie 'n wye insig oor die agtergrond van die probleem verskaf.

### 1.4.2 Die prinsipieel-besinnende metode

Omdat juis die opvoedkundige beginsels nagevors word, moét die opvoedkundige beginsels getoets word. Hierdie beginsels kan nie prakties getoets word nie en is daarom moeilik om te evalueer. Van der Walt (1982:37) beskryf dit as "...'n metode waarvolgens deur prosesse van besinning en herbedinking tot sekere (fundamenteel) opvoedkundige oortuigings gekom word".

Die opvoedkundige beginsels word dan getoets aan die waarhede van die Skrif (Van der Walt, 1982:37). Hierdie toets geld daarom alleenlik vir die Christenopvoeder. Nadat die feite op dié manier getoets is, kan die opvoeder 'n gevolgtrekking maak en 'n standpunt inneem.

### 1.4.3 Die probleemhistoriese metode

Om 'n probleem te verstaan is dit nodig om dit teen die agtergrond waaruit dit ontstaan het, te bestudeer. Die oorsake daarvan moet gesoek word in die sosiale samestelling, politieke bedeling, ekonomiese toestand, geografiese ruimte, geloof en karakter van die bepaalde volk (Barnard, 1985:268). Eers wanneer die oorsake van die probleem blootgelê is en nadat dit teen die agtergrond van sy eie tyd bestudeer is, kan die probleem duidelik gesien word en sal dit makliker wees om tot 'n gevolgtrekking te kom en 'n oplossing te vind vir die eietydse probleem waarmee geworstel word (Van der Walt, 1982:40).

### 1.4.4 Die kritiese metodes gebruik deur die Historiese Opvoedkunde

Historiese data berus op die weergawe van gebeurtenisse deur persone anders as die navorser. Om hierdie rede moet die navorser die gegewe feite baie noukeurig toets om die waarheid vas te stel (Stephan en Michael, 1972:17). Hierdie proses bestaan uit vier fases, naamlik die transendentaal-kritiese fase, die transendente fase, die immanent-kritiese fase en die eksheretiese fase.

#### 1.4.4.1 Die transendentaal-kritiese fase

Omdat die denke van die mens nie dit is wat werklik die mens beheers nie, maar wel die religie wat sy hart aangegryp het, is dit noodsaaklik dat die navorser eers hierdie hartsgegrepenheid sal bepaal sodat die inligting in daardie lig beoordeel kan word (Strauss, Smit & Schoeman, 1978:6).

Die Christenopvoeder is die persoon wat aan die begin van sy navorsing bepaal wat die hartsgegrepenheid van die teoretikus is wat nagevors word omdat dit die benadering van die teoretikus teenoor die probleem sal verduidelik. Schoeman (1983:80) noem dit die "...onselfgenoegsame aard van die mens se analitiese vermoë", omdat die mens altyd "gestuur of gekanaliseer" word deur die religieuse grondmotief wat sy hart vasgegryp het (Schoeman, 1983:81).

Die vrae wat geleidelik beantwoord word, sal aandui wat die religieuse ingesteldheid van die persoon is met wie in gesprek verkeer word (Van der Walt, 1982:41). In die ontwikkeling van die Westerse denke was daar deur die eeue in opeenvolging vier religieuse grondmotiewe wat oorheers het, naamlik :

- die Grieks-heidense grondmotief van vorm en materie,
- die Rooms-skolastiese grondmotief van natuur en genade,

- die Bybelse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing, en
- die moderne humanistiese grondmotief van natuur en vryheid.

#### 1.4.4.2 Die transendente fase

Dit is die moeilikste deel van die navorsing, want nou moet die wetenskaplike 'n eie verantwoordbare gevolgtrekking maak (Van der Walt, 1982:42; Strauss et al., 1978:10) in verband met die probleem waarmee hy gekonfronteer is.

#### 1.4.4.3 Immanente fase

Immanente kritiek word toegepas sodat die navorser hom kan vergewis van die waarheid van die feite wat hy bestudeer, die sirkelredenasies kan uitken en blootlê, en bewus kan word van teenstrydighede in die redenasies en dit kan uitwys (Strauss et al., 1978:1,2). Dit beteken egter nie dat geen aandag aan botsende standpunte gegee moet word nie; dit is ook nodig om weersprekende menings te bestudeer en te oorweeg in die lig van die verkrygde kennis (Strauss et al., 1978:1).

In hierdie fase moet die navorser ook probeer om die verkeerde interpretasies van die skrywers van die werke wat hy as verwysings gebruik aan die lig te bring en te interpreteer (Strauss et al., 1978:1 en Van der Walt, 1982:42). Strauss et al. (1978:2) noem dit "feitlike kritiek". Sodra die betroubaarheid van die verkrygde feite onweerlegbaar bewys is, kan daar voortgegaan word met die navorsing.

#### 1.4.4.4 Eksheretiese fase

Die navorser moet nou probeer om vas te stel of daar enige moontlikhede vir die opvoedkunde in die bepaalde teorie opgesluit lê (Van der Walt, 1982:43). Dit is belangrik, want indien daar iets positiefs is, kan dit lei tot die ontwikkeling van die opvoedkunde. Volgens Van der Walt (1982:43) is geen teorie geheel en al vals nie.

## 1.5 TERREINAFBAKENINGS

### 1.5.1 Wetenskapsteoretiese afbakening

Wetenskapsteoreties val die ondersoek binne die terreine van die Historiese en Fundamentele Opvoedkunde.

### 1.5.2 Afbakening van begripspresisering

#### 1.5.2.1 Inleiding

Om die onderwerp goed te verstaan is dit nodig om die betekenis van die belangrikste terme in die probleemstelling deeglik na te vors sodat dit verstaan word. In die geval van hierdie stuk navorsing is die onderstaande terme ter sake:

#### 1.5.2.2 Kultuur

Uit die beskrywings van die verskillende woordeboeke van wat onder die term "kultuur" verstaan word, word dit duidelik dat kultuur 'n baie wye betekenis het.

Eerstens beteken "culture" volgens die Shorter Oxford Dictionary (1978:471) "...improvement or refinement by education and training. The training of mind, tastes and manners; the condition of being thus trained and refined; the intellectual side of civilization". Kultuur is dus nie beperk tot 'n bepaalde volk of gebied nie, dit is 'n algemeen menslike verskynsel. Webster's 3rd New International Dictionary (1967:552) sluit hierby aan en stel dat "culture" die ontwikkeling deur opvoeding, dissipline, sosiale ervaring en die voortdurende verbetering in 'n spesiale rigting beteken. Die Standard Dictionary of the English Language Vol 1 (1976:314) en Chambers 20th Century Dictionary (1983:305) bevestig die beginsel van "refinement, a type of civilization, to improve".

'n Tweede eienskap van kultuur is dat dit nie aangebore word nie, maar dat dit aangeleer moet word. Kultuur is daarom die opleiding van die gees en voorbereiding van die individu om in te pas in sy samelewing. Volgens dié beskrywing is kultuur 'n algemene verskynsel, maar die mens moet opgelei word in die kultuur — dit kom deur "training" en "improvement".

'n Derde deel van die inhoud van kultuur word duidelik uit die beskrywing van HAT (1972:488 en 1988:625) wat "kultuur" soos volg beskryf: "...begrip wat die ganse geestelike besitting van 'n volk op elke terrein omvat, geesteslewe, beskawingstoestand". Hiervolgens is kultuur alles wat ooit deur 'n bepaalde volk bereik is. Hier begin dit deurskemer dat kultuur nie net algemeen voorkom nie, maar nòù aan 'n volk gebind is omdat dit sy eie geestesgoedere bevat — dit beskryf die lewenspatroon van 'n volk.

'n Vierde eienskap blyk duidelik uit Shimahara (1986:19) se beskrywing van wat "kultuur" is. Dit toon aan wat kultuur doen, naamlik dat dit die lewenspatroon van 'n groep mense voorskryf: "Culture provides a general design for life, a covert rationale that underlies the premises guiding human behaviour... Culture can be compared to the grammar that members of a group follow unconciously to communicate with each other".

Hierdeur word nog 'n eienskap duidelik: kultuur beïnvloed die mens onbewustelik deur die optrede van mense om hom, soos beskryf deur die definisie van King (1986:75): "...culture which gives us, in addition to language and social habits, such things as familiarity with our surroundings and their contacts, a shape of the world which imparts assurance of being cared for and approved". Kultuur rig nie alleen die optrede van die mens deur reëls van optrede voor te skryf nie, maar laat die mens tuis voel in sy omgewing omdat hy goedkeuring van sy medemens ervaar as hy volgens dié voorgeskrewe reëls optree.

Ook die Christen het sy bepaalde siening van wat "kultuur" is, en dit word duidelik beskryf deur Van der Walt, Dekker en Van der Walt (1985:148). Hulle stel dit so: "...(om) met natuur besig te wees is om kultuur te skep. Hy (die mens) veredel die natuur deur daarin te plaas wat daar nie is nie, en daaruit te haal wat daar nie moet wees nie; uit hout kan hy meubels maak". "Kultuur" bepaal dus die leefwyse van elke mens. Dit is die grondslag van al sy werke, en daarom ook van die onderwys. Dit is die manier waarop die mens sy opdrag uitvoer om die aarde te bewerk en te bewaak.

'n Verdere eienskap van kultuur is dat dit onbewustelik ontwikkel en die dryfveer is van alle optredes van 'n volk. Hierdie optrede is onwetend omdat die mens deur sy volksgenote so beïnvloed word dat hy outomaties optree om by die samelewing in te pas. Die volk is "not concious" van sy optrede. Shimahara (1986:19) stel dit soos volg: "Members of a culture are usually not concious of its force, although it gives direction for their actions and shapes their behavioral patterns".

Hier is weereens nie die bepaling dat kultuur bloot tot een volk beperk is nie, maar daar word ruimte gelaat vir 'n meer "algemene" beskrywing van "kultuur", wat miskien as "the intellectual side of civilization" (Shorter Oxford Dictionary, 1978:471) beskryf kan word.

By 'n werkswinkel (wat gehou is deur die Konsul-Generaal van Japan in Los Angeles en die Universiteit van Arizona se departement van Asiatiese studies) in Februarie en Maart 1981 het die Japannese ambassadeur, Yoshio Okawara, in die VSA die volgende

gesê (1981:2) "Because we eat lots of hamburgers (there are over 200 McDonald's outlets in Japan), it certainly does not follow that we think in the same manner as an American who eats the same food." 'n Beter verduideliking van wat kultuur doen en is, sal moeilik gevind word. Vandat Japan die Westerse kultuur "aanvaar" het in ongeveer 1860 is dit nog nie syne nie: "...it certainly does not follow that we (the Japanese) think in the same manner." Hoewel die Japannees honger word net soos die Amerikaner en hoewel hy 'n tipies Amerikaanse gereg geniet, maak dit hom nie 'n Amerikaner nie. Die aanname van die gereg het net sy eie kultuur verbreed.

Kultuur is dus duidelik 'n algemeen menslike verskynsel wat ontstaan wanneer die mens sy kultuuropdrag uitvoer, maar dit word deur die lewensomstandighede waarin die mens leef beïnvloed sodat elke volk sy eie kultuur ontwikkel. Die onderwys van 'n volk dra die inhoud van dié kultuur oor aan sy jeug saam met dít wat as beskawings kennis beskryf kan word naamlik: "civilization". Die bevolking leef volgens die voorskrif van die kultuur want wanneer hy leef volgens die voorskrite van sy medemens word hy maklik aanvaar en voel hy tuis.

### 1.5.2.3 Opvoeding

Van der Walt (1980:36,37) beskryf die verskynsel van opvoeding as 'n interaksie tussen 'n opvoedingsbehoeftige persoon en 'n opvoedingsbevoegde persoon. Die opvoedingsbehoeftige persoon word gedurende hierdie proses gelei, gevorm, beïnvloed, en onderrig sodat hy in "volle verantwoordelikheid sy lewenstaak sal opneem en aanvaar". Dít is die taak van die opvoeding.

Dit is interessant om hierdie beskrywing te vergelyk met een van 1912, naamlik dié van Kemp. Die inhoud van die opvoeding is volgens Kemp (1912:11): "...the effort of society to impress its ideals upon the thought and activity of the young. It tends to maintain and promote the form of social life in which it originated. It conserves the mental achievements of the past, and progresses with the expanding life of nations and the race.". Volgens hierdie definisie is die taak van die opvoeding die oordra van dít wat 'n gemeenskap vermag het en van sy ideale (dit herinner aan die definisies van kultuur). Kemp beklemtoon die twee sye van die taak van die opvoeding, naamlik die oordra van versamelde kennis, maar ook die voortdurende vernuwing van die kennis wat oorgedra word om vooruitgang te verseker.

Naas hierdie definisie van Kemp van wat met opvoeding bedoel word, bied die HAT 'n meer moderne siening van die begrip "opvoeding". Kemp se siening blyk baie volksgebonde

te wees, terwyl dit wil voorkom asof die betekenis van opvoeding met verloop van tyd 'n meer algemene kleur gekry het — vergelyk bg. definisie van Kemp met dié van die HAT (1972:623 en 1988:805): "...grootmaak, geestelik vorm tot volwassenheid". Die HAT beklemtoon die onderwys se taak as die vorming tot volwassenheid.

Hierdie betekenis van opvoeding word beklemtoon deur woordeboeke soos die Comprehensive Etymological Dictionary Vol.1 (1966:501); Webster's 3rd New International Dictionary (1976:723) en The Shorter Oxford Dictionary (1978:630), wat almal saamstem oor wat "education" beteken: die grootmaakproses asook opleiding vir die lewe.

Die moderne opvatting van opvoeding word dus beskou as die grootmaakproses waarin daar gedurende dié periode leiding aan die kind verskaf word sodat sy natuurlike aanleg ontwikkel kan word om hom in staat te stel om uiteindelik sy plek in die samelewing te kan volstaan.

Die Christenonderwyser het egter sy eie besondere siening van die taak van die opvoeding, naamlik dat dit "...die ware normatiewe, en gedifferensieerde ontsluiting van die kind vir sy algemene én besondere mandaatvervulling binne sy leefwêreld op 'n verantwoordelike wyse ten doel het" (Van Schalkwyk, 1981:5). Hierby kan gevoeg word dat "...soos alle ander menslike handelinge of bemoeienisse met die skepping, die onderwysbehoeftige doelbewus na God 'ontsluit' moet word, dit wil sê aan Hom gewy moet word" (Schoeman, 1979:95), want opvoeding is "hartsvorming en hartsopvoeding" (Van der Walt, 1985:108). Die "afvallige hart" van die onmondige moet "teruggebind word" aan God deur die opvoedingsproses. Vir die Christen is opvoeding "genadewerk" (Van der Walt, 1985:109). Die opvoedingsbehoeftige moet: "...(ge)vorm en geslyp (word) sodat die kind as Christen volkome toegerus kan wees vir elke goeie werk in diens van God en tot die beswil van sy naaste" (Van der Walt, 1985:109).

#### 1.5.2.4 Ontwaking

"Awakening" word deur Webster's 3rd New International Dictionary (1976:152) beskryf as "1. A rousing from sleep. 2. A rousing from inactivity, sloth or indifference, a revival of interest. 3. Coming into conciousness or awareness." As hierby gevoeg word wat die Chambers 20th Century Dictionary (1983:85) as "awakening" beskryf, naamlik om bewus te word, om onbetrokkenheid te verwerp, om onbelangstelling en onkunde af te skud, dan sluit dit die hele betekenis van "ontwaking" in.

Die Shorter Oxford Dictionary (1978; 139) het niks nuuts bygevoeg as dit stel dat "awakening" beteken om wakker te word asof uit 'n slaap. The Standard Dictionary

of the English Language Vol.1 (1967:101) stem saam met die ander woordeboeke as aangedui word "awaken" beteken "not to sleep, alert, vigilant, to arouse from sleep, to stir up, exite". In A Comprehensive Etimological Dictionary (Vol 1 A-K 1966;134) en The Random House Dictionary of the English Language (1967:103) verklaar Dr Ernst Klein "awake" as om wakker te word, om aangespoor te word tot optrede, om deel te neem, om bewus te wees en te word en om waar te neem. Ontwaking beteken dus om bewus te word van die omstandighede waarin die mens bestaan en om aangespoor te word tot optrede of om deel te neem aan optrede.

### 1.5.3 Afbakening in terme van tyd

Die tydperk wat bestudeer word, is die laat 19de eeu, meer bepaald vanaf 1853 tot 1912. Dit is die tydperk vanaf die sluiting van 'n handelsverdrag tussen Japan en Amerika tot en met die dood van keiser Mutshihito in 1912.

## 1.6 UITVOERBAARHEID

Enkele probleme is ondervind met die uitvoerbaarheid van die navorsing aangesien die beskikbare bronne oor die algemeen baie oud is en weinig tydskrifartikels tans oor die bepaalde tyd geskryf word. Die nodige navorsingsfasiliteite was egter beskikbaar.

## 1.7 DIE STRUKTUUR VAN DIE VERSLAG

- **Hoofstuk 1**

Die probleemberedenering, uiteensetting van die doel, die verduideliking van die metodes, die afbakening van die terrein en begrippe. Die hoofstuk eindig met die struktuur van die verslag.

- **Hoofstuk 2**

Die invloed van China op Japan deur die eeue en die redes wat daartoe aanleiding gegee het, word bespreek. Verder word aandag gegee aan die invloed van Confucius en Boeddhisme op die onderwysstelsel van Japan. Gedurende die einde van die periode was kommunikasie met die Weste feitlik geheel en al verbreek, maar as gevolg van

interne en eksterne omstandighede het daar 'n behoefte aan Westerse tegnologie ontstaan en dit het aanleiding gegee tot die val van die Tokugawa-regering.

### □ Hoofstuk 3

Die ondergang van die Tokugawa-regering het begin met die aankoms van Kommodoor Perry in 1853 en die sluiting van 'n handelsverdrag met Amerika, wat die periode van isolasie verbreek het. Na 'n periode van onrus het die keiser weer die regeringshoof geword en het 'n nuwe periode in die geskiedenis van Japan aangebreek, naamlik die Meiji-periode, waarin Japan die kennis van die Weste tot hulle voordeel benut het in 'n baie kort tydsbestek.

### □ Hoofstuk 4

Die opvoedkundige implikasies van die kulturele ontwaking van Japan ná 1853 word in hierdie hoofstuk beskryf. Die ontwaking het plaasgevind as gevolg van die militêre bedreiging van die Weste en die ekonomiese probleme van Japan.

### □ Hoofstuk 5

In 'n vergelyking tussen die onderwys van die Meiji-periode (1853) en die onderwys van die RSA ná 1976, is talle ooreenkomste, asook verskille te vind. Die ooreenkomste tussen die Meiji-periode en dié van die RSA na 1976 is van so 'n aard dat daar moontlike lesse in kan wees vir die RSA in 'n nuwe benadering tot die onderwys.

### □ Hoofstuk 6

Die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie word hier aangebied. Uit die navorsing word dit duidelik dat daar deur die eeue altyd 'n vorm van onderwys in Japan was en dat die infrastruktuur deur die Meiji-regering gebruik kon word om aan Japan 'n moderne onderwysstelsel te gee waarmee die burgers tevrede was.

In die RSA het onderwys verdeel geraak op grond van kleur en as gevolg van wetgewing het dit het gelei tot onrus by die swart mense. Tans bestaan daar 'n behoefte aan vernuwing in die onderwys om aan die huidige behoeftes te voldoen.

## 1.8 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

In hierdie hoofstuk is daar gelet op die probleemstelling, aktualiteit, doel, metode, terreinafbakening en uitvoerbaarheid van hierdie navorsing. In hoofstuk 2 gaan die aandag vervolgens gevestig word op die invloede wat ingewerk het op die ontstaan van die vroeëre onderwysinstellings van Japan.

# HOOFSTUK 2

## DIE HERKOMS VAN DIE KINDERS VAN DIE SONGODIN

### 2.1 INLEIDING

Sekere invloede wat inwerk op die ontwikkeling van die kultuur van 'n land is onveranderlik. Dit is verskynsels soos die historiese gebeurtenisse, die geografiese ligging van die land, die karaktereienskappe van die bevolking en in die geval van Japan die invloed van China op die ontwikkeling van die kultuur en die onderwys. Hierdie eienskappe word kortliks in hoofstuk 2 beskryf. Nieteenstaande die feit dat hierdie eienskappe van 'n land nie verander kan word nie, verander die kultuur van 'n land tog voortdurend. Sansom (1950:233) stel dit dat kulture ontwikkel of verander, want hulle gehoorsaam "...some obscure law which decrees that cultures must change or perish".

### 2.2 VERSKYNSELS WAT DIE ONTWIKKELING VAN DIE KULTUUR VAN JAPAN BEPAAL HET

#### 2.2.1 Inleiding

Een verskynsel in 'n land wat nie kan verander nie is sy geografiese ligging, so het die geografiese ligging van Japan bepaal dat Japan byvoorbeeld nie onbepaald sy ekonomie kon baseer op landbou nie, want slegs 'n klein gedeelte van die land was bewerkbaar. Die oplossing vir dié probleem was om hom na die omringende see te wend om in sy behoeftes te voorsien. Nog 'n eienskap wat onveranderd gebly het deur die eeue, was dat die bevolking hardwerkend was. So het historiese gebeurtenisse ook bepaal dat die Japannese bevolking op gegewe tye besef het dat hulle kultuur verarm was en dat vernuwing dringend noodsaaklik was. Hierdie probleem is telkens met doelgerigtheid aangepak en oorwin. Die oplossing vir die probleem is gevind in die grootskaalse leen uit vreemde kulture.

### 2.2.2 Die geografiese ligging van Japan

'n Land se kultuur en ontwikkeling hang so nou saam met sy geografiese gesteldheid dat Donovan (1923:123) dit tereg soos volg stel "Describe to me the geography of a country... and I will tell you it's future". James (1951:21) sluit selfs die feeste, getygolwe en aardbewings in as vormende elemente op die kultuur van 'n land.

Die staat Japan is in dié unieke posisie dat dit bestaan uit 'n wydverspreide ketting van eilande wat afgesluit is van China en Korea deur die See van Japan. Die gevolg hiervan is dat Japan 'n staat is wat maklik bereikbaar is vanaf die vasteland van Asië, maar tegelykertyd ook volkome afgeskei is daarvan. Om dié rede kon handel maklik plaasvind sonder enige verdere invloed van buite.

Die eilande van Japan is saamgestel uit vier groot eilande en ongeveer 1000 kleiner eilande. Hulle is geleë in die Stille Oseaan tussen 30 en 50 grade noorderbreedte. Dit beteken dat Japan in 'n subtropiese gebied geleë is, en 'n aangename klimaat het (Ter Veen, 1948:9; James, 1951:21 en Pretorius, 1989:245,247).

Die grondgebied van Japan is moeilik bewerkbaar, want slegs 15% van die land se oppervlakte is geskik vir landbou. Van die res van die oppervlakte kan ook net 'n derde bewoon word omdat die gebied so bergagtig is. Dit beteken dat daar 'n voortdurende probleem is met voedselvoorsiening en woongebied. Die oplossing vir die voedsel-probleem is gevind in die ryk vislewe van die omringende see (Okakura, s.a.:80; James, 1951:21; Reischauer, 1970:4 en Pretorius, 1989:247).

Die Japannese het gevind dat die see nie net gebruik kan word vir voedselvoorsiening nie, maar ook op ander maniere aangewend kon word, o.a. vir gebruik as vervoermedium. Die bou van paaie het 'n groot probleem geskep as gevolg van die bergagtige oppervlakte van die land en die makliker vervoer op see was 'n welkome uitkoms vir dié probleem. Die talle benutbare baaie kon ook ontwikkel word om die seeverkeer aan te help (Porter, 1918:264 en Ter Veen, 1948:11). Die groot massa water kon ook nog verder aangewend word om krag op te wek vir gebruik in die industrieë (Ter Veen, 1948:20;25 en Reischauer, 1970:6).

### 2.2.3 Die karaktereienskappe van die Japannees

Die Japannees is slegs gelukkig as hy in 'n groep optree. Taylor (1983:67) stel dit soos volg "Loyalty to the group and a willingness to submit to its demands are thus

key virtues in Japanese society". Die basiese groep vir die Japannees is die familie. Die familie oorheers die persoon, en die gemeenskap het weer die families oorheers. In die dae van die Bakufu (die regeringsvorm tussen die jare 1600 tot 1853) is die gemeenskap deur die shogun beheer (Hearn, 1907:275).

Dié groepskaraktereienskap van die Japannese volk het hom deur die eeue bygebly. By 'n werkswinkel gehou by die Universiteit van Arizona (1981:6) verwys Sy Eksellensie, Yoshio Okawara, in sy openingsrede na "...our concern for group rather than individual action". 'n Ander spreker by die werkswinkel, Frank Gibney (1981:31), teken die Japannees as die "world's committee men par excellence".

Daar bestaan interessante teorië oor die ontstaan van dié groepsgebondenheid van die Japannees. Taylor (1983:31) beweer dat dié gewoonte in die dorpies ontstaan het omdat elkeen 'n plig gehad het om toe te sien dat daar genoeg rys vir almal sou wees tot die volgende rysoes.

Hierteenoor meen Pretorius (1989:247) dat die "familie"-tradisie ontstaan het omdat mense verplig was om in harmonie op die klein grondgebied van Japan te kon saamleef. Om so te kon leef moes daar 'n streng gedragskode wees waarvolgens almal moes optree. Hierdie oplossing verklaar die verskynsel dat die hoofinhoud van die kurrikulum van die skole tot 1853 die aanleer van 'n gedragskode was eerder as die aanleer van akademiese inhoud.

Die Japannees beskik oor die besondere vermoë om "vreemde" kulture aan te neem en te verwerk om sy eie kultuur te verryk as hy voel dat sy eie kultuur verarm het, soos met die Taika-kode die geval was toe van die Chinese kultuur geleen is (645 n.C.). Eeue later, in 1853, het Japan weer die meer gesofistikeerde kultuur van die Weste aangeneem, toe hy gevoel het dat dit noodsaaklik was vir sy voortbestaan.

Die vermoë van die Japannees om hard te werk en om aan te hou worstel met 'n probleem totdat dit opgelos is (Kennedy, 1935:20 en Vogel, 1978:39), het baie bygedra tot die sukses van hulle pogings tot hernuwing. Vogel (1978:39) beskryf hierdie eienskap van probleemoplossing as die "versmoring" van 'n probleem.

'n "Vreemde" eienskap van die Japannees, vir die Westerling, is die uitleef van sy lewensfilosofie van onbevreesdheid vir die dood. Dit het ontstaan as gevolg van die filosofie van Shinto (die Japannese godsdiens) wat geleer het dat die gestorwene nie "weggaan" nie, maar slegs in 'n onsienlike gedaante tussen die lewendes rondbeweeg.

Dié vreesloosheid in die aangesig van die dood het aanleiding gegee tot groot dapperheid op die slagveld.

Nieteenstaande die baie definitiewe reëls waarvolgens die Japannees optree om in harmonie te kan lewe, kom daar in teenstelling hiermee die eienaardigheid voor dat die Japannees hom nie begewe in diepgaande filosofiese redenasies nie (Okakura, s.a.:34;35). Dié houding moes bygedra het tot die periodieke aanvaarding van ander, en baie vreemde kulture, soos die kulture van China en later die kulture van die Weste.

Kennedy (1935:20) beskryf die karakter van die Japannees as "...simple-living..., courageous..., patriotic, ...an asset to any country."

### 2.2.4 Die historiese gebeure vanaf die mitologiese tydperk tot 1853

#### 2.2.4.1 Inleiding

Die belangrikste kenmerk van die geskiedenis van Japan is dat hy bereid is om op sekere tye sy hele samelewing te verander en te moderniseer soos die geval was met die Taika-kode in 645. Meer as 'n duisend jaar later het die bevolking in 1853 nogeens besef dat slegs vernuwing die land van ondergang kon red, en hulle het weer 'n drastiese vernuwingsprogram aangepak.

#### 2.2.4.2 Die herkoms van die Japannese

Marco Polo se reisbeskrywing van 1295 was die eerste inligting aangaande Japan wat by die Westerlinge uitgekom het. Die vroeë geskiedenis van Japan lê opgesluit in die mistieke verlede in die oorlewerings van baie geslagte. Dié mites beweer dat die songodin, Amaterasoe, haar kleinseun na die Japannese eilande gestuur het om daar te regeer tot in ewigheid (Okakura, s.a.:28; Saito, 1912:7 en Wolken, 1983:2).

Amaterasoe se kleinseun, keiser Jimmoe, het volgens legende, op die strande van Kyoeshoe neergedaal en Japan verenig in een ryk. Om dié rede word hy beskou as die stigter van die Imperiale Ryk van Japan (Okakura, s.a.:20,21; Saito, 1912:8; Byas, 1944:4; Reischauer, 1964:1 en Wolken, 1983:2). Volgens oorlewering het hy die troon bestyg op 11 Februarie, 660 v.C. [Indien dié datum betroubaar is, is dit 'n eeu voordat Confucius en Buddha geleef het en 500 jaar voor Christus se omwandelinge op aarde (Murray, 1894:56; Hearn, 1907:28; Saito, 1912:10; Porter, 1918:2 en Wolken, 1983:2).]

Nieteenstaande hierdie verhaal was Japan egter nooit werklik 'n verenigde staat vóór die Meiji-periode (1853) nie.

Vanaf hierdie tyd tot met keiser Mutshihito se troonsbestyging in 1867 was die regering oënskynlik onder leiding van die keiser. In werklikheid is die regering waargeneem deur die invloedrykste familie. In teorie het die regering bestaan uit die keiser as hoof van die regering, bygestaan deur 'n shogun uit die regerende familie. [Shogun beteken volgens die Shorter Oxford Dictionary (1978:1978): "The hereditary commander-in-chief of the Japanese army, until 1867 the virtual ruler of Japan"].

### 2.2.4.3 Die vroegste betrekkinge met China en Korea

Baie vroeg in die geskiedenis van Japan is kennis gemaak met China en Korea. Betrekkinge met Korea het in 33 v.C. begin en met China teen ongeveer 607 n.C. (Longford, 1910:50; Saito, 1912:17,18 en Dorfman, 1987:1). Die ontmoeting met die beskawing van China het aanleiding gegee tot die opstel en aanvaarding van die Taika-kode in ongeveer 645 n.C. (Kikuchi, 1909:12; Gubbins, 1920:3 en Reischauer, 1970:21). Taika beteken "groot verandering" (Kidder, 1972:19). Na aanleiding van hierdie kode is die hele struktuur van die Japannese samelewing verander en op basis van die Chinese vorm geherorganiseer (Murray, 1894:111; Longford, 1910:69; Saito, 1912:21; Porter, 1918:5 en Byas, 1944:6). Die invloed van die Chinese kultuur op dié van Japan word deur Chamberlain (1912:11) beskryf as "...stained through and through with a Chinese dye". Die Japannese is dus in 'n sin "gewoond" aan groot veranderinge in die kultuur.

### 2.2.4.4 Die regering van die Fugiwara-familie

Tussen die jare 800 tot 1192 n.C. was die Fugiwara-familie die regeerders. Hierdie familie het dié posisie bereik deur die keiser by te staan in die stryd om die Taika-kode toegepas te kry. Die titel van Shogun is aan die hoof van die familie gegee as beloning vir hulle ondersteuning in bogeneomde stryd (Murray, 1894:125,128 en James, 1951:59, 64,65). Gedurende die bewind van die Fugiwara het die adel die intriges aan die hof vermy deur na die platteland te vlug en sodoende het 'n feodale stelsel in Japan ontwikkel (Saito, 1912:61; James, 1951:62 en Wolken, 1983:4).

Die oorheersing van die Fuguwara-familie het ongeveer 400 jaar lank geduur en die invloed was so sterk dat elke keiser verplig was om 'n regent uit dié familie te aanvaar (Saito, 1912:58). Die keiser was ook gewoonlik minderjarig en het weinig belang by die regering van die land gehad. Sodra hy begin het om in regeringsake in te meng

is hy gedwing om te abdikeer sodat daar weer 'n minderjarige keiser met sy regent gekies kon word (Hearn, 1907:298; James, 1951:64 en Reischauer, 1970:41).

#### 2.2.4.5 Die jare van die strydende families

Teen 1192 was die magtigste families die Taira- en Minamoto-families. Hulle het die politieke mag verkry as gevolg van hulle ondersteuning van die keiser in die stryd teen die Boeddhiste. Op hierdie stadium het die Boeddhiste ook toegetree tot die magstryd om die heerskappy van Japan (Saito, 1912:73; Reischauer, 1970:47 en Wolken, 1983:4). Omdat die families ewe veel politieke invloed gehad het, het dit aanleiding gegee tot 'n gewapende stryd waaruit die Minamoto-familie as die oorwinnaars getree het (Hearn, 1907:293; Porter, 1918:13; en Reischauer, 1970:48).

In 1198 het die regering van Japan beland in die hande van die Hojo-familie deur middel van huwelike wat aangegaan is (Hearn, 1907:294 en Kikuchi, 1909:20). Dit was gedurende dié tydperk dat die Kublai Kahn Japan probeer aanval het vanuit China (1281). Omdat 'n tifoon die Kahn se aanval laat misluk het, het die Japannese geglo dat die gode 'n "Divine Wind" of Kamikaze gestuur het om hulle te red uit die hand van die Kahn en dit het hulle geloof versterk dat hulle 'n uitverkore volk is (Okakura, s.a.:61,62,63; Saito, 1912:91,92; en Reischauer, 1964:64,65).

Die Hojo-familie het regeer tot ongeveer die 14de eeu. Op daardie tydstip was die stryd so hewig dat daar teen 1350 twee keisers in Japan was (Murray, 1894:159,161; Hearn, 1907:29 en Kikuchi, 1909:25; 1918:26). Dié verdeeldheid is uiteindelik beëindig deur Nobunaga en sy opvolgers Hideyoshi en Iyeyasu, hoofde van die Huis van Tokugawa. [Hierdie gebeure het plaasgevind gedurende die regeringstydperk van koningin Elizabeth in Engeland tussen 1533 en 1603 (Murray, 1894:193; Gubbins, 1920:9 en James, 1951:37,89).]

#### 2.2.4.6 Die ontstaan van die Bakufu

Die Huis van Tokugawa het 'n regeringstelsel ontwerp wat bekend gestaan het as die Bakufu. Dit was 'n regering deur die adel, onder leiding van die shogun. Die shogun was weer oënskynlik onderhorig aan die keiser. Die Bakufu het in 1636 doelbewus besluit dat hulle alle bande met die buiteland wou verbreek om te verhoed dat die land weer in chaos sou verval. Deur hierdie optrede het Japan die fenominale ontwikkeling van die Renaissance in Europa (14de tot 16de eeue) en die gevolge daarvan ontbeer en was sy kultuur daardeur verarm.

Na ongeveer 'n eeu van voortdurende burgeroorlog in Japan het die Bakufu met sy bewindsoorname politieke stabilitieit in Japan beoog. Dit was bereik en vir 250 jaar lank gehandhaaf deur die rigiede beleid van isolasie wat deur die Bakufu gevolg is (Sansom, 1950:181 en Reischauer, 1970:80). Hierdie beleid was sy behoud, maar ook sy ondergang. Daar was 'n tydperk van rus en vrede nodig na byna 'n eeu van oorlog, maar die algehele afsluiting van enige aanraking met ander kulture het juis die ontwikkeling wat nodig was, gestrem en gelei tot die ondergang van die Bakufu.

#### 2.2.4.7 Slot

Toe die bevolking teen die middel van die 19de eeu 'n sekere punt van gesofistikeerdheid bereik het, het hulle egter bewus geword van die inherente swakheid van die beleid van isolasie en wou hulle ten alle koste van die Bakufu ontslae raak. Hierdie bewuswording het die Meiji-Periode ingelei (Murray, 1894:244; Porter, 1918:68 en James, 1951:91).

### 2.2.5 Die samestelling van die regering

Uit die oorleweringe blyk dit dat die vroegste regeringsvorm van Japan ingestel was op die stamstelsel (Murray, 1894:82). Die groot grondeienaars het in werklikheid die politieke mag besit eerder as die sentrale regering omdat die boere op die plase afhanklik was van die grondeienaars vir 'n heenkome (Saito, 1912:34 en James, 1951:59).

Na die aanvaarding van die Taika-kode in 645 n.C. is die hele regeringstelsel hervorm op basis van die Chinese model. Volgens die Taika-kode was daar 'n sentrale regering, gevorm deur 'n opperraad wat bygestaan is deur 'n eerste minister en agt ander ministers, almal uit die adel. Die land is verdeel in provinsies wat geadministreer is deur amptenare van die sentrale regering. Die magte van dié amptenare het geleidelik oorgegaan in die hande van die adellike militêre bevelhebbers of diamyo op die landgoedere. Hierdie diamyo was verantwoordelik aan die shogun en nie aan die ministers nie. Op dié manier het die shogun die mag van die sentrale regering ondermyn (Murray, 1894:113; Gubbins, 1920:3; Reischauer, 1970:22 tot 25 en Moulder, 1977:71). Die keiser het geen politieke mag besit nie, en sy posisie kan vergelyk word met dié van die hedendaagse pous: groot aansien en geen politieke mag nie (Beasley, 1973:13).

Hierdie toestand het voortgeduur tot in die 16de eeu toe die Tokugawa-familie die oorhand gekry het en hulle 'n nuwe regeringsvorm, die Bakufu (1600-1853), georganiseer het. Amptelik was die keiser nog die staatshoof, en hy was nog steeds met eerbied bejeën, en was nog steeds opgesluit in sy paleis (Beasley, 1973:15). Die werklike

regeerder was egter die shogun, bygestaan deur 'n Raad van State. Die Raad het weer ondersteuning van 'n Junior Raad gehad. 'n Sensorraad moes op hulle beurt toesighou oor die optrede van die burgemeesters en goewerneurs van die dorpe en state. Die finansies van die land sou beheer word deur 'n Finansiële Kommissie (Moulder, 1977:72).

### 2.2.6 Die ontwikkeling van die ekonomie tot 1853

#### 2.2.6.1 Toestande op die platteland

Japan was, vandat daar enige inligting oor hom bestaan, tot met die Bakufu-periode, landboukundig ingerig (Beasley, 1973:41). Met die vele oorloë voor 1600 (vergelyk paragraaf 2.2.4) het die ekonomie ontwikkel tot 'n feodale stelsel omdat daar groot grondbesitters was, met talle boere wat op die landerye vir hulle gewerk het. Die adel, wat verplig was om aan die hof te bly vir lang periodes, was ekonomies afhanklik van die platteland (Saito, 1951:148; James, 1951:67 en Moulder, 1977:76). Omdat die groot grondbesitters geveg het om moontlik die heersende familie te word, moes hulle groot leërs van samoerai aanhou en onderhou en ook húlle toewysings moes uit die opbrengste van die plase kom alhoewel die samoerai dáár egter geen insette gelewer het nie (James, 1951:67 en Beasley, 1973:41). Met ander woorde: die platteland het in werklikheid die ekonomie van die land gedra.

Die belastingstelsel was gebaseer op die rysopbrengs, wat beteken het dat slegs die boer belasting betaal het. Dit het ontevredenheid onder die boeregemeenskap veroorsaak, soos gesien kan word uit die opstande wat uiteindelik op die platteland plaasgevind het tussen die jare 1813 en 1868 (Beasley, 1973:57).

#### 2.2.6.2 Die ontstaan van dorpe en stede

Die samoerai, as soldate van die verskillende families, was verplig om vanaf die 15de eeu in vestings saam te woon (Moulder, 1977:760). In die militêre vestings kon hulle niks vir hulleself produseer nie en was hulle afhanklik van die opbrengste van die plase. Die adel, wat 'n verpligting gehad het om voortdurend aan die hof teenwoordig te wees, het ook in 'n groot groep saamgewoon. Dié twee verskynsels het aanleiding gegee tot die ontstaan van stede. Omdat die groot groepe mense wat saamgewoon het, nie in hulle eie lewensmiddele kon voorsien nie, moes die platteland dit voorsien. So het die boerdery geleidelik 'n ander karakter begin aanneem, naamlik dié van produseer vir wins, en nie slegs om aan die eie lewensmiddele te voorsien nie (Saito, 1912:148; James, 1951:67 en Beasley, 1973:17,42).

Die ontwikkeling van die handeldryf met plaasprodukte in die stede het ook nog ander nuwe verskynsels voortgebring, naamlik dat daar byvoorbeeld plekke moes wees waar die handelsware aan die kopers gebied moes word. Produkte moes vervoer word van die plase af na die stede en daar was ook 'n behoefte aan 'n instelling soos 'n bank om die muntstukke, wat toe reeds gebruik is, te hanteer. Die dorpe en stede het meer as net politieke vestings geword, dit was nou gemeenskappe wat die ekonomie beïnvloed het (Beasley, 1973:42,45 en Bellah, 1985:26,29)

**2.2.6.3 Die ontwikkeling van industrieë**

Toe die Bakufu aan bewind gekom het, het hulle landbou aangemoedig, want die ekonomie was baie swak ná die eeu van burgeroorlog (Saito, 1912:10; Byas, 1944:290 en Hearn, 1907:299). In die stede is die behoeftes ook nie meer bevredig deur onverwerkte produkte nie en daarom was daar groepe welgestelde boere wat industrieë begin het. So is begin met die vervaardiging van Saki uit rys en talryke tekstielfabieke is gestig om sy te verwerk (Saito, 1912:170; Beasley, 1973:43 en Bellah, 1985:26).

**2.2.6.4 Die veranderende sosiale samestelling**

Die bevoorregte en bewonderde samoerai se sosiale posisie het geleidelik verswak en hulle het nou (teen 1853) in 'n finansiële penarie verkeer, want as die rysoes swak was, is hulle toewysings eerste verminder omdat hulle geen ekonomiese bydrae gelewer het nie. Hulle het 'n nuttelose lewe gelei omdat hulle nie meer geveg het nie, nooit iets geproduseer het nie, en uiteindelik het hulle slegs vir plesier geleef. Daarteenoor het die handelaars gefloreer as gevolg van die groeiende handel in die stede (vergelyk paragraaf 2.2.6.2). Ontevredenheid het onder die handelaars ontstaan omdat hulle 'n vernederende sosiale posisie beklee het, hoewel hulle ekonomies sterk was. Hulle ontevredenheid is verder aangesteek omdat hulle dikwels verplig was om die skulde van die verarmde samoerai af te skryf (Sansom, 1950:240 en Bellah, 1985:28). Dit het van die handelaars geswore vyande van die Bakufu gemaak en sterk voorstanders vir 'n politieke verandering (Sansom, 1950:197; Passin, 1965:30; Reischauer, 1970:100; Duus, 1976:55 en Moulder, 1977:13).

**2.2.6.5 Handel met die buiteland**

Korea (vanaf die 3de eeu) en China (vanaf die 6de eeu) was lank reeds die handelsvennote van Japan omdat hulle binne mekaar se bereik was. Japan het byvoorbeeld papierprodukte, soos sambrele en waaiers, uitgevoer. Die isolasiebeleid van die Bakufu van 1600 af

kon ook nie sonder uitsondering toegepas word nie en handel is in Nagasaki met die Portugese vanaf 1541 en die Hollanders vanaf 1609 toegelaat. As gevolg hiervan was daar tog voortdurende kontak met die Weste (Kikuchi, 1909:28; Saito, 1912:162 en Sansom, 1950:198).

### 2.2.6.6 Die swak finansiële bestuur

Nieteenstaande die florerende handel met die buiteland was Japan baie verarm deur die aanhoudende onderlinge oorloë tussen die families (Saito, 1912:10; Byas, 1944:290 en Hearn, 1907:299). Toestande was so erg dat toe die 102de keiser gesterf het, was hy 40 dae na sy dood nog nie begrawe nie omdat daar nie geld vir die begrafnis was nie (Hearn, 1907:299). Toe die Bakufu aan bewind gekom (1600) en vrede bewerkstellig het, het die ekonomie van die land verbeter omdat byvoorbeeld landbou aangemoedig is, druiwe aangeplant is en tekstielfabrieke opgerig is (Saito, 1912:170).

Die verskynsel wat die bankrotskap van die Bakufu meegebring het na 'n oënskynlike ekonomiese oplewing, was die belastingstelsel. Die belastingstelsel was gebaseer op die rysopbrengs van die plase (Beasley, 1973:41 en Moulder, 1977:78). Dié reëling het al hoe meer ondoeltreffend geword, want die boere het geleidelik meer as een produk verbou en sommige het selfs 'n tuisindustrie bedryf (Beasley, 1973:52). 'n Tweede rede waarom die skatkis van die Bakufu leeg was, was omdat hy nie 'n metode kon formuleer waarvolgens hy die handelaars kon belas nie (Beasley, 1973:52). Met ander woorde; die enigste staatsinkomste was die opgelegde belastings op die rysopbrengs, nieteenstaande die ander suksesvolle ekonomiese bedrywighede in die land.

### 2.2.7 Die uitwerking van die ontmoeting met China op die kultuur van Japan

Die ontmoeting met China het via Korea in die 6de eeu plaasgevind (Hearn, 1907:204,263; Kikuchi, 1909:12; Saito, 1912:26,42 en Sansom, 1950:107). Korea moes in die 4de eeu aan Japan 'n jaarlikse oorlogskuld betaal en daar is op 'n keer 'n Chineessprekende gesant gestuur met die paaiement. As gevolg van die Japannese se belangstelling in Chinees het Korea die daaropvolgende jaar 'n Chinees met die paaiement gestuur. Die Chinees het van die geskrifte van Confucius saam met hom geneem na Japan en so het die sterk en voortdurende invloed van Confucius via die kultuur van China op Japan begin.

Die eerste offisiële aanraking met China het eers in 607 n.C. plaasgevind deur middel van 'n brief van die regent in Japan aan die Chinese keiser (Saito, 1912:31; James,

1951:59 en Reischauer, 1970:73). Die gevolg van die brief was dat daar 'n ambassadeur aangestel is en dat 'n uitgesoekte groep studente die ambassadeur vergesel het na China.

Hierdie ontmoeting met die kultuur van China het plaasgevind tydens die bewind van die T'ang-dinastie wat beskou word as die hoogtepunt in die Chinese kultuur (Saito, 1912:30; Porter, 1918:6; Gubbins: 1920:3; Reischauer, 1970:18 en Wolken, 1983:2). Die Japannese het baie vinnig onder die invloed van die meerdere kultuur gekom en hulle hele samelewing herorganiseer op die grondslag van die Chinese stelsel in die vorm van die Taika-kode (Kikuchi, 1909:12; Porter, 1918:5; Gubbins, 1920:3; Reischauer, 1970:21; Pretorius, 1989:249). Vir die Chinese was onderwys baie belangrik, daarom het die onderwysbepalings van die Taika-kode in Japan 32 hoofstukke van die kode beslaan.

### 2.2.8 Die Samoerai

Die samoeraiklas het ontstaan in die jare toe daar voortdurende burgeroorlog in Japan geheers het (16de eeu). As gevolg van die voortdurende stryd om heerskappy was die families verplig om leërs aan te hou. Dié leërs het bestaan uit opgeleide soldate, genoem samoerai. Terwyl die adel aan die hof allerlei intriges uitgedink het om aan bewind te kom, moes hierdie leërs die vegwerk doen om die intriges te laat slaag (Okakura, s.a.:46; Sansom, 1950:184; Reischauer, 1970:45 en Wolken, 1983:4).

Die samoerai was die ridder-soldate, wat volgens die Boeshidoe geleef het. Die Boeshido het hulle lewenswyse so gerig dat elke Japannees daarna gestreef het om ook so te kan leef. Dié groep het teen die einde van die 16de eeu slegs 6% van die bevolking uitgemaak, maar as gevolg van die uitleef van die besondere beginsels van die Boeshidoe het hulle 'n geweldige invloed uitgeoefen op die bevolking as geheel (Bernstein, 1981:12). So groot was dié invloed dat selfs die kultuur van die 16de en 17de eeue verander het van vermaaklikheid vir die dames aan die hof na 'n kultuur wat dapperheid en oorlog besing het en mense aangespoor het tot heldedade (Reischauer, 1970:55).

Die filosofie van die Boeshidoe was geformuleer uit die beginsels van Shinto, Boeddhisme en Confucianisme. Van Shinto is geneem die beginsels van lojaliteit, bewondering en eerbied vir die familie asook onderdanigheid aan gesag. Boeddhisme het die kalmte in doodsgevaar, aanvaarding van die dood en onverskilligheid teenoor die lewe bygedra terwyl Confucianisme die strewe na karaktergroei as gevolg van kennis as prioriteit gestel het vir die samoerai (Myers, 1963:147).

Die opleiding van die samoerai-kryger het reeds tuis begin waar hy aanvaarbare optrede teenoor ander moes aanleer en ook moes leer om nie deur moeilike omstandighede oorweldig te word nie (Saito, 1912:151; Ter Veen, 1948:203 en Passin, 1965:22). Sy hoogste plig was teenoor sy heer. As sy heer se bevele gebots het met die beginsels van Boeshidoe, was hy verplig om selfmoord te pleeg, want daar het geen ander eerbare uitweg bestaan nie (Saito, 1912:153;154).

Lees en skryf was 'n belangrike komponent van die opleiding van die samoerai-krygsman. Daarnaas moes hy leer om met die pyl en boog te skiet, te skerm, perd te ry, jujitsu bemeester ["...the Japanese system of self-defence without weapons" (The Shorter Oxford Dictionary Vol 1 :1978:1141)] en te kan swem (Murray, 1894:284; Kikuchi, 1909:34; Stone, 1966/67:103 en Dorfman, 1987:1). Hierdie opleiding was verpligtend vir die samoerai en is deur die staat ingestel en ondersteun.

Die rol van die samoerai het begin verdwyn met die bewindsoorname van die Bakufu teen 1600. Nou was daar nie meer voortdurende oorloë nie, want die Tokugawa-familie het as oorwinnaars uit die stryd getree. Die hele beginsel waarop die klas van die samoerai geskep is, het dus verdwyn. Die samoerai het nou 'n doellose bestaan gevoer en het ekonomiese druk op die reeds verarmde platteland uitgeoefen omdat hulle onderhou moes word deur hulle meesters, die boere. Hierdie geletterde groep het die toestand onaanvaarbaar gevind en het geleidelik vir hulleself 'n nuwe plek in die samelewing verkry. Dit kón, en hét hulle gedoen deur van hulle akademiese opleiding gebruik te maak en die administrasie, handel en onderwys van die land oor te neem en te behartig in die Meiji-periode (Okakura, s.a.:77 en Duus, 1976:51).

### 2.2.9 Die betekenis van die verskillende godsdienste vir die ontwikkeling van die kultuur van Japan

#### 2.2.9.1 Shinto

James (1951:32) noem Shinto "the essence of the Japanese spirit" omdat hierdie filosofie ontwikkel het uit die vermenging van die legendes wat ontstaan het rondom die herkoms van die Japannese volk. Shinto bestaan uit drie fases. Die eerste fase het te doen met die familie, want die voorvaders van die familie moet gereeld vereer word omdat hulle oor die welstand van die lewende familielede waak (Hearn, 1907:27,28 en Byas, 1944:5). In die tweede fase word die hele gemeenskap ingesluit, want hier word 'n gemeenskaplike voorvader vereer (Hearn, 1907:92;94). In die derde fase van Shinto is die hele bevolking ingesluit want hier gaan dit om die verering van die keiser, die kleinseun van die

songodin, en staatshoof van Japan (Okakura, s.a.:31:66; Chamberlain, 1912:15; Byas, 1944:5 en Wolken, 1983:2). Hierdie gedagte word weerspieël in die simboliek van die Japannese vlag wat bestaan uit 'n rooi kol op 'n wit agtergrond. Net soos die son die middelpunt van die heelal is, so is die keiser die middelpunt van die lewe van die Japannees (James,1951:50).

### 2.2.9.2 Confucianisme

Dié filosofie het in Japan beland as gevolg van die bestudering van Chinees (vergelyk paragraaf 2.2.4), want die Chinese klassieke werke wat gelees is, was die boeke van Confucius. Omdat Confucius eerder 'n rustige hede wou skep het hy ook, net soos Shinto, geen teorie oor 'n hiernamaals verkondig nie. Verder het hierdie filosofie ook verkondig dat die mens altyd deel is van 'n groep (Hackman, 1952:51) en dit het aangesluit by die filosofie van Shinto, wat altyd die mens in 'n groep hanteer het.

Omdat die mens altyd in 'n gemeenskap optree, is hy verplig om sy medemens voortdurend in ag te neem. Dié beginsel noem Confucius "li", of "the order of things" (Lin, 1938:13;205-209 ). Om altyd in harmonie met die medemens te wees, moet die mens homself probeer verbeter, en die enigste manier waarop die mens dit kan doen is deur homself te leer ken deur studie (Hackman, 1952:48 en Kaizuka, 1956:99). Hierdeur kan elke mens die goeie in sy eie lewe soek en dit dan ontwikkel (Lin, 1938:1;2;3;4 en Doeblin, 1945:12).

Confucius het met dié doel voor oë noukeurige reëls opgestel oor die optrede van mense sodat elke lid van die samelewing sou weet hoe om op te tree in elke situasie. Die gevolg hiervan sou dan 'n harmonieuse samelewing wees. Vir die aanleer hiervan kon die onderwys gebruik word sodat elke kind van jongsaf presies sou weet waar sy plek in die samelewing is.

### 2.2.9.3 Boeddhisme

In die 6de eeu na Christus (552) het Boeddhisme via Korea bekend geword in Japan. Die Koreaanse regering het 'n jaarlikse oorlogskuld aan Japan betaal en het op een stadium 'n brons beeld van Boeddha en 'n paar sutras ('n "sutra" is 'n paar reëls met betrekking tot die taal, wetenskap of filosofie en kommentare daaroor) na Japan gestuur as geskenk saam met die paaiement van die oorlogskuld (Kikuchi, 1909:12; Saito, 1912: 27 en Kidder, 1972:15).

Waar Shinto die voorvaders aanbid en geëer het, het Boeddhisme reïnkarnasie (onder andere wedergeboorte in 'n nuwe liggaam) verkondig in teenstelling met Shinto, wat verkondig dat die mens nie sy tuiste verlaat as hy sterf nie. Om dié rede het Boeddhisme eers na drie eeue aanhangers in Japan gekry veral nadat die Boeddhiste hulle filosofie gewysig het om aan te pas by Shinto. Boeddhisme het toe verkondig dat die gestorwenes wel voortleef, maar dat hulle uiteindelik tog in die kringloop van reïnkarnasie beland (Hearn, 1909:210 en Reischauer, 1970:59).

Boeddhisme het, soos die kultuur van China vroeër, die kultuur van Japan verryk, maar op 'n indirekte manier, naamlik deur middel van die onderwys (Hearn, 1907:222). Dié toestand het ontstaan omdat die Bakufu (1600-1853) slegs verantwoordelikheid vir die onderwys van die samoerai aanvaar het. Omdat die res van die bevolking onderwys as noodsaaklik beskou het, het hulle waar moontlik die kloosterskole van die Boeddhiste gebruik. Die kloosterskole was ingestel om onderrig aan voornemende monnikke te verskaf, maar enige persoon is toegelaat om die klasse by te woon. Die Boeddhiste het met ander woorde die Japannese bevolking geletterd gehou, sodat die bevolking aan die einde van die Bakufu-periode meer as 50% geletterd was.

#### 2.2.9.4 Die Christelike geloof

Die Christelike geloof het gedurende die regering van Oda Nabunaga (ongeveer 1500 n.C.) tot Japan gekom (Murray, 1894:187 en James, 1951:36;86). In sy stryd om Japan te verenig en die vegtende families te oorwin, moes Nabunaga ook die mag van die Boeddhiste priesters verbreek, want hulle was ook betrokke in die magstryd om die oorheersing van Japan. Omdat die Christene hulle aan Nabunaga se kant geskaar het in die stryd teen die Boeddhiste, is Christensendelinge in Japan toegelaat as beloning.

'n Verandering in hierdie toegeeflike houding het egter ingetree as gevolg van die Christensendelinge se latere optrede met die Shimabara-opstand in 1637 toe die Christene saamgespan het met die vyande van die Bakufu om die regering omver te werp. Die Christene se optrede in Suid-Amerika en die res van Asië het Christenskap onaanvaarbaar gemaak vir die Bakufu, en hulle juis laat besluit om hulle te isoleer van die Weste. Die indruk wat geleidelik deur die Christene gelaat was, was van verwoesting en onderdrukking en dit wou die Bakufu nie in Japan toelaat nie (Murray, 1894:216; Kikuchi, 1909:29; Porter, 1918:68 en James, 1951:91).

Die enigste invloed wat die Christendom dus op die kultuur van Japan tot 1853 gehad het, was negatief in die sin dat dit meegehelp het om Japan af te sluit van die wonderlike Renaissance-periode in Europa (1400-1600) en Japan is daardeur kultureel verarm gelaat.

### 2.2.10 Die onderwys van Japan tot 1853

#### 2.2.10.1 Inleiding

Die kultuur van 'n volk word deur sy onderwys oorgedra, soos King (1986:73) dit stel: "...all societies - even the apparently primitive or traditional - are preoccupied with education, continuously and on a wide front. They wish to maintain and strengthen their own identity in its internal and contemporary all-roundness". Daarom is die onderwys die verskynsel waarin die kultuur beslag kry. Om dié rede sal die faktore wat die ontwikkeling van die kultuur rig, meewerk om die onderwys te vorm.

In Japan het onderwys 'n lang geskiedenis: "...education in Japan today is a legacy of ideas whose origins long predate the century of modern Japanese history" (Dorfman, 1987:1). In die praktyk is die regeringsbeleid die verskynsel wat die onderwys rig omdat hy beheer uitoefen oor die talle verskynsels wat die onderwys raak, soos byvoorbeeld die samestelling en beheer van die onderwys (Van Schalkwyk, 1981:98 en Barnard, 1985:189).

#### 2.2.10.2 Die onderwysreëlings tot 1853

Volgens die Taika-kode van 645 (vergelyk paragraaf 2.2.7) het daar skole en 'n universiteit bestaan ná 645, maar slegs die adel is hier opgevoed. Die res van die bevolking moes omsien na hulle eie onderwys. Toe die Bakufu aan bewind gekom het, het slegs een reëling verander en dit was dat die Bakufu verantwoordelikheid vir die onderwys van die samoerai aanvaar het omdat hulle die soldate van die land was en ook omdat hulle die administrasie van die groot plase moes behartig. Omdat die bevolking sy kinders geletterd wou hê is die Boeddhiste toegelaat om die opvoeding van die res van die bevolking waar te neem (vergelyk paragraaf 2.2.9.3). Dit het beteken dat die regering vir 250 jaar weinig aandag aan die onderwys gegee het nadat die kurrikulum vir die samoerai vasgestel is.

#### 2.2.10.3 Onderwys

Die doel van die Japannese onderwys van Japan tot 1853 was die ontwikkeling van die karakter van die mens (Dorfman, 1987:3). Dié beginsel dateer uit die dae van die

Taika-kode (645). Die doelstelling van die onderwys van die Taika-kode was "...virtue, not usefulness ... (to) rectify the heart" (Dore, 1965:37). Hierdie doelstelling van die Chinese onderwys, wat invloed op Japan se onderwys uitgeoefen het via die Taika-kode, het die filosofie van Confucius weerspieël en Confucius se invloed tot met die Meiji-periode laat voortduur.

Boeddhistiese onderwys was eerstens om priesters op te lei, maar ook hulle het "moral and mental training" hiervoor aangewend (Pollak, 1983:4), net soos die filosofie van Confucius voorgeskryf het; dus was daar geen botsing in die onderwysdoelstelling van die staatsonderwys vir die samoerai en die Boeddhistiese onderwys van die res van die bevolking nie.

Aanvanklik was die onderwys hoofsaaklik georganiseer vir die opleiding van bekwame staatsamptenare en later vir die samoerai, maar een van die doelstellings van die onderwys van die kloosterskole was die opleiding van volwassenes vir bepaalde beroepe (Pollak, 1983:19).

Wetgewing oor onderwys het niemand uitgesluit van onderwys nie, nie eers dogters nie (Myers, 1963:140; Jansen, 1965:100 en Reischauer, 1970:103). Dit was die positiewe aandeel wat die regering aan die onderwys van die land gehad het tot 1853.

#### 2.2.10.4 Kurrikulum

Onder invloed van die Chinese en Confucius was karaktervorming die hoofinhoud van die onderwys. Die mens moes weet hoe om teenoor ander op te tree en daarom was etiket 'n belangrike deel van die opvoeding. Daarnaas was die vermoë om te kan lees en skryf die prioriteit van die onderwys. Die mens wat kon lees en skryf, kon byvoorbeeld doeltreffend in die staatsdiens aangewend word.

Die kurrikulum van die samoerai het ingesluit Chinese letterkunde, militêre kunste, medisyne, wiskunde, natuurwetenskappe, die kunste en spele soos skaak. Die skole van die gewone burgers het lees, skryf en reken aan die leerlinge geleer. Die samoerai het nie veel aandag aan gewone reken gegee nie omdat hulle dit as net goed genoeg vir handelaars beskou het (Passin, 1967:20). Die kurrikulum van die kloosterskole het ingesluit die "sutras", grammatika, kunsvlyt, kuns, medisyne, logika en "innerlike" wetenskap.

In die kloosters is ook beroepsopleiding gedoen. Ambagte soos weefwerk, spin en selfs die bestudering van medisyne (Pollak, 1983:13) is in dié skole geleer. Ander beroepe is deur die vakmanne tuis aan vakleerlinge aangebied.

### 2.2.10.5 Onderwysmetodes

Die Japannese onderwys het die eienaardige kenmerk gedra dat die onderwys individueel plaasgevind het, alhoewel die Japannees 'n groepsmens is. Die samoerai moes byvoorbeeld individueel leer veg en so moes elke ander leerling die voorgeskrewe werk individueel voordra nadat hy dit alleen geleer het.

Die onderwysmetode het uit vier fases bestaan. Eerstens is die voorgeskrewe werk aan die leerlinge voorgedra deur die onderwysers. Die opdrag aan die leerling was hierna om die werk te memoriseer. Daarna het die leerlinge die werkstuk alleen voorgedra aan die onderwyser en uiteindelik is die les afgesluit deur die onderwyser wat die betrokke werkstuk aan die leerlinge verduidelik het (Kikuchi, 1909:35; Pollak, 1983:21 en Passin, 1967:78;). In die kloosterskole is nie veel aandag aan skryf gegee nie omdat dit onaanvaarbaar was vir die Boeddhiste om die gewyde literatuur oor te skryf (Pollak, 1983:8).

### 2.2.10.6 Die Onderwysorganisasie

Die onderwysorganisasie het 32 hoofstukke van die Taika-kode beslaan (Dekker, 1989: 249). Hiervolgens moes daar in elke hoofstad 'n universiteit wees onder toesig van 'n spesiale buro. Die onderwys hier was gratis, maar daar was slegs vir 400 studente voorsiening gemaak. Dit het prakties beteken dat slegs die kinders van die adel die universiteit kon besoek. Die provinsiale skole was ook gratis, maar weer eens het slegs die hoogste sosiale klasse in aanmerking gekom. Die kinders het vanaf hulle 7de jaar begin skoolgaan en skooltyd was elke dag ongeveer 4 tot 5 uur lank. Daar was ook 'n hoogsontwikkelde vakleerlingstelsel in Japan. Hiervan kon 'n groot gedeelte tuis plaasvind en dieselfde opleiding is ook in die kloosters gedoen (vergelyk paragraaf 2.2.7).

Die Bakufu het vanaf 1600 slegs verantwoordlikheid aanvaar vir die onderwys van die samoerai. Nieteenstaande dié beleid het daar tog orals skole vir die gewone bevolking bestaan (Hall, 1949:213; Jansen, 1965:100 en Gaimushu, 1968:4,5). 'n Groot gedeelte van die leerlinge het die Boeddhiste- kloosterskole besoek. Dié kloosterskole was eintlik gestig om Boeddhiste-priesters op te lei, maar ander leerlinge is toegelaat om dit by te woon as hulle dit verkies het (vergelyk paragraaf 2.2.9.4). Die onderwys in die

skole was van hoogstaande aard, want selfs die samoerai het hulle akademiese opleiding daar afgesluit (Hearn, 1907:223). Die Boeddhiste het ook belanggestel in die opleiding van dogters en daar was skole vir dogters, waarskynlik onder die leiding van nonne (Pollak, 1983:17). By die wonings van die Japannese is daar ook onderrig gedoen deur die ouers en gehuurde onderwysers (Passin, 1967:22).

Die samoerai-seuns en -dogters se opleiding is tuis begin en die seuns s'n is dan in die skole voortgesit, terwyl die dogters se onderrig tuis voltooi is. Die seuns het dan, as hulle by die skool kom, geweet hoe om op te tree teenoor ander.

Daar was selfs 'n verskynsel soos 'n koshuis sodat die probleemleerlinge dopgehou kon word (Dore, 1965:99).

**2.2.10.7 Die onderwyser**

Die onderwyser is tot so 'n mate gerespekteer dat daar nie eers op sy skaduwee getrap is nie. Die rede hiervoor was dat hy die karakter van die kind moes vorm en dit was beskou as die belangrikste taak wat daar bestaan het (Ter Veen, 1948:453; Pollak, 1983:7 en Buzzelli, 1988:9). Die gewone onderwyser is nie op 'n gereelde basis beloon nie. Die leerling was veronderstel om by sy toetrede tot die skool 'n geskenk aan die onderwyser te maak en daarna moes hy twee maal per jaar geskenke aan die onderwyser bring (Dore, 1965:121 en Passin, 1965:33).

Baie van die "privaat"-skole het borge gehad uit die adel wat die skole onderhou het (Passin, 1967:33) en dan was daar ook skenkings deur welgestelde families wat die skole aan die gang gehou het. Die samoerai se skoolgeld is deur sy heer betaal, want hy was deur die staat verplig om skool te gaan (Dore, 1965:82,106). By die kloosterskole is vooraf 'n som geld betaal en verder is omgesien na die daaglikse behoeftes van die leermeester.

Afgesien van die leermeesters in die kloosterskole was daar ook rondreisende Boeddhiste-leermeesters wat gespesialiseer het in 'n bepaalde onderwerp en dan rondgereis het en daaroor gedebatteer het (Pollak, 1983:9).

**2.2.10.8 Dissipline**

Die onderwyser is toegelaat om te straf. Dit het verskillende vorme aangeneem. Dit kon lyfstraf wees, detensie na skool of die skoonmaak van die skoolgebou. Die leerlinge

kon selfs geskors word uit die skool of hulle kon tot hulle tuistes verban word vir 'n vasgestelde tyd (Dore, 1965:102 en Passin, 1965:33).

#### 2.2.10.9 Slot

Die regering se aandeel aan die geletterdheid van die bevolking was daarom op twee maniere positief. Eerstens het die regering baie deeglik gesorg vir die opvoeding van die samoerai sodat daar 'n geletterde groep mense was om die onderwys, administrasie en handel te laat vlot; en tweedens is onderwys van niemand weerhou nie. Teen 1829 was daar in Japan 89 skole in die provinsies, 26 skole vir gewone burgers, 42 skole waar die gewone burgers en die samoerai saam skoolgegaan het en 3050 tempelskole.

### 2.2.11 Die invloed wat die onderwys op die kultuur van ou Japan gehad het

#### 2.2.11.1 Inleiding

Dat Japan vroeg in sy bestaan reeds in onderwys belanggestel het, kan aanvaar word omdat die Taika-kode (645 n.C.) as "hervorming" beskryf word. Daar moet aangeneem word, dat die bevolking self onderwysbewus was want die regering het nooit onderwys verpligtend gemaak nie, en tog was die Japannese geletterd.

#### 2.2.11.2 Die onderwysdoelstellings van ou Japan

Die onderwysdoelstelling gedurende die tydperk tot 1853 was die ontwikkeling van die gees. Dit het tot gevolg gehad dat nuwe én vreemde kennis maklik geabsorbeer kon word, want die gees van die Japannees was ontvanklik daarvoor as gevolg van sy geletterdheid (Dore, 1965:110 en Buzzelli, 1988:11,12).

#### 2.2.11.3 Die invloed van China en Confucius

As gevolg van die Taika-kode van 645 (Myers, 1963:142 en Pollak, 1983:7) was die onderwys van Japan gebaseer op die onderwysbeginsels van China. Omdat die onderwys van China weer volgens die voorskrifte van Confucius plaasgevind het, was die Japannese onderwys sterk onder die invloed van Confucius.

Omdat algehele onderdanigheid by Confucius aangemoedig is, was dit nie vir die Japannees nodig om die bevolking van onderwys te ontneem nie. Die onderwys het juis aan elkeen sy plek in die samelewing aangedui (Dore, 1965:299). Dié onderdanigheid is deur die

Meiji-bewind gebruik om hulle oorname en hervormings sonder veel teenstand te laat geskied.

### 2.2.11.4 Die nalatenskap van algemene geletterdheid

Algemene geletterdheid, soos in Japan, bring mee dat daar empatie teenoor nuwighede en vreemdelinge geopenbaar word (Dore, 1965:296). Die vermoë om te lees het die Japannees in staat gestel om na te dink en onder andere te besef dat die regmatige plek van die keiser deur die shogun opgeëis is (Murray, 1894:286, Kikuchi, 1909:39, Saito, 1912:174 en Reischauer, 1970:90).

### 2.2.11.5 Denke aangewakker deur uitgebreide onderwysgeleenthede

Die "training of the mind" (Dore, 1965:110) het meegebring dat die bevolking van Japan politieke beginsels verstaan het. Hulle kon die swakhede van die ou stelsel bepaal en was gereed om 'n nuwe stelsel te eis, te aanvaar en vlot te laat verloop (Dore, 1965:11,112). Die gevolg van die algemene onderwys was dat daar 'n groot aantal opgeleide mense was wat gebruik kon word in die staatsdiens (Jansen, 1965:103; Reischauer, 1970:111 en Dore, 1965:103).

Die geleentheid wat die Bakufu gebied het om Hollandse geneeskunde en medisyne te kan bestudeer, het 'n groep kundiges geskep wat baie Westersgesind was, veral ten opsigte van onderwysidees (Saito, 1912:176). Met ander woorde: die "nuwe" onderwysidees van die Weste was nie so "nuut" in Japan met die aanbreek van die Meiji-periode nie.

### 2.2.11.6 Beloning vir prestasie

Leerlinge wat uitgeblink het, is beloon en dit het meegebring dat prestasie 'n maatstaf geword waaraan die mens gemeet is, nie meer afkoms nie. Die Bakufu het ook begin om salarisse vir poste vas te stel wat aanleiding gegee het tot wedywering om die beter besoldigde poste (Beasley, 1973:19).

### 2.2.11.7 Die opleiding van staatsamptenare

Omdat die onderwys tot 1853 baie sterk deur die Chinese beïnvloed was, was dit daarom aanvanklik gemik op die opleiding van staatsamptenare, selfs in die dae van

die samoerai. Dié toestand het meegebring dat slegs die beste akademici in die staatsdiens gebruik is en verder gebruik kon word.

#### 2.2.11.8 Slot

Sonder die tradisie van geletterdheid, onderwysers en gevestigde idees oor onderwys van die Bakufu-periode sou die onderwysprogram van die Meiji-periode nie so maklik op dreef kon kom of so vlot kon verloop nie (Jansen, 1965:104; Passin 1967:50 en Bernstein, 1981:11). 'n Algemene verskynsel in die vroeë geskiedenis van Japan was dat sy leiers verlig en dapper genoeg was om toe te laat dat invloede van buite vernuwend op die kultuur van Japan kon inwerk (Kidder, 1972:18). In teenstelling hiermee het die Bakufu ná 1600 weer alle invloede van buite teengewerk om Japan te beskerm teen die Weste. Die afsonderingsbeleid het egter die teenoorgestelde uitwerking gehad, en Japan is in 1853 weerloos gelaat teen die nuwe tegnologie van die Weste.

## 2.3 TOESTANDE IN JAPAN AAN DIE EINDE VAN DIE BAKUFU-PERIODE

### 2.3.1 Buitelandse druk op die Bakufu

#### 2.3.1.1 Kulturele oorlewing op die voorgrond

Toe die Japannese uiteindelik gekonfronteer is deur die oorweldigende militêre mag van die Weste in die persoon van Kommodoor Perry, was dit nie alleen 'n stryd om militêre oorlewing wat die Japannese aangepak het nie, maar 'n stryd om kulturele oorlewing. Die Japannese kultuur was militêr van aard en was nou deur 'n meerdere militêre mag bedreig (Beasley, 1973:76). Die samoerai was deur baie eeue die blom van die Japannese samelewing en is vereer as dapper soldate. Op hierdie tydstip (1853) was hierdie dapper en geëerde soldate van Japan magteloos teen die soldate van die "barbare".

#### 2.3.1.2 Besluiteloosheid oor 'n buitelandse beleid skep verwarring

Hoewel daar belangstelling vir Westerse kennis was, kon die volk as geheel nie besluit oor wat hulle optrede teenoor buitelanders self moes wees nie. Die een groep het hom gewend na die Weste vir tegnologiese vernuwing, want daar was teen die tyd van die restourasie ongeveer 60 skole waar Westerse kennis aangeleer is (Beasley, 1973:121).

Die ander groep het teruggereik na die verlede van Japan en redding gesoek in byvoorbeeld Shinto (vergelyk paragraaf 2.3.2.3) en die herstel van die keiser (Beasley, 1973:79).

#### 2.3.1.3 Ontevredenheid oor handelsverdrae maak die Bakufu ongewild

Die handelsooreenkomste wat uiteindelik deur die Bakufu gesluit is, het baie ontevredenheid in die binneland veroorsaak omdat die konserwatiewes geglo het dat die Bakufu te veel toegegee het aan die eise van die Weste. Die Weste het weer gevoel dat hulle meer toegewings wou gehad het. Hierdie gevoelens het uitgeloop op byvoorbeeld moorde op uitlanders en aanvalle op skepe. Dit het weer gelei tot teenaanvalle van die Weste. Die gevolg was dat Japan weer eens besef het dat hy nie die Weste militêr kon aandurf nie (Beasley, 1973:195-196).

### 2.3.2 Binnelandse druk op die Bakufu

#### 2.3.2.1 Die onvermoë van die Bakufu om die veranderde samestelling van die samelewing te akkommodeer

Aan die einde van die Bakufu-periode (1853) kon die ekonomie van Japan nog steeds beskryf word as gevestig in die landbou, hoewel daar alreeds 'n baie sterk handel in die binneland bestaan het (Beasley, 1973:42). Die handelaars het geen politieke of sosiale voorregte geniet nie, terwyl hulle die welgestelde deel van die bevolking was (vergelyk paragraaf 2.2.6.4). As groep is hulle aktief deur die Bakufu verneder, soos byvoorbeeld dat hulle nie vanne mag hê nie, en dit het veroorsaak dat hulle die teenstanders van die Bakufu geword het. Die probleem van die Bakufu was dat hulle nie teen die handelsklas gekant was nie, maar die samestelling van die Bakufu kon nie nuwighede soos die handelsklas akkommodeer nie (Beasley, 1973:72).

Die samoerai was voorheen die bevoorregte groep in die samelewing (vergelyk paragraaf 2.2.8), 'n groep wat nooit enige finansiële probleme ondervind het nie. Hulle was onderhou deur die adel, maar hulle het hulle nou in die posisie bevind waar, as die rysoes swak was, hulle toelae gesny is om die finansiële las op die plase te verlig (Beasley, 1973:21). Omdat hulle 'n sekere lewensstyl wou handhaaf, het hulle in die hande van die geldleners beland en was hulle voortdurend in die skuld. Die bewonderde samoerai het meestal net plesiersoekers geword en was nie meer die mense wat die beginsels van Boeshidoe uitgeleef het nie. Dit het ook van hulle 'n rustelose en ontevrede groep mense gemaak, gereed vir verandering (Beasley, 1973:45,55).

Die sosiale status van die handelaars het ook verander omdat sommige van hulle "aangeneem" is deur die grondeienaars sodat hulle ook op die plase kon produseer. Die toestand het ontwikkel omdat die handelaars nie mag grond besit het nie, en die boere het net nie meer geld gehad om die boerderye aan die gang te hou nie.

Die hele struktuur van die samelewing was besig om te verander teen die middel van die 19de eeu. Die verandering kon slegs erken word as die Bakufu vernietig word sodat 'n nuwe regering saamgestel kon word wat die veranderde samelewing kon behartig.

**2.3.2.2 Die swak ekonomiese beleid van die Bakufu maak sy administrasie onaanvaarbaar**

Die ondoeltreffende belastingstelsel van die Bakufu het die staatskis nooit gevul gekry nie (vergelyk paragraaf 2.2.6.6.). Die gevolg hiervan was dat die grondeienaars aanhoudend meer belasting moes betaal om aan die staat se behoeftes te voldoen. Dit het aanleiding daartoe gegee dat die bewoners van die platteland ook 'n groep ontevrede mense geword het. Dat die boer ontevrede was, kan afgelei word uit die meer as 400 opstande op die platteland tussen die jare 1813 en 1868 (Beasley, 1973:57). Bellah (1985:22) beskryf die ekonomiese stelsel as 'n "nasionale" regering sonder 'n stelsel van "nasionale" belasting.

**2.3.2.3 Die herlewing van Shinto bied die geleentheid om die Bakufu te vervang**

Shinto was die antieke filosofie van Japan wat direk aanleiding gegee het tot die omverwerping van die Bakufu (vergelyk paragraaf 2.2.9.1). Toe die bevolking teen 1853 besef dat die Bakufu hulle probleem was, het hulle inspirasie gaan soek in hulle eie godsdiens, naamlik Shinto. Hieruit het hulle bewus geword van die feit dat hulle regeer word deur mense wat die reg van die keiser aan hulleself toegeëien het (Saito, 1912:175 en Stone, 1966/67:110). Hierdie feit is uitgebuit deur die vyande van die Bakufu. Hulle het die vlamme van nasionale verontwaardiging aangeblaas oor hierdie skandalige behandeling van die keiser. Die keiserverering het aanleiding gegee tot die droom van 'n Japannese Imperiale Ryk, en dít het uiteindelik gelei tot die bedanking van die shogun (Kikuchi, 1909:43) en die bewindsaanvaarding van die Meiji-Regering met die keiser aan die hoof.

**2.3.2.4 Die restourasie van die kleinseun van die Songodin maak die Bakufu oorbodig**

Die herlewing van die filosofie van Shinto het teen 1853 'n politieke doel gedien, naamlik om van die shogun ontslae te raak omdat aan die rustelose en ontevrede bevolking getoon is dat die keiser, en nie die shogun nie, die hoof van Japan was

(vergelyk paragraaf 2.2.9.1). Hierdie behandeling van die keiser het vir die bevolking onaanvaarbaar geword. Die keiser, as kleinseun van die songodin, moes die middelpunt van die Japannese lewe wees (James, 1951:50). As die keiser dan die hoof van die staat sou word, sou die shogun oorbodig wees.

#### 2.3.2.5 Kennis, die sleutel tot die nuwe Japan

Tussen al die gevaartekens deur het die Japannese tog belanggestel in die Weste, want hulle het daarvan bewus geword dat hulle tekortkominge die gevolg was van 'n gebrek aan moderne tegnologiese kennis (Beasley, 1973:78). Die oplossing vir die probleme van die land is gesien in die verkryging, aanvaarding en toepassing van die moderne tegnologie van die Weste.

#### 2.3.2.6 Slot

Daar was duidelik van twee rigtings druk uitgeoefen op die Bakufu om vernuwing. Eerstens het die Westerse tegnologie Japan militêr bedreig. Tweedens was daar druk van binne die land self omdat die geletterde bevolking bewus was van die probleme wat hulle verouderde tegnologie veroorsaak het, sowel as van die skuld wat die beleid van die Bakufu aan die toestand gehad het (Sansom, 1950:212; Duus, 1976:5 en Taylor, 1983:87,88).

## 2.4 SLOT

Met die aanvaarding van die Taika-kode (645 n.C.) het Japan 'n vernuwingsproses aangepak wat voortbestaan het tot met die bewindsaanvaarding van die Bakufu (1600). Nou, na 250 jaar, was die tyd weer ryp vir ingrypende verandering. Die Weste het met die aankoms van Kommodoor Perry vir Japan gedwing om sy grense oop te stel vir handel. Dit het ook beteken dat die nuwe tegnologiese kennis van die Weste Japan kon binnekom. Japan het die vernuwing met soveel entoesiasme aangepak dat die Weste verbaas gestaan het oor sy vordering.

## 2.5 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

In hierdie hoofstuk word die mitologiese tydperk ( -1600) en die feodale tydperk (1600-1853) in Japan beskryf. Die belangrikste kenmerke van die periodes was heeltemaal in teenstelling met mekaar. In die vroeëre periode is invloede van buite verwelkom soos

die aanvaarding van die Taika-kode in 645 getuig. Dié gebeurtenis het die kultuur van Japan baie sterk Chinees gekleur. Gedurende die regeringstyd van die Bakufu na 1600 het die gees van die tyd heeltemal verander en het die regering die land probeer isoleer van die buiteland. As gevolg van dié beleid is die kultuur verarm. Na 250 jaar het die verskillende bevolkingsgroepe egter in opstand gekom teen die beleid van die Bakufu en dit het gelei tot die ondergang van die regering.

In die volgende hoofstuk word die ontwaking van die kultuur van Japan beskryf nadat die Bakufu vervang is met 'n nuwe regering wat weer na buite uitgereik het.

# HOOFSTUK 3

## DIE SKITTERENDE PERIODE VAN DIE KINDERS VAN DIE SONGODIN

### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die kulturele ontwaking van Japan ná 1853 beskryf. Waar die voorafgaande eeue baie sterk deur die Chinese kultuur beïnvloed is met die Taika-kode (vergelyk paragraaf 2.2.7), het Japan hom ná 1853 met doelgerigtheid na die kultuur van die Weste gewend om vernuwing te bewerkstellig. Die Japannese bevolking was deur die aankoms van Kommodoor Perry en sy "gunboat diplomacy" (Beasley, 1973:407) gedwing om te aanvaar dat hulle nie eens meer hulle vaderland kon verdedig teen vyande nie. Die rede daarvoor was dat hulle kultuur verouder en verarm was as gevolg van 'n gebrek aan kontak met ander kulture. Dié toestand was toe te skryf aan die buitelandse beleid wat 250 jaar lank deur die Bakufu (1600-1853) gevolg is (vergelyk paragraaf 2.2.5). Die buitelandse druk op die Bakufu deur Kommodoor Perry om handelsbetrekkinge aan te knoop, is verskerp deur druk van binne die land op die Bakufu om vernuwing aan te bring. Die land het in gevaar verkeer om deur die Weste ingeneem te word en daarom was die veranderinge dringend nodig (Jansen, 1965:36 en Beasley, 1973:10). Die oplossing vir die probleem is gesien in ekonomiese vernuwing en daarmee gepaardgaande opbouing van 'n moderne doeltreffende verdedigingstelsel sodat Japan nie meer die militêre mag van die Weste hoef te vrees nie. Een van die instrumente wat gebruik is om dié doel te bereik, was die onderwys.

### 3.2 DIE MEIJI-BEWIND

#### 3.2.1 Inleiding

Die einde van die Bakufu-periode is verhaas deur die druk van buite die grense van Japan om sy beleid te verander en handelsbetrekkinge aan te knoop met die Weste.

Dit is verder teweeggebring deur die begeerte van die bevolking in die binneland na verandering op allerlei gebiede. Met ander woorde: die Bakufu moes sy buitelandse sowel as sy binnelandse beleid aanpas by die nuwe omstandighede, maar dít was juis wat die Bakufu nie in staat was om te doen nie.

### 3.2.2 Konsternasie by die aankoms van Kommodoor Perry

Toe die nuus van die dreigende besoek van Kommodoor Perry die Bakufu bereik het, is die besoek met vrees afgewag. In Julie 1853 seil Kommodoor Perry die Baai van Yedo binne met 4 oorlogskepe. Hierdie skepe het onmiddellik by hulle aankoms reeds die Bakufu sy onmag laat besef, want hierdie skepe het geseil sonder enige hulp van die wind, terwyl die grootte van die kannonne en gewere die Japannese verbaas het (Ter Veen, 1948:118; Sansom, 1950:278 en Thijs, 1965:6). Die aankoms het groot konsternasie veroorsaak in 'n land waar sommige soldate nie eers meer wapens besit het nie (Jansen, 1965:244 en Beasley, 1973:89).

Toe Kommodoor Perry met 'n brief van die president van die VSA opdaag wat eis dat Japan 'n handelsooreenkoms met die VSA aangaan, het die Bakufu nie geweet hoe om die eise te hanteer nie (Reischauer, 1970:115). Omdat die Bakufu so besluiteloos opgetree het, het Kommodoor Perry 'n dreigende houding ingeneem. Hy het belowe dat hy met 'n groter mag in die lente sou kom om die antwoord van die Bakufu te kry (hy moes elders gaan oorwinter met sy skepe). Na 'n besluitlose winter was die Bakufu verplig om in die lente van 1854 'n ooreenkoms aan te gaan met die VSA (Sansom, 1950:277; Reischauer, 1970:115 en Beasley, 1973:96).

### 3.2.3 Japan open sy grense vir die Weste

Die verdrag met die VSA het aanleiding gegee tot soortgelyke verdrae met Engeland, Rusland en Holland. Volgens dié verdrae was nog twee hawens geopen vir handel naamlik, Shimoda en Hakodate, en selfs 'n Amerikaanse konsul is aanvaar in Japan. [Voorheen was slegs Nagasaki oop vir handel met Holland en Portugal]. Hierdie verdrae het baie jare lank groot ontevredenheid onder die Japannese veroorsaak. As gevolg van die baie toegewings aan die Weste, het dit 'n politieke twispunt geword tussen dié wat 'n verandering voorgestaan het en dié wat toestande wou bly behou soos dit was (Sansom, 1950:360).

### 3.2.4 Die veelvuldige probleme van die Bakufu

#### 3.2.4.1 Optrede teenoor die Weste

Na die behandeling wat Japan ondergaan het aan die hande van Kommodoor Perry het die Bakufu besef dat hy met net soveel minagting as die ander Asiatiese lande behandel is. Hy is ook gedreig met geweld as daar nie aan die eise van die Weste voldoen word nie. Hierdie behandeling het die gevoel by die Japannese laat versterk dat hulle 'n oplossing vir hulle probleem van swakheid moés kry, en dat daar slegs beperkte tyd was om dit te soek.

#### 3.2.4.2 Die vreemdelingkwessie

Die shogun en Bakufu was aanvanklik die minder konserwatiewe groep in die land. Hulle moes die keiser oortuig dat vyandige optrede teen die vreemdelinge Japan duur te staan kon kom. Vyandige optrede teen Westerlinge sou aanleiding gee tot aanvalle op Japan. Die shogun se onderhandelings oor handelsverdrae met die vreemdelinge het die bevolking laat protesteer dat dit die voorreg van die keiser was om die onderhandelinge te voer. Hierdie optrede van die shogun het die haat wat daar teen vreemdelinge bestaan het, oorgedra op die shogun en die Bakufu (Saito, 1912:186 en Ter Veen, 1948:122).

#### 3.2.4.3 Binnelandse ontevredenheid

Verskeie faktore het binnelandse ontevredenheid veroorsaak:

- ontevredenheid van die boere oor die onregverdige belastingstelsel (vergelyk paragraaf 2.2.6.1),
- ontevrede samoerai oor hulle verswakte ekonomiese en sosiale toestand (vergelyk paragraaf 2.2.8),
- ontevrede adel oor die hantering van die vreemdelinge (vergelyk paragraaf 2.2.4.2),
- die algemene ontevredenheid met die handelsverdrae (vergelyk paragraaf 2.2.4.1),
- onvermoë om die land te verdedig teen die dreigende Weste (vergelyk paragraaf 3.2.2),
- en die swak behandeling van die keiser deur die shogun (vergelyk paragraaf 2.3.2.4).

### 3.2.5 Die einde van die Bakufu-periode

Keiser Mutshihito is op 6 April 1868 ingesweer as nuwe keiser, nadat die Bakufu uiteindelik die gesag van die keiser erken het deur toestemming by hom te vra dat

hulle (Bakufu) kon bedank. 'n Nuwe keiser moes ingesweer word omdat die vorige keiser oorlede is. Die keiser was in die eerste jare van die Meiji-regering, toe daar nog geen grondwet was nie, bygestaan deur 'n Raad van Oues (Sansom, 1950:365).

In 1867 is een van die belangrikste stappe geneem in die skepping van die nuwe Japan, naamlik dat al die diamyo (die groot grondeienaars op die platteland) hulle grond aan die keiser sou gee. Sodoende was Japan nou vir die eerste maal as staat verenig (Kikuchi, 1909:45 en James, 1951:119), en dit uiteindelik onder die keiser.

### 3.2.6 Die herorganisasie van die Meiji-bewind

#### 3.2.6.1 Inleiding

Die vernuwing van die Meiji-periode in Japan bevat al die eienskappe van 'n rewolusie, behalwe dat dit 'n "vreedsame rewolusie" genoem moet word omdat daar weinig gewelddadige aksies plaasgevind het (Saito, 1912:200). As die rewolusie benoem moet word, is die enigste naam wat aan dié bepaalde rewolusie gegee kan word, dat dit 'n "nasionale" rewolusie was (Beasley, 1973:424), want dit was nie landelik, as gevolg van armoede nie, en ook nie 'n linkse of regse rewolusie nie. Dit kan miskien beskryf word as 'n rewolusie van die adel omdat hulle nou almal die geleentheid kon hê om deel te neem aan die regering van die land in plaas van net die Tokugawa-familie, of sy moontlike opvolgers.

Die eienskappe van 'n rewolusie wat hom openbaar in die proses van verandering in Japan is byvoorbeeld dat:

- die regering tot 'n val gekom het (Sansom, 1950:339);
- die klassesamestelling verander het (Jansen, 1965:32) omdat die handelaars nou belangriker as die samoerai was;
- geld nou verruil is vir arbeid en produkte, en
- die Japannees gesmag het na kennis van die Weste om sy verdediging en ekonomie op te knap (Lockwood, 1954:7 en Beasley, 1973:19).

#### 3.2.6.2 Die doelstellings van die Meiji-bewind

Die Meiji-regering is gedwing deur sekere omstandighede (ekonomie en verdediging) om bepaalde doelstellings vir homself te stel. Hierdie doelstellings was tweeledig:

- eerstens om die ekonomie te verbeter;
- tweedens om die verdediging van die land op te knap.

Hulle het van die standpunt uitgegaan dat die beste verdediging teen die Weste sou wees om die Weste volgens sy eie metodes te verslaan. Om die nodige verandering teweeg te bring moes van die uitgediende klasse van die diamyo en die samoerai ontslae geraak word. Die vernuwing in die ekonomie moes ook daadwerklik deur die regering ondersteun word.

### 3.2.6.3 Die probleme van die Meiji-bewind

In die eerste jare van die Meiji-regering was daar wel opstande van geringe aard, maar hulle is afgeslaan deur die nuwe konskripsieleer van die keiser (Gubbins, 1920:32 en Saito, 1912:197). Die grootste opstand was die Satsuma-rebellie van 1877. As redes vir hierdie opstand is die volgende aangevoer: die afskaffing van die feodale stelsel en die goeie behandeling van vreemdelinge (Gubbins, 1920:43 en Sansom, 1950:339).

In sy stryd om respek van die Weste af te dwing sodat Japan anders as China behandel sou word, het die Meiji-bewind onder andere probeer om 'n demokratiese regering saam te stel. Dit is gedoen omdat die Japannese besluit het dat die oorheersende eienskap van die Weste sy demokratiese gevoel was. Hulle het tereg gemeen dat hulle nie deur die Weste aanvaar sou word as 'n noemenswaardige staat voordat hulle nie 'n demokratiese regeringstelsel gehad het nie (James, 1951:13). Hulle was wel bekend met die demokratiese regeringsvorms as gevolg van hulle studies in die Weste, maar die werking van die demokratiese stelsels het hule nog nie verstaan nie. Die probleem vir die Japannees in verband met demokrasie was die idee van "regte" van elke mens (Sansom, 1950:343). Dié beginsel het gebots met die Japannees se groepsgevoel.

### 3.2.6.4 Die nuwe grondwet

Die keiser het in 1889 uiteindelik die nuwe grondwet aan die bevolking "geskenk". Dit is gedoen op die 2549ste verjaarsdag van Japan, in die 23ste jaar van die Meiji-bewind (Murray, 1894:396; Kikuchi, 1909:50; en Ward, 1978:11).

Die Meiji-regering het die Weste reg beoordeel deur te redeneer dat hy aanvaar sal word as hy 'n "demokratiese" grondwet aanneem. Na die aanvaarding van die nuwe grondwet was die Weste dadelik gereed om oor die gehate verdrae te onderhandel.

### 3.2.6.5 Koloniale drome lei tot oorloë

Die bewind van die Meiji-regering was 'n tydperk (middel van die 19de eeu) waarin die Westerse state hulle territoriale grense wou uitbrei sodat hulle hul beskawing op die "agterlike Oosterse gebiede" kon afdwing. Japan het baie vinnig ook dié beginsel van uitbreiding van grense aanvaar, veral omdat die uitbreiding van die grense om Japan die vaderland se verdediging kon vergemaklik (Ter Veen, 1948:123). Dit gee aanleiding tot die oorlog met China oor Korea (1894-95). Japan het die kragmeting gewen, maar is verneder toe hy deur die Weste gedwing is om van sy oorlogsbuit af te staan. Dié gebeurtenis het Japan oortuig dat hy 'n Westerse bondgenoot moes kry. Dit het hy ook gedoen en 'n bondgenootskap met Engeland is aangegaan in 1902 (Gubbins, 1920:31; Ter Veen, 1948:12,35 en Reischauer, 1970:148). Na die sluiting van die ooreenkoms het Japan hom begin voorberei vir 'n oorlog teen Rusland oor Mantsjoerye (1904). Hierdie oorlog het in der waarheid ook maar oor Korea gegaan, want as Rusland in Mantsjoerye sou uitbrei, sou Koreaanse gebied weer in gedrang kom, hierdie keer nie van Chinese kant nie, maar van Russiese kant (Gubbins, 1920:84,85; Ter Veen, 1948:130). Na die oorlog met Rusland het Korea 'n protektoraat van Japan geword en dit lei tot die uiteindelike anneksasie van Korea in 1910 (Gubbins, 1920:86).

Die oorwinnings van die nuwe Japannese konskripsieleër in Korea en Mantsjoerye het die groei van die nasionale gevoel van die Japannese aangewakker en aangemoedig sodat Japan teen 1914 as bondgenoot van die Europese state opgetree het in die Eerste Wêreldoorlog. Hierdie periode van die Meiji-bewind eindig met die dood van keiser Mutshihito in 1912.

### 3.2.6.6 Slot

Die Meiji-periode bestaan in der waarheid uit twee gedeeltes wat in gees van mekaar verskil. Die eerste 20 jaar was beheer uitgeoefen deur lede van die ou samoeraiklas en adel. Hierdie groep het onder die Bakufu groot geword. Hulle kon wel leiding neem, maar het probleme ondervind met die organisasie van 'n "demokratiese" regeringstelsel (Sansom, 1950:315; Jansen, 1965:64 en Beauchamp, 1987:300). Sansom (1950:311) noem hulle pogings om die regeringsvorm te verander 'n "battle of words" omdat hulle net die veranderinge bespréék het en uiteindelik slegs die rigting vir die toekoms aangedui het. Gedurende hierdie tydperk is alles wat Westers was sonder meer aanvaar en toegepas en het die bevolking alles in die stryd gewerp om die land te moderniseer, nieteenstaande die feit dat hulle die verskynsels nie altyd verstaan het nie (Sansom, 1950:315;373; James, 1951:65; Dore, 1965:110; en Buzzelli, 1988:11,12).

Dit het egter dié voordeel gehad dat die nuwe idees bekend geword het en sodoende begin posvat het en toegepas kon word.

Die tweede gedeelte van die periode was beheer deur 'n jonger groep wat in 'n meer dinamiese periode groot geword het en nuwe idees, wat reeds bekend was, makliker kon verwerk tot 'n eie Japannese vorm. Hulle was nie slegs nabootsers nie (Beauchamp, 1987:300). Fleischer (1942:9) beskryf dié periode as volg: "The Japanese people embarked on an era of development which has no parallel in modern history".

## 3.3 DIE NUWE JAPAN VAN DIE MEIJI-PERIODE

### 3.3.1 Inleiding

Jansen (1965:16) voel dat modernisasie 'n nuwe en besondere verskynsel in die wêreld se ontwikkeling moet wees, maar dat vernuwing uit verskillende afdelings bestaan, en om 'n geslaagde vernuwing te ondergaan moet die afsonderlike dele saam voortbeweeg (James, 1965:17). So het Shinto die herstel van die keiser bewerkstellig wat op sy beurt die val van die Bakufu veroorsaak het. Verder noem Jansen (1965:35) ook dat kulturele verskille die proses van modernisasie sal beïnvloed. So het byvoorbeeld die Japannese godsdiens, Shinto, die "restourasie" van die keiser in Japan bewerkstellig. Nadat die keiser "herstel" is, is die staat Japan verenig toe die diamyo hulle grondgebied aan die keiser geskenk het. Eers hierna kon daar 'n nuwe regering saamgestel word.

### 3.3.2 Die "Restourasie" van die Keiser as herout van die nuwe periode

Keiser Mutshihito is op 6 April 1868 ingesweer as Meiji-Tenno (James, 1951:118 en Reischauer, 1970:120). ["Tenno" beteken "hemelse keiser" (Ter Veen, 1948:121 en James, 1951:60)]. Keiser Mutshihito het die naam "Meiji" vir die periode van sy regering gekies en hierdie periode sou ook die naam dra ná sy dood (Reischauer, 1970:121). ["Meiji" beteken helder, blinkend (Saito, 1912:206).]. Eienaardig genoeg: in die periode van vernuwing en verandering is die keiser in "ere" herstel terwyl talle ou instellings afgeskaf is soos byvoorbeeld die samoeraiklas (Bellah, 1985:195).

Die Meiji-bewind het die keiser as simbool van eenheid gebruik en om hulle optrede te regverdig (Beasley, 1973:302). As gevolg van dié optrede het die "rewolusie" in Japan vreedsaam verloop. Die "vreedsame" eienskap van die rewolusie moet dus toegeskryf word aan die persoon van keiser Mushihito. Dit was 'n politieke "beginsel"

van veral die eerste 20 jaar van die Meiji-periode dat as die regering 'n wet wou maak, dit net beskryf moes word as die "wens van die keiser", en dan was daar geen teenkanting van enige aard nie. Die bevolking het gevoel dat as die keiser nie protes teen die optrede van die regering aanteken nie, hulle ook nie die reg gehad het om te protesteer nie. Die keiser was die simbool van eenheid — en dít was die sleutel tot die sukses van die vernuwingsproses van die Meiji-periode (Porter, 1918:105; Sanson, 1950:335; Jansen, 1965:101,187 en Ward, 1978:11).

Japan het die Westerse idee van demokrasie op sy eie manier geïnterpreteer. Die heel eerste en belangrikste beginsel van die grondwet was dat die mag van die keiser onverhandelbaar was. Dit is 'n snaakse verskynsel in 'n "demokratiese" stelsel. Die ironie van die hele nuwe demokratiese stelsel word weerspieël in die benaming van die regeringstelsel naamlik die "Imperiale Restourasie". Die keiser was beslis nie "gerestoureer" in sy ou posisie nie, want hy het nooit enige politieke mag vantevore besit nie (vergelyk paragraaf 2.2.5), en 'n imperiale ryk kon ook nie werklik demokraties wees nie. [Imperiaal beteken "keiserlik, betrekkinghebbende op 'n ryk" (HAT, 1988: 432). "Ryk" beteken op sy beurt weer "Heerskappy, gebied waaroor 'n vors heers" (HAT, 1988:925)]. 'n Keiserlike ryk kan dus baie moeilik as 'n demokrasie beskryf word.

Wat egter wel gebeur het wat as demokratiese optrede beskou kan word, is dat die keiser in Julie 1890 'n nuwe grondwet aan die bevolking "geskenk" het. Die bevolking sou nooit daaraan gedink het om 'n grondwet te "eis" nie (Murray, 1894:396; Saito, 1912:215 en Sansom, 1950:345). Hierdie grondwet "...was to be conferred upon them as a voluntary gift for the sake of their future prosperity" (Lockwood, 1954:10,11).

### 3.3.3 Die konsolidasie van die grondgebied van Japan

Japan was tot en met 1867 'n gebied wat uit losse landgoedere bestaan het. Dit was dringend noodsaaklik dat die grondgebied alles saam in 'n staatkundige eenheid gesnoer word met die keiser as regeerder (Beasley, 1973:333,334), sodat die gevare van buite die hoof gebied kan word. Dié probleem is opgelos toe die diamyo oorgehaal is om almal hulle grondgebied aan keiser Mutshihito te skenk. Japan was daarom vanaf 1869 vir die eerste keer staatkundig verenig (Kikuchi, 1909:45 en James, 1951:119). In ruil vir hierdie optrede van die diamyo sou hulle aanvanklik 'n jaarlikse pensioen ontvang, maar het uiteindelik 'n ronde bedrag gekry wat hulle na willekeur kon aanwend (Reischauer, 1970:126). Baie van die diamyo het hierdie geld gebruik om industrieë te begin. Behalwe die geld sou hulle titels ontvang soos prins, markies, hertog en baron (Saito, 1912:204).

Die lojaliteit wat voorheen aan die diamyo op die plase verskuldig was, is nou op die keiser oorgedra (Beasley, 1973:303 en Bellah, 1985:13,14). Hearn (1907:329) sê dié lojalitieit moes "...diverted ... to nobler ends" word.

### 3.3.4 Die samestelling van die nuwe regering

Prins Ito is na Europa gestuur om die verskillende regeringstelsels te ondersoek. Die regering wat toe uiteindelik saamgestel is, is beskryf deur Sansom (1950:350) as: "Western in shape, thouroughly Japanese in colour and substance". Toe die bevolking uiteindelik die nuwe grondwet gekry het, kon daar geen teenstand teen die grondwet wees nie want dit is onder die grootste geheimhouding opgestel (Sansom, 1950:358).

Die gesag van die staatshoof was gevestig in die keiser. Die keiser het nou vir die eerste maal politieke mag besit en omdat hy as regeerder oor die hele Japan aanvaar is, kon die nuwe regering geskuil het agter die "wil" of "wens" van die keiser en sodoende teenkanting teen hulle radikale veranderinge, soos byvoorbeeld die afskaffing van die samoerai uitskakel.

Die regeringvorm waarop besluit is, het bestaan uit 2 kamers, naamlik 'n hoër- en laerhuis. Die hoërhuis is aangestel uit die adel vir 'n termyn van 7 jaar. Die laerhuis is gekies deur stemgeregtigdes ook vir 'n termyn van 7 jaar. Stemgeregtigdes was burgers van ouer as 25 jaar wat meer belasting as 10 yen per jaar betaal het en vir meer as 'n jaar in die distrik gebly het waar hulle gestem het (Gubbins, 1920:58 en Kikuchi, 1909:54). Aan die hoof van die kabinet was die Minister-President.

Onder die Minister-President was daar 'n groep raadgewers bestaande uit die adel en diamyo. Hulle is bygestaan deur 'n raad, bestaande uit die ou samoeraiklas. Die Uitvoerende Raad het bestaan uit ses departemente, naamlik departemente van siviele sake, van finansies, van oorlog, van regte, die raad van die Imperiale huishouding en 'n raad van buitelandse sake. Hierdie rade het bestaan uit Imperiale prinse, adel en diamyo. In werklikheid was dit die samoerai wat die amptenare was en wat sake glad laat verloop het (Beasley, 1973:335,336). Die land is verder verdeel in prefekture met 'n gekose hoofamptenaar (Kikuchi, 1909:62), wat weer eens uit die ou diamyosklas gekies is. Die regering was dus beheer deur die ou adellike klasse, wat bestaan het uit die aangestelde adel en die samoerai wat saam met 'n groep gekose lede moes regeer (Reischauer, 1970:123).

Omdat die keiser nasionale eenheid gesimboliseer het, kon hierdie gevoel van nasionale eenheid gebruik word om die nuwe grondwet met sy talle veranderings in die samelewing aanvaar te kry. Die teenwoordigheid van die keiser in die "nuwe" regeringstelsel bring mee dat die regeringsvorm nog steeds patriargaal is en nie vreemd voel vir die Japannees nie; daar is nog steeds 'n "vader" aan die hoof van die land (James, 1951;187).

### 3.3.5 Die Onderwys-Edik as basis van die beleid van die Meiji-bewind

Toe Kommodoor Perry in die Baai van Yedo aangeland het, het gebeur wat die Bakufu gevrees het: hulle was magteloos teen die moderne wapens op die skepe van die Amerikaners. Dit was ook buite die kwessie om wapens aan te koop, want die staatskis was leeg (Porter, 1918:120; Ter Veen, 1948:122 en Sansom, 1950:278). Die gevolg was dat Japan gedwing is om handelsverdrae met 'n aantal Westerse state aan te gaan (vergelyk paragraaf 3.2.3). Dié vernedering het aan die Meiji-regering getoon dat hulle twee doelwitte moes nastreef, naamlik die verbetering van die ekonomie en die opbou van die verdedigingstelsel van die land (James, 1951:127) sodat die Weste nie meer 'n bedreiging ingehou het nie. Nadat oplossings gesoek is, is gevind dat een van die oplossings vir die probleem 'n vernuwing van die onderwys moes wees. Sodoende sou die onderwys die staat kon dien deur werkers op te lei vir die nuwe industrieë wat hulle van plan was om op te rig.

Ten einde die onderwys op dreef te kry het die keiser 'n edik uitgevaardig waarvolgens die onderwys georganiseer moes word en wat tegelykertyd ook 'n beleidsverklaring van die nuwe regering was. Dié Edik (Kikuchi, 1909:3) het soos volg gelui:

> Know ye, Our Subjects:
> Our Imperial Ancestors have founded our Empire on a basis broad and everlasting, and have deeply and firmly implanted virtue: Our subjects ever united in loyalty and filial piety have from generation to generation illustrated the beauty thereof. This is the glory of the fundamental character of Our Empire, and therein also lies the source of Our Education. Ye, Our Subjects, be filial to your parents, affectionate to your brothers and sisters: as husbands and wives be harmonious, as friends true: bear yourselves in modesty and moderation: extend your benevolence to all; pursue learning and cultivate the arts, and thereby develop intellectual faculties and perfect moral powers; furthermore, advance public good and promote common interests; always respect the Constitution and observe the laws; should emergency arise, offer yourselves courageously to the State; and thus guard and maintain the prosperity of our Imperial Throne coeval with heaven and earth. So shall ye not only be Our good and faithful subjects, but render illustrious the best traditions of your forefathers.

> The Way here set forth is indeed the teaching bequeathed by Our Imperial Ancestors, to be observed alike by Their Descendants and the subjects, infallible for all ages and true in all places. It is Our wish to lay it to heart in all reverence, in common with you, Our subjects, that we may all attain to the same virtue.
>
> The 30th day of the 10th month of the 23rd year of Meiji.

### 3.3.6 Veranderde houding teenoor die ekonomiese bedrywighede

#### 3.3.6.1 Inleiding

Die houding ten opsigte van die ekonomie het soveel verander dat die keiser sy woonplek verskuif het na Yedo, die hart van die Japannese handelswêreld (Ter Veen, 1948:122). Voorheen was die handel so geminag dat handelaars sekere voorgeskrewe kleure moes dra sodat hulle uitgeken kon word. Nou het die goddelike keiser vrywilliglik getrek na die hart van die handelswêreld. Yedo se naam het verander na Tokio, wat "Oosterse hoofstad" beteken. Gibney (1981:29) noem hierdie veranderde houding "Confucian Capitalism".

#### 3.3.6.2 Die optrede van die regering

Omdat die eerste doelstelling van die nuwe regering die verbetering van die ekonomie was, was dit vir die Meiji-regering noodsaaklik om eerste die ekonomiese probleme van die land te hanteer. Omdat onderwys as een van die oplossings gesien is, is onmiddellik aandag aan die onderwys geskenk.

Die Japannese was nie gewoond om te belê in swaar industrieë nie, en daarom het die regering die skepping van swaar industrieë probeer aanmoedig deur self die swaar industrieë te finansier deur middel van die nuwe banke. Die regering was nie van plan om verder in te meng met die bestuur van die industrieë nie (Jansen, 1965:101; Reischauer, 1970:130 en Moulder, 1977:177). Om die industrieë aan die gang te kry is van Brittanje swaar masjinerie en nuwe skepe aangekoop sodat die Japannese voorbeelde kon hê van moderne skeepsbou.

Die onderwys is bevorder deur die stigting van nuwe en vreemde industrieë omdat die skole die enigste inrigtings was wat opgeleide werkers aan die industrieë kon verskaf. Die Meiji-bewind het nie alleen onderwys bevorder deur die wetgewing oor onderwys

in Japan self nie, maar om nog gouer opgeleide persone te verkry, is studente na die buiteland gestuur om opleiding te ondergaan.

#### 3.3.6.3 Die sukses van die nuwe buitelandse beleid

Omdat die buitelandse beleid soveel probleme veroorsaak het, het die keiser onmiddellik ná sy bewindsaanvaarding 'n nuwe beleid ten opsigte van die vreemdelinge geformuleer sodat die verhouding met die buiteland verbeter kon word (Murray, 1894:405; Saito, 1912:198). Keiser Mutshihito het op 7 Februarie 1868 aan die afgevaardigdes van die buiteland kennis gegee dat hy voortaan as die hoof van die regering van Japan sou optree en dat 'n spesiale kantoor geskep sou word om buitelandse sake te hanteer (Kikuchi, 1909:44,45; Porter, 1908:109 en Reischauer, 1970:120). Nog 'n positiewe optrede van die keiser in verband met kontak met die Weste was die uitvaardiging van die Imperiale Edik (1890) oor onderwys wat bepaal het dat kennis orals gesoek moes word. Studente is onmiddellik na die buiteland gestuur om die nodige kennis te gaan inwin (Porter, 1918:111,112; James, 1951:121 en Passin, 1965:89).

#### 3.3.6.4 Die nuwe doeltreffende heffing van belastings

'n Metode wat verseker het dat die ekonomie van Japan sou verbeter, was om die insameling van belastings te sentraliseer. Die belastings is ook nou gehef volgens grondbesit en volgens opbrengste wat nie gevarieer het nie, sodat die regering vooruit kon bepaal wat sy inkomste jaarliks sou wees (Moulder, 1977:171,172).

#### 3.3.6.5 Die ontstaan van handelsbanke

Die handel het so 'n omvang aangeneem dat die hoeveelhede goud wat as betaalmiddel moes dien, so groot geword het dat dit nie meer deur die handelaars vervoer kon word nie. In plaas van die goud self het die handelaars 'n soort "brief" begin gebruik wat die betaling van handelsooreenkomste verseker het. Sodoende het die idee van banke en die gebruik van papiergeld ontwikkel (Moulder, 1977:177 en Bellah, 1985:29).

#### 3.3.6.6 Die afskaffing van die gildestelsel

Die Meiji-regering het die gildestelsels ontbind, want nou kon die vakleerlinge in die gewone skole opgelei word (Bellah, 1985:30). Dit het beteken dat meer mense opgelei kon word in die skole as wat deur die gildes behartig kon word, want die skole kon groter getalle hanteer.

### 3.3.6.7 Die aanvaarding van die nuwe sosiale bedeling deur die samoerai

Die invloed van die handelsklas het toegeneem terwyl dié van die samoerai gekwyn het. Hierdie handelsklas het reeds ontwikkel in die tyd van die Bakufu (vergelyk paragraaf 2.2.6.4), maar het nog steeds geen voorregte geniet nie (James, 1951:98). As gevolg van die toegang tot die Weste het die handelaars se welvaart toegeneem en het hulle nog sterker aangedring op erkenning en sosiale voorregte (Reischauer, 1970:151).

Die verval van die samoerai as élite-soldategroep het reeds in die tyd van die Bakufu begin omdat daar vrede geheers het en omdat baie van die adel nie meer 'n private leër kon bekostig nie (vergelyk 2.2.5.4). Die samoerai sou as klas verdwyn, maar omdat hulle gewoond was om salarisse te ontvang van die adel, het die regering onderneem om salarisse aan hulle te betaal. Dit sou die regering baie geld kos en daar is uiteindelik besluit om 'n eenmalige bedrag aan hulle uit te betaal. Hiermee saam het die besef gekom dat hulle 'n ander heenkome moes vind, want nou het die sosiale struktuur verander (Sansom, 1950:338 en Reischauer, 1970:126-130).

Die samoerai het hulself in 'n onbenydenswaardige toestand bevind. Sansom (1950:338) beweer dat die posisie van die samoerai so benard was aan die begin van die Meiji-bewind dat enige verandering 'n verbetering sou meebring. Om dié rede was hulle entoesiastiese medewerkers van die Meiji-bewindhebbers omdat hulle gehoop het op 'n verbeterde situasie nadat die hervormings plaasgevind het. Hulle het egter self ook ander lewensituasies probeer vind en in die proses op verskillende terreine die leiding geneem (Ward, 1978:9).

Een van die oplossings vir hulle probleem het die samoerai gevind in die onderwys, want hulle was 'n geletterde groep mense en daar het 'n groot behoefte aan onderwysers geheers. Hierdie toestand het meegehelp dat die nuwe onderwysreëlings onmiddellik toegepas kon word want daar was 'n groep mense wat die onderwys kon waarneem. Op dié manier het die onderwys baie vinnig opgeleide werkers verskaf aan al die nuwe industrieë. Hoewel die samoerai nie as onderwysers opgelei was nie, kon hulle doeltreffend gebruik word. Die waarheid was ook dat daar nog nooit voorheen opgeleide onderwysers in Japan was nie; met ander woorde, hierdie toestand het geensins 'n verlaging in die kwaliteit van onderwys meegebring nie.

Onderwys was net één van die rigtings waarheen die samoerai hulle gewend het. Ander groepe samoerai het hulle heil in die handelswêreld of in die staatsdiens gesoek. Hier

kon hulle as administrateurs optree of leiding neem (Stone, 1966/67:103; Duus, 1976:83 en Bernstein, 1981:12).

Die samoerai het met ander woorde aktief deelgeneem aan die hervormingsprosesse. Bernstein (1981:11;12) beweer dat hulle "...actively participated in the transformation of their country into a modern state". Ook beskryf hy hulle as "...committed to Japan's survival in an age of crisis" en verder selfs as "the architects of modern Japan". Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die samoerai vrywilliglik die leierskap van die Meiji-periode op hulleself geneem het, in die onderwys, handel en selfs administrasie van die land.

#### 3.3.6.8 Verstedeliking

Die groot groepe plaaswerkers wat na die stede verhuis het, het deel geword van die werkerskorps van die restourasie-periode (Bellah, 1985:127). Werkers van die platteland het na die stede gestroom omdat hulle op soek was na beter arbeidsgeleenthede as wat die platteland gebied het (Sansom, 1950:502 en Lockwood, 1954:6). Dit het 'n ontvolking van die platteland veroorsaak. Teen 1800 was daar byvoorbeeld 3% van die Europese volke in stede gehuisves terwyl daar reeds 10% van die Japannese bevolking in die stede woonagtig was. Daar was soveel werksgeleenthede beskikbaar dat selfs die Japannese vrou buite haar huis kon gaan werk om 'n bydrae te maak tot die inkomste van die gesin (Sansom, 1950:502 en Bellah, 1985:127).

#### 3.3.6.9 Slot

In die proses van vernuwing het Japan nie bloot die moderne aspekte van die Westerse beskawing oorgeneem nie, maar daarin geslaag om Japannees te bly deur die "Westerse" te verwerk om 'n moderne Japannese beskawing te word (Okawara, 1981:8). Japan het nie 'n "nuwe" Weste geword nie, maar 'n "nuwe" Japan (Dore, 1965:8). Japan het sy basiese waardes behou terwyl hy die talente van sy bevolking ontwikkel het deur gesentraliseerde "moderne" onderwys (Schoppa, 1991:23).

### 3.3.7 Die skep van 'n nuwe verdedigingstelsel

#### 3.3.7.1 Inleiding

Die tweede doelstelling van die Meiji-regering was om 'n sterk en doeltreffende leër op die been te bring. Om hierin te slaag moes die bevolking geestelik en figuurlik

voorberei word. Die grondgebied van Japan was nou verenig en die Meiji-bewind wou die grense van die vaderland uitbrei as eerste stap om die vaderland te beveilig. Dit het beteken dat daar gewapende botsings met buurlande sou wees oor grondgebied. As tweede stap is die nasionale gevoel van die bevolking aangewakker sodat hulle bereid sou wees om die vaderland te verdedig indien die finansies gesond genoeg sou wees om 'n veldtog te kon bekostig. Hierdie beginsel was geopper in die Onderwys-Edik. 'n Derde stap om die vaderland te verdedig was die skep van 'n konskripsieleër. 'n Vierde stap in die opbou van 'n verdedigingstelsel was om die onderwys te gebruik om 'n nasionale gevoel verder aan te blaas. Die skole is feitlik deur die Onderwys-Edik verplig om nasionalisme te propageer.

### 3.3.7.2 Daarstelling van 'n konskripsieleër

Om die benodigde groep mense bymekaar te bring, was die heel eerste "wens van die keiser" dat alle burgers bo 20 jaar verpligte militêre diens moes verrig. Omdat dit die wens van die keiser was, is dit onmiddellik uitgevoer. Die gevolg hiervan was dat die Meiji-bewind onmiddellik kon begin met die opbou van 'n nasionale leër en dit het uiteindelik aan Japan die magtige militêre masjien verskaf wat die Meiji-bewind beoog het (Gaimushu, 1968:24). Die gevoel van nasionalisme is deur die onderwys aangewakker en versterk. Hierdie leër is gebruik om die opstandjies soos die Satsuma-opstand (1877) met sukses te onderdruk. Dit het gelei tot die aanvaarding van die beginsel van 'n "staatsleër", en toe die leër nog oorwinnings behaal teen China en Rusland, is die leër met byna met soveel eerbied as die samoerai behandel.

### 3.3.7.3 Die ontwaking van 'n sterk nasionale gevoel

Die skep van 'n nasionale leër het die gevoel van nasionalisme wat deur die herstel van die keiser ontstaan het, versterk en ná die leër oorwinnings teen China (1894) en Rusland (1904) behaal het, het dit die nasionale gevoel laat groei (Saito, 1912:236,240; James, 1951:135 en Duus, 1976:133).

Die herlewing van Shinto het reeds die Japannees oortuig dat hy woon in "the (home) land of the gods" (Beasley, 1973:75 en Bellah, 1985:53) en dat hy self baie spesiaal is. Shinto het die "gevaarlike" idees van die Weste, soos demokrasie, teengewerk want slegs wat die keiser goedgekeur het, was wet (James, 1951:120), en die regte van die individu was van mindere belang. So kon die hele samelewing beheer word deur die nasionalisme wat deur die keiser verpersoonlik is (Ward, 1978:10; Kobayashi, 1986:66 en Horio, 1986:69).

Die bewondering wat Japan van die ander Asiatiese state te beurt geval het na hulle oorwinnings oor China (1894) en Rusland (1904), het die patriotisme net verder aangemoedig. Die vernedering wat die volk oor die algemeen gevoel het toe die oorlogsbuit teruggegee moes word na die oorlog met China, het ook sy bydrae gelewer tot die groeiende nasionale eenheid (Ter Veen 1948:133,141,142 en Saito, 1912:203).

#### 3.3.7.4 Slot

Hierdie vernuwing, ook in die leër, moet beskryf word as "verjapannesing". Soos King (1986:76) dit gestel het: "...the old Japan constantly co-exists — not really amalgamated or merged". Dat die beleid suksesvol was, kan nie betwyfel word nie, want na die Eerste Wêreldoorlog, waarin Japan die Weste bygestaan het, is Japan as een van die Groot Moondhede behandel deur die Weste.

### 3.3.8 'n Nuwe verhouding tussen die onderwys en die staat

Die leuses van die tyd was "...enrich the country, strengthen the army" en "...civilization and enlightenment" (Beasley, 1973:2) en dit was dan ook die doelstellings van die Meiji-bewind. Om die doelstellings van die regering te bereik moes die Weste beheer word, maar eers moes daar 'n doeltreffende wapen gevind word. Die oplossing is daarin gesien om gebruik te maak van die Weste se eie tegnologie (Saito, 1912:176; Lockwood, 1954:7 en Reischauer, 1970:107). Beasley (1973:1) stel dit so: "Use(ing) the barbarian to control the barbarian".

Die tegnologie van die Weste moes heel eerste aangewend word om die ekonomie te verbeter. Die moderne ekonomie het nie meer berus op die rysoes nie, maar op die handel in die stede (vergelyk paragraaf 3.3.5). Omdat die handel in die stede ook nie meer gegaan het oor rou plaasprodukte nie, maar oor verwerkte produkte was die skep van industrieë 'n vereiste. Die nuwe tegnologiese kennis van die Weste moes nie alleen verkry word nie, maar ook aangeleer en toegepas word. Die Meiji-bewind het besluit die aangewese manier om die doelstellings te bereik sou wees deur gebruikmaking van die onderwys om die kennis aan die jeug oor te dra (Stone:1966/67:108; Kida, 1986:74 en Horio & Platzer, 1990:27). Die gevolg was dat die onderwys van die Meiji-periode bepaal is deur ekonomiese ontwikkeling en vooruitgang.

Die staat het soveel vertroue gehad dat die onderwys een van die aangewese maniere was om die land te vernuwe dat hulle selfs onderwysers uit die Weste ingevoer het

om "moderne" vakke so gou as moontlik aan te bied (Kikuchi, 1909:67; Passin, 1965:63 en Reischauer, 1970:135).

Die idee dat die onderwys die staat moes ondersteun deur werkers op te lei vir sy beplande industrieë, het die gedagte laat ontstaan dat die onderwys die dienskneg van die staat is (Passin, 1965:86; Duus, 1976:116 en Horio & Platzer, 1990:33). Beauchamp (1987:301) voel dat die regering in Japan die "...attitude that education should be for the purpose of the state" gehad het. Onderwys het nie gegaan oor die kind self nie. Hierdie siening van die onderwys van die Meiji-bewind het groot ekonomiese sukses opgelewer. Ongelukkig het dié beleid egter die weg oopgelaat vir die gebruik, of in werklikheid misbruik, deur die staat en is die onderwys as indoktrinasiemiddel aangewend.

Dit was maklik om die onderwys te misbruik in Japan, want die filosofie van Confucius, wat nog steeds die basis van die onderwys was, het bepaal dat onderwys onderdanige en gehoorsame burgers moes kweek. Hierdie gedeelte van die kurrikulum is met net soveel ywer as die tegnologie van die Weste onderrig (James, 1965:118; Beauchamp, 1987:301 en Horio & Platzer, 1990:27).

Onderwys is byvoorbeeld gebruik om die soldate van die konskripsieleër te motiveer om te veg tot die dood toe vir die vaderland. Dié gedagte was nog nooit vantevore gebruik nie omdat Japan nog nooit vroeër een staat was nie. So suksesvol was die indoktrinasie dat die soldate voor 'n geveg nie gaan bid het om 'n veilige terugkeer nie, maar om te kan versamel word in die tempel waar almal bymekaar was wat vir die vaderland gesterf het (Hearn, 1910:507).

## 3.4 JAPAN AAN DIE EINDE VAN DIE MEIJI-BEWIND

### 3.4.1 Nuwe regeringsvorm

Die bevolking het die keiser "herstel" en 'n nuwe demokratiese grondwet aanvaar. Hulle was heeltemal ontslae van die Bakufu-regering en die nagevolge daarvan (Murray, 1894:286; Kikuchi, 1909:39 en Reischauer, 1970:90).

### 3.4.2 Ekonomiese vooruitgang

Die eerste doelstelling van die Meiji-bewind was ekonomiese ontwikkeling en daarom het Japan so vinnig ontwikkel van 'n feodale stelsel na 'n moderne industriële staat wat die

nagevolge van 'n swak ekonomiese stelsel afgeskud het. Die staat het nie ingemeng in die ontstaan van die nuwe industrieë nie, maar dit tog moontlik gemaak vir die entrepeneurs om die nodige geld te bekom om die industrieë te stig. As gevolg van die ontstaan van die talle industrieë het die boere op die platteland ook besluit om na die stede te verhuis en daar 'n beter heenkome te vind. Grootskaalse verstedeliking het plaasgevind.

### 3.4.3 Militêre opbou

Die tweede doelstelling van die Meiji-bewind was 'n militêre mag om die bedreiging van die Weste af te slaan. Japan was bevrees dat die Weste, net soos met China, doodeenvoudig die staat van Japan onderling sou verdeel na willekeur. Om dié rede was die totstandkoming van 'n leër van groot belang vir Japan. Die keiser het vroeg reeds 'n konskripsieleër verkry deur wetgewing. Die gedagte is verder gevoer deur die onderwys wat nasionalisme aangewakker het (vergelyk paragraaf 3.3.5).

### 3.4.4 Die veranderde sosiale samestelling

Die opkoms van die handelsklas as belangrike groep in die samelewing van Japan was nou erken en kon hulle op gelyke voet verkeer met die res van die bevolking. Die ou samoerai en diamyo het geheel en al as klasse verdwyn uit die samelewing alhoewel lede van dié groepe die groot industrialiste en die staatsamptenare geword het.

### 3.4.5 Vernude staatshantering van die onderwys

Die staat het nou die onderwys oorheers omdat hy die kurrikulum opgestel het, die onderwys gedeeltelik gefinansier het, onderwysers opgelei het en toesig oor die onderwys gehad het. Hierdie toestand het die misbruik van die onderwys deur die staat so maklik gemaak. Bowendien het die onderwys gehoorsame en onderdanige burgers opgelei. Die toestand het egter ook grotendeels bygedra tot die sukses van die Meiji-bewind omdat die regering sorg gedra het dat die onderwys doeltreffend was en vinnig resultate gelewer het.

### 3.4.6 Ontvanklikheid vir invloede van buite

Omdat die Westerse state Japan militêr bedreig het en Japan 'n oplossing vir die probleem moes vind om te oorlewe, was hy verplig om sy grense te open vir invloede van buite. Aan die einde van die Meiji-periode was Japan dus in noue kontak met die Weste waar

hy aan die begin van die periode weinig kontak gehad het. Kennis is orals gesoek om die doelstellings van die regering te kan bereik.

### 3.4.7 Uitgebreide onderwysgeleenthede

Die uitgebreide onderwysgeleenthede het die gevolg gehad dat die intellektuele vermoëns van die bevolking ten beste benut kon word (Jansen, 1965:103: Reischauer, 1970:111 en Dore, 1967:103).

### 3.4.8 Suksesvolle onderwys

Die algehele onderdanigheid en aanvaarding van dit wat die onderwyser aanbied, het bygedra tot die verspreiding en gebruik van die nuwe Westerse kennis (Dore, 1967:109 en Reischauer, 1970:45).

## 3.5 SLOT

Die aankoms van Kommodoor Perry het toestande in Japan tot 'n punt gedryf, want Japan het besef dat hy nie langer in isolasie kon leef nie (Jansen, 1965:244). Omdat soveel veranderinge nodig was, kon net 'n rewolusie die weg baan vir al die veranderinge. As gevolg van 'n belangrike samebindende faktor, nl. die keiser, kan die rewolusie in Japan as "rustig" beskryf word.

Nog 'n tipies Japannese verskynsel was dat alhoewel die vernuwing groot veranderinge meegebring het, dit nie die ou waardes van die Japannese samelewing verwerp het soos byvoorbeeld die filosofie van Confucius nie. So noem Bellah (1985:19) die vernuwing "...a culmination and intensification of the central values rather than a rejection of them". Japan het vernuwe, maar nie sy besondere karakter prysgegee nie. Dore (1965:8) stel dit as volg: "It is not a 'Western' civilization but a 'modern' civilization".

## 3.6 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

Die gees van die Meiji-periode was gekenmerk deur die vaste oortuiging dat verandering móóntlik en wénslik was, en kón plaasvind indien die nodige vasberadenheid aan die dag gelê word. Die gevolge van die Meiji-periode was die harmonieuse vermenging van Westerse idees met die Japannese kultuur tot voordeel van Japan. Die sukses van

die Meiji-periode moet gedeeltelik toegeskryf word aan die vernuwing in die onderwysbenadering omdat die onderwys gesien is as 'n belangrike instrument in die vernuwingsbeleid van die regering. Hierdie nuwe benadering van die Meiji-regering tot die onderwysbeleid het aan die Japannese onderwysstelsel 'n gesplete karakter gegee: Aan die een kant was dit swaar gelaai met moraliteit en nasionalisme en aan die ander kant met tegniese kennis. In die volgende hoofstuk sal dié nuwe onderwys en die opvoedkundige implikasies van die onderwys van die Meiji-periode behandel word.

# HOOFSTUK 4

## DIE OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES VAN DIE KULTURELE ONTWAKING VAN JAPAN NÁ 1853

### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die opvoedkundige implikasies van die kulturele ontwaking van Japan bespreek. Die ontwaking of vernuwing van Japan is gebore uit die nood van die Japannese bevolking om hulleself te kan handhaaf teen die militêre mag van die Weste. Om dit te kon doen, was hulle verplig om binnelands ekonomies te hervorm en om 'n doeltreffende verdedigingstelsel op te bou (vergelyk paragraaf 3.2.6.3).

Daar was slegs een manier om hierdie ideale te bereik en dit was deur gebruik te maak van die moderne tegnologiese kennis van die Weste. Daar was ook net een metode waardeur dié kennis vinnig en doeltreffend oorgedra kon word en dit was deur middel van die onderwys (Stone, 1966/67:109 en Schoppa, 1991:23). Schoppa (1991:24) voer aan dat 'n nuwe onderwysstelsel nodig was en wel as volg: "The Meiji reformers ... realized ... that a new educational system (must be) designed to meet the challenge of the West". Ohta (1986:28) wys weer daarop dat die onderwys van die Meiji-bewind die "locomotive" was wat die hele samelewing getrek het na modernisasie. Met ander woorde, aandag en nadenke is gegee aan die opstel en uitvoer van die nuwe onderwys.

By 'n waardering van die onderwys van die Meiji-bewind moet die bydrae van die onderwys van die Bakufu-tydperk altyd in aanmerking geneem word, want soos Horio (1990:27) dit stel: "...unless the soil in which those ideas may grow is properly cultivated, the vitality of those ideas either withers away or becomes transformed". Met ander woorde, sonder die onderwys van die Bakufu-periode sou die onderwys van die Meiji-periode nie so suksesvol kon wees nie.

## 4.2 DIE IMPERIALE EDIK EN DIE IMPLIKASIE DAARVAN VIR DIE ONDERWYS

Onderwys was 'n baie ou verskynsel, en was reeds vóór 645 (n.C) deur die ouers met toewyding in Japan georganiseer. Die Onderwys-Edik is met groot dank deur die bevolking aanvaar as een van die "geskenke" wat die Meiji-keiser aan die bevolking gegee het. Die aanvaarbaarheid van die Onderwys-Edik was een van die redes waarom die Meiji-bewind soveel sukses met die bereiking van hulle doelstellings behaal het.

Op 30 Oktober 1890, het die Meiji-keiser hierdie Onderwys-Edik uitgevaardig wat aan die Japannese bevolking 'n hervormde en vernude onderwys gegee het. Die beginsels van die Edik was so deel van die Japannese lewensfilosofie dat dit die grondslag vir die Japannese onderwys was tot in 1947, toe dit vervang is met die Fundamentele Wet op Onderwys (Pretorius, 1989:263).

Kikuchi (1909:3) en Beauchamp (1987:301) is van mening dat 'n vertaling nie werklik aan die leser die volle boodskap kan oordra wat die Edik aan die Japannese bevolking in 1890 gebring het nie. Kikuchi (1909:3) sê dat die Edik beskou is as "part of our national life ". Elke skool het 'n kopie ontvang wat op 'n spesiale en veilige plek in die skool bewaar is. Hall (1949:162) meld dat die Edik tot in die veertiger jare deur elke Japannees woord vir woord voorgedra kon word. As die persoon wat die voordrag gedoen het 'n fout sou maak, was daar selfs sover gegaan as om selfmoord te pleeg daaroor.

Die waarde van die Edik lê daarin dat dit die kulminasie is van 'n beweging wat "verjapannisering" van die nuwe Japan bepleit het, in plaas van net bloot die lewens-filosofie van die Weste te aanvaar. Die Meiji-bewind het gevoel dat die rigting wat hulle ingeslaan het, besig was om die "National Essence" van die land te vernietig en in die plek daarvan materialisme te stel. Hierdie toestand het ontwikkel omdat die eerste doelstelling van die Meiji-bewind was om die ekonomie van die land te verbeter. Met ander woorde, die Edik was 'n reaksie op die modernisasie van die land.

Sansom (1950:467) stel dit dat dat die Edik nie net bloot 'n uiting was van onrus oor die hede nie, maar verder gaan en riglyne daarstel vir die optrede in die toekoms. Die Edik skryf nie net die verhouding voor tussen die burgers onderling nie, maar ook teenoor die keiser. In die Edik word die bevolking ernstig gemaan om terug te keer na die beginsels van die verlede, soos lojaliteit, gehoorsaamheid en diensbaarheid, en

om nie blindelings die filosofie van die Weste na te volg nie. Om dus die Edik te verstaan beteken om die karakter van die Japannees te verstaan.

Onderwys word selde by die naam genoem in die Edik en dit versterk die gedagte dat die dokument eerder beskou moet word as 'n aankondiging van die rigting wat Japan voortaan sou inslaan. Die filosofie wat deur die Edik weerspieël word is 'n vermenging van die gedagtes van Shinto, Boeddhisme en Confucianisme.

Die Edik bestaan uit drie gedeeltes waarvan die eerste gedeelte handel oor die voorvaders en die keiser. Die tweede gedeelte handel oor die onderlinge verhoudinge van die bevolking en die derde gedeelte handel oor die ultra-nasionalisme wat deur die Meiji-bewind aangemoedig is.

Die openingsreël: "Our Imperial Ancestors have founded Our Empire on a basis broad and everlasting..." is geneem uit die filosofie van Shinto en bevestig die geloof dat die voorvaders spesiaal deur die gode na die eilande van Japan gestuur is en dat die bevolking vir ewig onder die septer van die keiser moet staan (Hall, 1949:164).

Die Edik noem verder: "Our subjects ever united in loyalty and filial piety" en dít is weer gehaal uit die filosofie van Confucius. Dié gedeelte het weer eens die goddelike leierskap benadruk en die bevolking is vir 'n tweede maal beveel om die leierskap van die keiser te respekteer en te aanvaar (Hall, 1949:165).

Met "fundamental character of Our Empire" en "herein lies the source of our education" word die bevolking herinner aan die idee dat die onderwys deur die eeue deel is van die wese van die staat van Japan. Hierdie idees is weer eens uit die filosofie van Shinto gehaal en hier is alreeds die fondament gelê vir die gedagte van die ultra-nasionalisme van die Meiji-bewind wat later in die Edik beveel word.

Die middelste gedeelte van die Edik handel oor menseverhoudinge. Die verhouding tussen ouers en kinders, kinders onderling en tussen vriende word voorgeskryf. Die instruksies herinner aan die Boeshido, wat die lewenswyse van die samoerai vir baie eeue gerig het. By hierdie gedeelte word ingesluit gehoorsaamheid aan die wet en die bevordering van gemeenskaplike doelstellings.

Die bloudruk vir die ultra-nasionalisme word ingelui met die reël: "should emergency arise, offer yourselves courageously to the state, and thus guard and maintain the prosperity of Our Imperial throne coeval with heaven and earth". Die bevolking word

beveel, want dit was die wens van die keiser, om hulleself aan te bied wanneer die staat hulle nodig sou kry.

"So shall ye not only be Our good and faithful subjects, but render illustrious the best traditions of your forefathers" is weer ontleen aan Shinto sowel as Confucianisme en bevestig dat die troon op 'n godsdienstige en etiese basis berus, geskep deur die gode. Dit moet so voortgaan in "the best traditions of your forefathers". Geen Japannees sou so 'n bevel om die tradisies van die voorvaders te onderhou, verbreek nie.

In die volgende gedeelte word die gedagte van "The Way", wat Shinto sal wees en die "...teaching bequeathed by Our Imperial Ancestors" herhaal. Die gedagte dat die onderwys deur die keiser en sy voorvaders aan die Japannese van 1890 geskenk is, was aanvaar met dankbaarheid en eerbetoning.

Die Edik, of die onderwyshervormings van die Meiji-bewind, het baie duidelik weinig verandering in die gees van die onderwys aangebring; daarom was daar geen teenkanting teen die nuwe onderwysbeleid nie. Die Edik het bloot dít beklemtoon waaraan die Japannees geglo het, naamlik dat die keiser die afstammeling van die songodin was, en as regeerder gerespekteer en behou moes word en dat die voorvaders vereer moes word. Dié beginsels was immers die "essence" van die Japannees en daarom sou dit geen teenkanting uitlok nie. Reeves (1949:13) beweer dat "No Education Act, however nobly designed, can really achieve much if it conflicts with the values implicit in the common life of the community".

Die nuwigheid in die onderwys, naamlik dat die onderwys meer beroepsgerig was, was ook aanvaarbaar omdat die Japannees nou moes aanpas by die nuwe samelewing en die eise wat daardeur gestel is. Met ander woorde, die "nuwe" onderwys het aan die Japannees dít verskaf wat hy gedink het hy nodig het in die onderwys en daarom het hy dit met dank aanvaar.

## 4.3 DIE TOEPASSING VAN DIE ONDERWYS-EDIK

### 4.3.1 Inleiding

Die proses van herorganisasie wat die Meiji-Bewind aangepak het om die onderwys meer werkgeoriënteerd te maak om sy doelstellings te bereik, word deur Byas (1944:9) soos volg beskryf: "Never has any government sent a nation to school and accompanied

it there, with greater efficiency". Die nuwe onderwys van Japan het 'n "nuwe" funksie aan die onderwys gegee, naamlik om welvaart vir die volk te skep (King, 1986:73,75 en Buzzelli, 1988:4) en nie soseer om die kind te ontwikkel nie.

### 4.3.2 Doel

As gevolg van die swak ekonomiese toestand van die land was die eerste doelstelling van die Meiji-bewind om die ekonomie van die land te verbeter. Die tweede doelstelling van die regering was die opbou van 'n doeltreffende leër. Om dié ideale te bereik was al die mannekrag nodig en daarom was die onderwys as oplossing gesien. Om dié rede was verbetering van die ekonomie ook die doelstelling van die onderwys.

Om die doelstellings van die staat te bereik is die onderwys dus doelbewus "geïndustrialiseer", sodat werkers vir die industrieë opgelei kon word. Nasionalisme is ook doelbewus in die onderwys gekweek om die leër te inspireer (Beauchamp, 1987:301; King, 1986:76 en Horio & Platzer, 1990:70). Hierdie doelstellings is duidelik uitgespel in die Onderwys-Edik (vergelyk paragraaf 3.3.6.).

### 4.3.3 Kurrikulum

Baie nuwe skole is geskep waar Europese tale geleer is. Engelse boeke is gelees en oorsese reise is onderneem as deel van die onderwysprogram (Saito, 1912:213; Beauchamp, 1987:300 en Pretorius, 1989:251). Omdat opgeleide werkers nodig was en daar te min opleidingsgeleenthede beskikbaar was, is 2% van die totale onderwysbegroting aan oorsese studiereise bestee sodat studente ook oorsee opgelei kon word (Stone, 1966/67:111). Verder is lees, skryf, reken, aardrykskunde, geskiedenis, sang, liggaamlike opvoeding, kennis van visserye, bosbou, landbou en morele opvoeding toegevoeg tot die kurrikulum (Kikuchi, 1909:77 en Passin, 1965:83). Hierdie opleiding is gebruik om die leerling gereed te maak vir verdere opleiding in die industrieë, nie om hulle vir bepaalde take op te lei nie. Die industrieë het verkies om self hulle werkers vir spesifieke take op te lei (Buzzelli, 1988:4).

### 4.3.4 Metode

Om verskeie redes was die memoriseer van werk nog steeds die metode wat in Japan oor die algemeen gebruik is (Reischauer, 1970:137). Eerstens was daar baie min opgeleide onderwysers in Japan en daarom het die meeste onderwysers geen kennis van onderwysmetodes gehad nie; en het dus hierdie metode maklik gevind om toe te pas.

Tweedens was die Westerse en moderne tekste van die voorgeskrewe handboeke moeilik verstaanbaar en die inligting moeilik verklaarbaar vir die onderriggewers. Om dié rede is hulle bloot gebruik om uit voor te lees aan die leerlinge. Die nuwe handboeke was so moeilik verstaanbaar vir die Japannese omdat, onder andere, byvoorbeeld gebruik gemaak is van Arabiese syfers wat vreemd was vir die Japannese.

Nog 'n probleem wat deur die onderwysers en kinders ervaar is, is dat die vrae wat deur die kinders gestel was oor die natuurwetenskap nie deur die onderwysers beantwoord kon word nie as gevolg van 'n gebrek aan kennis. Die onderwysers het oplossings vir die probleme in die ou bygelowe gaan soek, met die gevolg dat die antwoorde niemand tevrede gestel het nie.

Die Boeddhiste-priesters het ook nie kennis van metodiek gehad nie en hulle was gewoond om die sutras aan die volgelinge voor te dra; daarom het hulle ook dié metode in die onderwys gebruik. Hierdie metode het egter die voordeel gehad dat die inligting aanvaar is sonder die stel van vrae en sodoende is die kennis vinnig geabsorbeer.

### 4.3.5 Organisasie

Omdat die Meiji-bewind resultate van die onderwys verwag het, het die keiser reeds in 1891 sy Edik uitgevaardig (vergelyk paragraaf 3.3.6). So ernstig was die Meiji-bewind oor onderwys dat 10% van die staatsbegroting aan onderwys bestee sou word.

Die Edik het bepaal dat onderwys vanaf 1892 vir almal verpligtend sou wees (Gubbins, 1920:48; James, 1951:120 en Horio & Platzer, 1990:68). Dat die regering dit ernstig bedoel het met die onderwys, word bewys uit die skepping van skole selfs vir dogters, en dit in die Japan van 1890 waar dogters as minderwaardig geag is (Kikuchi, 1909:72 en Passin, 1965:98).

Volgens die Edik sou die land verdeel word in 8 distrikte, met 'n universiteit in elke distrik. Verder moes die gebied in 32 distrikte verdeel word waarvan elkeen een middelbare skool moes hê. Elke middelbare skoolgebied was verplig om 210 elementêre skole te skep (Kikuchi, 1909:72; James, 1951:120 en Pretorius, 1989:251).

Die skoolopleiding sou duur van ouderdom 6 tot 14 jaar en was verdeel in twee helftes van 4 jaar elk (Kikuchi, 1909:73). Die leerlinge moes na gelang van hulle ouderdom van 21 tot 30 uur per week skoolgaan en in die tegniese skole was die tydperk langer. Periodes is verdeel in minder as 'n uur elk.

Daar was ook voorsiening gemaak vir die opleiding van onderwysers met die daarstelling van normaalskole (Kikuchi, 1909:73; Porter, 1918:112 en Passin, 1965:89). Op hierdie stadium is ook aandskole opgerig vir vakleerlinge bo 15 jaar (Porter, 1918:115). Dikwels is die leër ook gebruik in die onderwys — soms was die leër die eerste plek waar jongmense met die nuwe tegnologie kennis gemaak het (Passin, 1967:96). Selfs by die ministeries is ook opleiding gedoen om die staatsamptenare gereed te maak vir hulle take. As gevolg van die reuse behoefte aan opgeleide werkers het inrigtings soos tegniese en handelskole ook ontwikkel.

Die regering het nie onderneem om álle kostes vir die onderwys te dra nie. Regering-subsidies sou gebruik word om die salarisse van vreemde onderwysers te betaal, geboue te onderhou, en beurse vir studente te skep. Dit sou selfs vir die onderhoud van elementêre skole kon gebruik te word. Verdere kostes moes deur elke distrik self gedra word (Kikuchi, 1909:74; Passin, 1965:69 en Beauchamp, 1987:300). Die regering se verdere aandeel aan die onderwys was die aanstelling van 10 tot 13 superintendente in elke distrik om toesig te hou oor die onderwysaangeleenthede van die betrokke distrik (Kikuchi, 1909:72).

Die onderwysorganisasie is aangepas by omstandighede. Kinders kon byvoorbeeld slegs van 4 tot 16 jaar skool bywoon en dan ook slegs vir 16 maande van die tydperk omdat kinders op die plase moes werk.

### 4.3.6 Die onderwyser

Daar was 'n ernstige tekort aan opgeleide onderwysers (Passin, 1967:75). Een bron van onderwysers is gevind in die samoerai wat neergesien het op ander vorme van arbeid. Hulle was wel nie opgelei as onderwysers nie, maar was wel geletterd en kon dus doeltreffend gebruik word in die onderwys (Passin, 1967:76). Die onderwystekort is verder aangevul deur onderwysers vanuit die Weste in te voer, maar daar is gepoog om so gou as moontlik selfvoorsienend te word (Kikuchi, 1909:83 en Buzzelli, 1988:2).

Met die uitvaardiging van die Edik is weer vir die eerste keer in 'n lang tyd aandag gegee aan die karakter van die onderwyser as kwalifikasie vir onderwys (Kikuchi, 1909:78 en Passin, 1965:89). Die Meiji-regering het verwag dat die karakter van die onderwyser onberispelik moes wees. Die onderwyser van die Meiji-periode moet as een van die belangrikste "hulpmiddels" van die Meiji-bewind genoem word op hulle pad na hervorming en ook van die sukses van die hervorming (Ohta, 1986:30).



### 4.3.7 Dissipline

### 4.3.7 Dissipline

Onderwysers was verantwoordelik vir die dissipline in hulle klasse, maar daar was ook spesiale "pupil inspectors" wat moes omsien na die dissipline buite die skool en in die koshuise. Vir ernstige oortredings was daar 'n raad van senior onderwysers om die saak te hanteer.

### 4.3.8 Slot

Die Meiji-leiers het, ten spyte van hulle gebrek aan kennis van die buiteland, tog vinnig besef dat hulle die onderwys moet vernuwe en hierdie besef moet toegeskryf word aan die buitengewone vermoëns van dié leiers. Hulle het doelbewus onderwys geskep wat die probleme van die land aangepak het, en hulle het toegesien dat hulle reëlings uitgevoer word.

## 4.4 DIE OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES VAN DIE ONDERWYS VAN DIE MEIJI-BEWIND

### 4.4.1 Inleiding

Hall (1970:92) sê: "Of all the revolutions the revolution which takes place in man's thought is the most significant". Die veranderinge in die gedagte van die mens vind dikwels reeds plaas voordat hy self daarvan bewus is. Dit het dan ook in Japan gebeur. Die veranderinge wat deur die Meiji-bewind aangebring is deur wetgewing, is weens twee redes nie verwerp deur die bevolking nie: Eerstens omdat dit die "wens" van die keiser was, en tweedens omdat die veranderinge nie vreemd was vir die volk nie. Daar is geen beswaar ingebring teen byvoorbeeld die afskaffing van die samoeraiklas nie, want hulle funksie was lank reeds uitgedien en die bevolking het dit besef (Jansen, 1965:244; Duus, 1976:54 en Buzzelli, 1988:21).

Hearn (1910:9) beskryf juis ontwikkeling of vernuwing as "...nothing more than re-arangement of a part of the pre-existing machinery of thought". Die Meiji-bewind moes dus slegs die idees wat reeds posgevat het, herorganiseer en omstandighede só verander dat dit moontlik sou wees om die idees uit te voer (Jansen, 1965:94 en Duus, 1976:5).

Om die doelstellings wat hulle beoog het te bereik, (die beskerming van die land teen die Weste deur ekonomiese ontwikkeling en om 'n doeltreffende leër op te bou), was

die Meiji-bewind verplig om sy grense oop te maak om die nuwe tegnologie binne te laat in ruil vir handelsooreenkomste met die Weste (Ter Veen, 1948:123; Thijs, 1965:5 en Wolken, 1983:7).

Nou moes die nuwe kennis doeltreffend gebruik word en daarom het die sukses van die beleid van die Meiji-bewind afgehang van die sukses van die onderwys. Omdat die sukses van die onderwys so belangrik was, is die nuwe onderwys met groot omsigtigheid en entoesiasme beplan deur die bewind en daarom kan King (1986:75) die onderwys van die Meiji-regering beskryf as "a whole new network of educational contacts ... (to) serve mankind in ways that schools were never designed for."

### 4.4.2 Nuwe ideale in die onderwys van Japan

Die doelstellings van die Meiji-regering met die onderwys was nuut, omdat die doelstellings nie hoofsaaklik onderrig was nie, maar eerstens om onderwys te gebruik om die ekonomie van die land te verbeter sodat die verdedigingstelsel in die tweede plek opgeknap kon word (Ter Veen, 1948:123; Sansom, 1950:212-214 en Jansen, 1965:93). As die onderwys aan dié eise sou moes voldoen, het dit beteken dat die onderwys opgeleide werkers moes verskaf aan die industrieë. Japan het dus die belangrikste kenmerk van 'n "moderne industriële" samelewing gedra, naamlik dat die ekonomie oorheers het, selfs in die onderwys (Bellah, 1985:3).

### 4.4.3 Navolging van die westerse onderwysbeginsels

Die tyd vir Japan om te vernuwe en te oorleef teen die Weste was min, en daarom moes die nuwe onderwys so gou as moontlik geskep en toegepas word (Jansen, 1965:63). Daar was egter nie onderwysers wat die moderne tegnologie aan die kinders kon doseer nie (vergelyk paragraaf 4.2.6). Die oplossing is gevind in die invoer van onderwysers vanuit die Weste om die onderwys aan die gang te kry (Byas, 1944:3; Kobayashi, 1986:66 en Buzzelli, 1988:2).

Die invoer van Westerse onderwysers om die Westerse kennis oor te dra, het 'n voordeel ingehou daarin dat die Westerlinge wat die kennis moes oordra, mense was wat reeds die kennis beproef het en daarom met gesag daaroor kon praat. Dit het die aanvaarding en toepassing van die kennis meer "natuurlik" laat plaasvind, want vir die Japannese onderwyser sou dit ook "vreemde" kennis wees net soos vir die leerling (Saito, 1912:213; Passin, 1965:63 en Buzzelli, 1988:2).

Die feit dat die nuwe kennis so geredelik aanvaar en toegepas is, moet ook toegeskryf word daaraan dat die bevolking gesofistikeerd genoeg was om die "moderne" inhoud te kon verwerk en te gebruik. Die rede hiervoor moet gesoek word in die onderwys van die Bakufu-periode (Saito, 1912:155; Stone, 1966/67:106 en Horio, 1986:27). As gevolg van die onderwys van die Bakufu-periode was dit nie nodig dat Japan sy onderwys van meet af moes aanpak nie, maar die onderwysproses kon net voortgesit word. Passin (1967;12) voel dat onderwys "...was already part of the intellectual climate of late premodern Japan".

Nog 'n gevolg van die onderwys van die Bakufu-periode was dat die Japannese kultuur gesofistikeerd genoeg was sodat dit nie oorskadu was deur die Westerse kultuur nie. Vogel (1979:6) en Dore (1965:8) stel dit duidelik dat Japan nie slegs die Westerse kultuur aangeneem het nie, maar dit verwerk het en 'n "moderne" kultuur vir homself geskep het. In plaas van oorskadu te word deur die moderne kultuur van die Weste het die aanraking met die nuwe kultuur die Japannese eerder aangespoor om te verander en te ontwaak sodat hulle 'n nuwer en meer moderne rigting kon inslaan.

Sansom (1950:498) is van mening dat die oorsaak hiervan gesoek moet word in die beginsel dat een gesofistikeerde beskawing nie 'n ander gesofistikeerde beskawing oorneem nie, maar met hom versmelt.

### 4.4.4 Die bydrae van die karaktereienskappe van die bevolking tot die sukses van die nuwe onderwys

Die ou kenmerke van die Japannees soos intelligensie, moed, vindingrykheid en die vermoë om te organiseer was nog steeds teenwoordig, en toe die geleentheid hom voordoen, kon die volk die uitdaging om te vernuwe met geesdrif en sukses aanvaar (Kennedy, 1935:23 en James, 1951:33).

'n Duisend jaar na die aanvaarding van die Taika-kode (645) was dit weer eens tyd vir 'n vernuwing in die kultuur van Japan. Soos in die dae van die Taika-kode was die onderwys weer een van die belangrike middels tot vernuwing. Die kanonne en stoombote van Kommodoor Perry was slegs die finale strooi wat die bevolking gedwing het om te vernuwe. Die aankoms van Kommodoor Perry het die regering laat besef dat die eilande van die songodin beveilig moes word teen die "barbare" van die Weste (Thjis, 1965:6; Kobayashi, 1986:67)

Die Japannese het aanvaar dat hulle moes verander: hulle het beplan op watter manier hulle die verandering sou aanpak en het toe hulle planne uitgevoer. "If the Japanese set their minds to do a thing, there is no deflecting them from their purpose" (Kennedy, 1935:27). Toe die Japannees besef het dat hy verplig was om te verander, het hy 'n oplossing vir sy probleem gesoek en dit gevind in die verkryging van tegnologiese kennis uit die Weste. Hierdie inligting het hulle verwerk tot 'n eie Japannese stelsel, al het dit ongeveer 20 jaar geduur. Gibney (1981:31) sê dat die Japannees bekend is vir sy "...innovative adaptation, for getting the best out of a product concept and the supplementing this". Omdat die Meiji-bewind 'n nuwe Japannese onderwys geskep het, nie 'n Westerse onderwys nie, was die "nuwe" onderwys van Japan so 'n groot sukses.

### 4.4.5 Skoolplig word 'n werklikheid in Japan

Die Japannese bevolking was tot so 'n mate onderwysgerig dat hulle hulle eie onderwys gereël het toe die regering nie belanggestel het in onderwys vir almal nie (vergelyk paragraaf 2.10.2). Kinders was verplig deur die ouers om 'n skoolloopbaan te volg vir 'n tydperk deur die ouers bepaal, sonder dat daar enige verpligting van die kant van die staat was om skool te gaan. Hierdie ouers het skoolbywoning op die kinders afgedwing terwyl hulle self die arbeid van die kinders op die plase dringend nodig gehad het. Met ander woorde, onderwys was vir die Japannees baie belangrik; selfs belangriker as sy rysopbrengs (Dorfman, 1987:4).

Omdat 40-50% van die bevolking reeds geletterd was met die aanbreek van die Meiji-periode, kon slegs vóórtgegaan word met onderwys. Met die uitvaardiging van die Imperiale Edik oor onderwys het die staat die verantwoordelikheid vir algemene onderwys op hom geneem en beloof om die onderwys finansieel te ondersteun.

Alhoewel die nuwe onderwysbeleid van die regering baie geld sou kos, het die staat tog baie baat daarby gevind omdat die groot hoeveelheid opgeleide werkers 'n inkomste uit die suksesvolle industrieë vir die staat beteken het (Kukichi, 1909:78 en Horio & Platzer, 1990:27;33). Die implikasie is dus dat staatsbesteding aan onderwys 'n belegging was vir die Meiji-bewind.

### 4.4.6 'n Nuwe verhouding tussen die staat en die onderwys

Volgens Stone (1984:8) is "staatsinmenging" in die onderwys nie 'n seldsame verskynsel nie, want onderwys is nooit neutraal nie — dit reflekteer altyd 'n bepaalde kultuur. Die taak van die onderwys word só gesien: om die kultuur van die samelewing oor te

dra aan die jeug sodat die jeug voorberei kan word vir hulle leefwêreld. In die moderne samelewing is dit die staat wat rigting aan die onderwys gee en daarom kan dit gebeur dat die staat die onderwys misbruik (Kikuchi, 1909:78 en Reischauer, 1970:137).

Op hierdie stadium (1853) was dit die doelstellings van die Meiji-bewind om Japan ekonomies te versterk sodat daar geld sou wees om die verdediging van die land op te knap. Japan wou militêr presteer sodat hy op gelyke voet behandel sou word deur die Weste, en nie soos Indië geannekseer wou word nie, of soos China onderling verdeel wou word nie (Wolken, 1983:7).

Juis omdat die onderwys as een van die middels tot die bereiking van die ekonomiese doelstellings aangewend is deur die Meiji-bewind, het dit die geleentheid vir die staat geskep om die onderwys noukeurig te beheer. Die leerlinge is beskou as middele tot nasionale ontwikkeling en nie as persone in eie reg nie (Jansen, 1965:114).

Die ou, bekende onderwysfilosofie van Confucius, wat bepaal het dat 'n burger onderdanig en gehoorsaam aan sy regering moes wees, is nog steeds toegepas in die onderwys sodat die onderwys onderdanige en gehoorsame burgers kon oplei. Die Edik het immers bepaal dat die wette onderhou móet word (James, 1965:118; Beauchamp, 1987:301; Duus, 1976:116 en Horio & Platzer, 1990:27). Die Meiji-regering was ook oortuig dat die bevel van die Edik nie bevraagteken sou word nie, want die Edik was dan tog die "wens" van die keiser en die "wens" van die keiser was wet (Byas, 1944:12).

Alhoewel die inmenging van die staat 'n minder goeie eienskap van die nuwe onderwys was, omdat onderwys deur die staat beheer was, het dit tog ook goeie gevolge gehad. Daar was nou 'n sentrale liggaam wat belang gestel het daarin om voorskrifte op te stel vir wat in die onderwys moes plaasvind — omdat die onderwys 'n besliste doelstelling gehad het. Daar was dus nou 'n definitiewe inhoud voorgeskryf, toesig gehou oor die uitvoer van die opdragte, terwyl die onderrigtaak verrig sou word deur opgeleide personeel. Die opvoedkundige implikasie hiervan was dat die onderwys in Japan doeltreffend uitgevoer kon word.

### 4.4.7 Verdwyning van klasseverskille

Die "nuwe" rigting wat die onderwys ingeslaan het, het self bygedra tot die verdwyning van die ou klasseverskille. Die Meiji-bewind het besef dat die hele bevolking gemobiliseer moet word (Schoppa, 1991:24), want alleen deur ál die talente van die volk te gebruik, kon die probleme van die land die hoof gebied word. As gevolg van dié beleid het

die kinders van die samoerai en dié van die gewone burgers saam skoolgegaan. In die vroeëre spesiale skole vir die samoerai het hulle en die gewone burgers mekaar nooit ontmoet nie (Harada, s.a.:15; Stone, 1966/67:109 en Pretorius, 1989:256).

Die klasse in die samelewing het ook plekke verwissel omdat die veragte handelaar nou 'n gerespekteerde burger was en beskou is as 'n waardevolle lid van die gemeenskap (Stone, 1966/67:108), terwyl die eens gerespekteerde samoeraiklas verdwyn het omdat hulle geen funksie meer gehad het nie.

Nog 'n faktor wat aanleiding gegee het tot 'n minder klasbewuste gemeenskap was die nuwe konskripsieleër, want dit het bestaan uit die hele bevolking. Nou het elke burger die geleentheid gehad om sy vaderland te verdedig, nie nét die samoerai nie. Die Onderwys-Edik het bepaal dat élke burger homself moes aanbied as sy vaderland hom nodig sou kry (vergelyk paragraaf 4.2), nie net sekere groepe nie.

In die nuwe klaslose samelewing kon elke burger nou deur sy harde werk en toewyding sy posisie in die samelewing verbeter. Sy sosiale posisie was nie meer afhanklik van geboorte nie. Die onderwys van Japan het aan die "nuwe" Japan 'n reusebron van arbeiders verskaf, juis toe mensebronne tot die uiterste ingespan moes word om Japan te red van die bedreiging van die Weste (Schoppa, 1991:1).

### 4.4.8 Ouerbetrokkenheid steeds gehandhaaf

Die kultuur van Japan is deurspek met die geskiedenis van sy onderwys. Die feit dat die ouers deur die eeue gewillig was om vol te hou met onderwys nieteenstaande talle probleme, soos om byvoorbeeld die kinders se arbeid op die plase te ontbeer sodat die kinders die skool kon bywoon, toon die ingesteldheid van die ouers teenoor die onderwys van hulle kinders. Hierdie ingesteldheid teenoor die onderwys vorm die onsigbare fondament van die onderwysbeleid van die Meiji-bewind. Dorfman (1987:4) sê dat "...the willingness of both parents and children to sustain effort and sacrifice year after year to achieve success in school ... helps (to) form the invisible foundation of the contemporary education system".

Alhoewel die staat in die Meiji-periode die onderwys georganiseer het en selfs ook gedeeltelik gefinansier het, was die ouer tog nog steeds nóú betrokke by die onderwys van hulle kinders. Die gekose skoolkomitees in die dorpe en stede moes byvoorbeeld toesig hou oor die onderwys en bykomende fondse insamel (Kikuchi, 1909:78). Die ouers of voogde was verantwoordelik vir die getroue skoolbywoning van die leerlinge

(Kikuchi, 1909:79 en Horio & Platzer, 1990:81). Die organisasie was so deeglik dat selfs die straf vir ontduiking van skoolbywoning bepaal was (Kikuchi, 1909:81).

### 4.4.9 Onderwys as wegbereider vir nasionalisme

Hoewel die onderwysbeleid van die Meiji-bewind baie suksesvol was, het die beleid ongelukkig die weg oopgelaat vir misbruik deur die staat en is die onderwys as in-doktrinasiemiddel gebruik om die vlam van nasionalisme aan te blaas tot voordeel van die regering (Kikuchi, 1909:76,77; Duus, 1976:116 en Horio & Platzer, 1990:33), want die beginsel het die uitbreidingsplanne van die regering moontlik gemaak. In die Onderwys-Edik het die keiser die "wens" uitgespreek dat elke Japannees hom sou aanbied in diens van sy land as dit van hom gevra word. Hierdie "wens" van die keiser was in die praktyk 'n wet en is so deur die bevolking aanvaar (James, 1951:120).

Die gevaar waarteen die vaderland verdedig moes word, was ook nie denkbeeldig nie, want Kommodoor Perry was reeds in die Baai van Yedo en het Japan gedwing om met die VSA handel te dryf. Hierdie nasionale gevoel wat gekweek is deur die "wens" van die keiser en betrokke omstandighede, het die gevoel by die bevolking, dat hulle superieur is teenoor die ander state, versterk (Duus, 1976:24).

Die onderwysbeleid van die Meiji-bewind het hier nie baie verskil van dié van ou Japan nie, want die militaristiese sy was nog altyd 'n deel van die Japannese onderwys (Stone, 1966/67:101). In die Onderwys-Edik van 1891 (vergelyk paragraaf 3.3.6) het die keiser die Japannese aangemoedig "to offer yourselves" in diens van die vaderland. Dit het nie verskil van die vroeë onderwysgeskiedenis waar spesiaal aandag aan die onderwys van die samoerai gegee is nie; dus was die onderwys maar bloot 'n voortsetting van die onderwys van die samoerai, behalwe dat elke burger nou 'n samoerai was.

Die gedagte van nasionalisme is in vrugbare bodem geplant sodat die soldate vóór die gevegte gaan bid het: nie om veilig terug te keer nie, maar om te kom in die tempel waar almal vergader is wat vir die vaderland gesterf het (Hearn, 1909:507), of soos die joernalis Tokutomi geskryf het: "I prepared to sacrifice whatever was mine" (James, 1951:74).

### 4.4.10 Onderwys in diens van die ekonomie

Onderwys betrek die hele volkslewe, want die ouers van die leerling staan byvoorbeeld elkeen in 'n beroep en behoort aan 'n gemeenskap, en daarom was onderwys een van

die logiese keuses van die Meiji-bewind om die volkslewe te probeer vernuwe (Kerlinger, 1976:249). Die ouer skrywers oor die Meiji-periode noem die vernuwing in die onderwys wat deur die Meiji-bewind aangebring is 'n akademiese verandering. Maar 'n meer kontemporêre skrywer, soos King (1986:74), noem die verandering van die Meiji-regering se onderwysreëlings 'n proses van "industrialisasie" van die onderwys eerder as 'n proses van akademiese onderwys.

Die afleiding dat die onderwys "geïndustrialiseerd" was, is nader aan die waarheid, want dít is wat dit in werklikheid was. Daar moes nie professore in sterrekunde opgelei word nie, maar werkers vir die pasgestigte industrieë wat die ekonomie van die land moes bevorder. Schoppa (1991:24) stel dit dat die hele bevolking gemobiliseer moes word "to ... meet the challenge of the West". Dít was die prioriteit vir die Meiji-bewind omdat ekonomiese vooruitgang sy belangrikste doelstelling was.

Die feit dat die ekonomie die onderwys gebruik het, het ook die gevolg gehad dat die ekonomie deur die onderwys gebruik kon word omdat nodige aandag nou aan die onderwys gegee is. Die finansiering van die onderwys is nie afgeskeep nie en daar is ook genoegsame aandag aan die nodige beplanning gegee. Die verskynsels saam kon alleen maar net lei na doeltreffende en doelgerigte onderwys.

### 4.4.11 Die ekonomiese ontwikkeling as uitvloeisel van die onderwys

So ernstig was die Meiji-bewind ingestel op die verbetering van die ekonomie dat keiser Mutshihito ná sy troonsbestyging sy setel verplaas het na Tokio, die hart van die handelswêreld. Voorheen het die keiser niks met die handel te doen gehad nie (Ter Veen, 1948:122). Omdat die eerste doelstelling van die Meiji-bewind júis die verbetering van die ekonomie van die land was en júis omdat onderwys as een van die middels gekies is om die doel te bereik, sou die onderwys noodwendig die eienskap vertoon dat dit tot bevordering van die ekonomie sou wees (vergelyk paragraaf 4.4.7). Schoppa (1991:25) stel dit dat die besluit om onderwys te industrialiseer om ekonomiese groei te bewerkstellig, gestaaf is deur die sukses van die beleid van die Meiji-tydperk.

Om die ekonomie vinnig te laat vorder, is van die onderwys verwag dat groot groepe werkers opgelei moes word, sodat hulle hulle plekke kon inneem in die beplande nuwe industrieë. Die ekonomie het egter nie alleen van die onderwys groot groepe opgeleide werkers verwag nie, maar hulle moes so vinnig as moontlik gereed wees om in die behoeftes van die industrieë te voorsien. Met ander woorde, opleiding moes nie alleen groot groepe oplei nie, maar dit moes ook so vinnig as moontlik geskied.

Die beginsel dat die onderwys moes meehelp om die ekonomie te verbeter, het op sy beurt ook daartoe gelei dat die industrieë meer van die skole verwag het, naamlik om op hoogte te bly van die nuutste tegnologie (Kida, 1986:12). Oromaner (1986:128) sê reeds dat "...modern society is increasingly dependant on theoretical knowledge", en dit het tot gevolg dat onderwys modern moet wees.

Dit sou egter ook 'n probleem oplewer as die Japannese wat uit die skole kom nie doeltreffend opgelei was nie, want dan het die onderwys gefaal in sy doelstelling om werkers op te lei om die ekonomie van die land te verbeter. Die Japannese moes kon produseer as hulle gaan werk het. Die onderwys het dus ook daarby gebaat dat dit gedwing was om doeltreffend te wees.

Die implikasie vir die onderwys was dat daar so vinnig as moontlik die nodige aandag aan die onderwys gegee moes word sodat die nodige opleiding verskaf kon word aan die Japannese. Dit was weer eens tot voordeel van die onderwys omdat onderwys nou 'n prioriteit was wat die nodige aandag en fondse gekry het (Reischauer, 1970:134).

Die nuwe ekonomiese beleid het ook veroorsaak dat die groot aantal plattelandse bewoners wat na die stede gestroom het opgelei moes word om 'n heenkome in die industrieë te vind, veral ook omdat die industrieë hulle nodig gehad het. Die behoefte aan opleiding van werkers het ook gelei na die uitbreiding van onderwysgeleenthede soos aandskole (Lockwood, 1954:6).

Die nuwe ekonomiese behoeftes van Japan het dus sy eeue-oue beginsel van onderwys uitgebrei van onderwys vir die gees na onderwys wat ook werksgeoriënteerd was (Kida, 1986:12).

### 4.4.12 Die indirekte invloed van die Christendom op die vernuwing in Japan

Omdat die Japannese nie 'n diep godsdienstige volk is nie, kan die afleiding gemaak word dat die godsdiens geen invloed op die ontwikkeling van die vernuwing gehad het nie (Sansom, 1950:471), maar dat slegs ekonomiese en strategiese oorwegings deur die bewind in aanmerking geneem is. Dit is egter nie heeltemaal korrek nie.

Die aanvaarding van die Christelike geloof ná 1853 het nie alleen toegang tot die kultuur, wapens en handel beteken nie, maar ook die feitlike oorheersing van die kultuur van die Weste, onder invloed van die Christelike geloof, gedurende die eerste fase van

die Meiji-periode. Dit het gebeur omdat onderwysers, inligting en selfs onderwyshulp-middels, soos handboeke, uit die Christelike Weste ingevoer is.

Die Japannees se siening en houding teenoor godsdiens het geen botsing met die filosofiese idees van die Weste veroorsaak nie, alhoewel die filosofieë baie vér met mekaar verskil het. Die Japannees se houding teenoor godsdiens spreek duidelik uit sy siening dat of die mens nou Christen, Kommunis, of Boeddhis is, of Shinto aanhang, "dit sal geen verskil maak aan die rysoes nie" (James, 1951:36).

### 4.4.13 Slot

Die onderwys van Japan was deur die eeue 'n kragdadige instrument in die kulturele ontwikkeling van Japan (Dorfman, 1987:2). So was die Meiji-bewind se onderwys 'n reuse sukses wanneer daar gelet word op die gevolge . Skrywers is dit eens dat die onderwys van die Meiji-periode die doelstellings van die regering bereik het. So voel Schoppa (1991:1) aan: "In the Meiji period, the reformist leaders' decision constitute universal primary education ... gave Japan an educated and trainable workforce ... at a time when the nation needed to make maximum use of its human resources", en Picken (1986:59) stel dat Japan se belegging in onderwys één van die redes was vir sy verstommende groei en ontwikkeling aan die einde van die 19de eeu.

## 4.5 SLOT

Japan was nog altyd taalkundig, etnies en geografies 'n homogene land met 'n sterk kulturele identiteit (Vogel, 1979:5; Dorfman, 1987:2 en Yanagihashi, 1981:25), en daarom het Westerse klere, voedsel, vervoer en kommunikasie nie van Japan 'n Westerse land gemaak nie. Schoppa (1991:23) sê dat Japan probeer en daarin geslaag het "to maintain basic Japanese values while also mobilizing the talents of the nation through a ... 'modern' educational system". Japan se droom om deur die Weste as gelyke aanvaar te word, is uiteindelik bewaarheid aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog toe Japan die "new far west" genoem is — en dit was sekerlik bedoel as die gelyke van die "old West". Omdat Japan se strategie (om erkenning deur die Weste) aangepak is deur die onderwys (onder andere) as wapen te gebruik (Reischauer, 1970:136; King, 1986:74 en Buzzelli, 1988:3), het onderwys in die proses 'n nuwe funksie gekry, naamlik om ekonomiese welvaart te skep (King, 1986:73,75 en Buzzelli, 1988:4).

## 4.6 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

In hoofstuk 4 is die opvoedkundige gevolge van die onderwys van die Meiji-bewind beskryf en die sukses wat die aandag aan onderwysbeplanning en die uitvoer daarvan meegebring het (Harada, s.a.:21; Dorfman, 1987:2; Buzzelli, 1988:1 en Pretorius, 1989:259). Die onderwys van die Meiji-bewind het 'n nuwe, tweeledigge karakter openbaar: aan die een kant was dit swaar gelaai met moraliteit en nasionalisme, en aan die anderkant met tegniese inligting (Passin, 1965:88; Pretorius, 1989:251 en Horio & Platzer, 1990:26). Die doelwitte van die Meiji-bewind was ekonomiese vooruitgang en die skepping van 'n doeltreffende verdedigingstelsel. Hierdie doelwitte is bereik binne 50 jaar en 'n belangrike rede vir die sukses van die beleid van die Meiji-bewind is dat die verandering nie afgedwing is nie, maar "aangevra" is deur die bevolking (Jansen, 1965:101). In die volgende hoofstuk word die moontlike onderwysimplikasies wat die nuwe onderwys van die Meiji-periode vir die RSA kan hê, bestudeer.

# HOOFSTUK 5

## DIE MOONTLIKE IMPLIKASIES WAT DIE KULTURELE ONTWAKING VAN JAPAN VIR DIE RSA INHOU

### 5.1 INLEIDING

Die verloop van die geskiedenis dra 'n "volstrek eenmalige karakter" (De Klerk, 1973:15), maar omdat byvoorbeeld mense, hulle optrede en behoeftes bepaalbaar is, en omdat alle mense aan algemene wette onderworpe is, is dit moontlik om 'n vergelyking te tref tussen die Meiji-Japan van 1853 en die RSA ná 1976, nieteenstaande 'n tydsverskil van meer as 'n eeu. Deur die verskille en ooreenkomste van gebeurtenisse uit die verlede te vergelyk, kan hedendaagse probleme beter verstaan word omdat die oplossing van die ou probleem as leidraad vir 'n moontlike oplossing van die bestaande probleem gesien kan word (De Klerk, 1973:11).

In Meiji-Japan was daar byvoorbeeld druk toegepas vir verandering, sowel van buite as binne die land self. Die RSA bevind hom in dieselfde posisie. Beide dié lande het ekonomies agteruitgegaan vanweë die politieke beleid van hulle regerings en die toestand kon alleen verbeter word deur 'n politieke vernuwing. Nadat Meiji-Japan van die ou politieke bestel ontslae geraak het, het die nuwe bewind homself ten doel gestel om die ekonomiese probleme aan te spreek. Om dit te kon doen het hulle onder andere besluit om die onderwys in te span.

In die RSA het die onderwys sélf verpolitiseerd geraak sodat die onderwys dan ook gebruik word om druk op die regering uit te oefen om politieke verandering moontlik te maak (Berger en Godsell, 1988:150). Ná afloop van 'n politieke hervormingsproses in die RSA kan onderwys ook, na aanleiding van die geval in Meiji-Japan, aangewend word om ekonomiese ontwikkeling aan te help (Anon, 1992b:6).

In hierdie hoofstuk gaan slegs die hoofmomente van ooreenkomste en verskille tussen Meiji-Japan en die RSA behandel word. Uit die navorsing het dit duidelik geword dat politieke veranderinge in Japan ná 1853 die weg gebaan het vir veranderinge op verskeie terreine, soos o.a. die ekonomiese, die sosiale en onderwysgebied. In die RSA is dit

ook moontlik dat politieke veranderinge die weg kan open vir veranderinge op ander terreine. Omdat die hantering van die genoemde probleme deur die Meiji-regering suksesvol was, kan dit moontlik oplossings bied vir die politieke- en onderwysleiers van die dag in die RSA.

Die periode waarop gelet word in die RSA, naamlik die fase ná 1976, is gekies omdat dit die periode is waarin teenstand teen die politieke beleid van die regering momentum verkry het. Aan die een kant het groeperinge ontstaan wat in direkte opposisie gekom het met die regering van die dag soos die "National Liberation Movements", die "Mass Democratic Movements" en die "Black Consciousness Movement". Die gevolg was dat die regering sedert 1976 feitlik verplig was om voortdurend hervormings en veranderinge aan te bring.

## 5.2 TOESTANDE OP DIE VOORAAND VAN VERANDERING

Tydens die Bakufu-periode, wat die Meiji-bewind voorafgegaan het, was daar 'n politieke bestel in Japan wat onaanvaarbaar geword het vir die Japannese bevolking omdat die regering in Japan hulle legitimiteit verloor het. Dit het gebeur omdat toestande in Japan gelei het tot die herlewing van Shinto, en die geloof in die beginsel dat die keiser die hoof van die staat Japan was. Die gevolg was dat die bevolking daarop begin aandring het dat die Bakufu (Japannese regering) moes bedank (vergelyk paragraaf 3.3.2). 'n Tweede rede waarom daar van die Bakufu-regering ontslae geraak moes word, was dat hulle isolasiebeleid gelei het tot die bankrotskap van die staat Japan (vergelyk paragraaf 2.2.6.6). Die nuwe regering in Japan ná 1853 het as een van hulle primêre doelstellings die verbetering van die ekonomie gesien (vergelyk paragraaf 3.3.7). Om dit te kon doen het hulle onder andere op die onderwys as hulpmiddel besluit (vergelyk paragraaf 3.3.9).

Davenport (1988:464) voel dat die politieke opstande en rusteloosheid in die RSA, veral ná 1976, gegaan het oor die "emotional distaste" van duisende mense oor politieke maatreëls wat die grootste gedeelte van die bevolking verhoed het om aan die politieke bedrywighede van die land deel te neem. Omdat hulle nie daaraan kon deelneem nie, is die regering vir die grootste gedeelte van die bevolking onaanvaarbaar. 'n Tweede rede vir die onaanvaarbaarheid van die regering in die RSA is dat die gevolge van hul politieke beleid gelei het tot isolasie van die land en die agteruitgang van die ekonomie.

In die RSA het die staat verantwoordelikheid aanvaar vir die onderwys van die totale bevolking, maar die meeste geld aan blanke onderwys bestee en daarom het die onderwys self 'n groot twispunt geword op nasionale vlak. Die gevolg van die politieke toestande en die onaanvaarbare onderwysbeleid van die regering het gesamentlik bygedra tot die verpolitisering van die onderwys (Berger & Godsell, 1988:150 en Anon, 1991:4). Die onderwys is juis dié instrument wat in die RSA gebruik word om interne druk op die regering toe te pas om verandering aan te bring (Davenport, 1988:459 en Marais, 1988:169).

## 5.3 DIE VERSKILLE TUSSEN MEIJI-JAPAN EN DIE RSA

### 5.3.1 Inleiding

Voordat enige vergelyking getref kan word tussen die RSA en Japan, is dit nodig om op die verskille tussen die twee lande te let, want hierdeur sal dit moontlik wees om te bepaal of daar werklik 'n vergelyking getref kán word.

Japan het 'n groot voordeel bo die RSA omdat dáár 'n magtige saambindende faktor in die persoon van die keiser was. Dit het daartoe gelei dat alle verskilpunte vir die Japannese uit die weg geruim is. Omdat alle hervormings as die "wens" van die keiser afgekondig is, is dit uitgevoer sonder teenstand. In die RSA is daar tans geen nasionale simbool wat die bevolking saambind tot 'n eenheid nie, en daarom word alle verandering deur alle lae van die bevolking bevraagteken. Die gevolg hiervan is dat alle hervorming moeilik toegepas kan word.

### 5.3.2 Kultuurverskille

In Meiji-Japan het daar nie 'n kultuurverskeidenheid bestaan nie, want al die Japannese was van Mongoolse oorsprong en vermeng met die inheemse Aino. Hulle het almal Japannees gepraat en Shinto en Boeddhisme as godsdiens beoefen (vergelyk paragraaf 2.2.9).

Die kultuur wat in Japan ontstaan het, het ontwikkel deur die eeue sodat dit meegebring het dat die Meiji-bewind 'n bevolking geërf het wat onderling heg verbind gevoel het omdat hulle een kultuur gedeel het. Hierdie eenheidsgevoel is verder verstewig in die persoon van die keiser wat vir elke Japannees die verpersoonliking van Japan was. Kultuur het vir Meiji-Japan daarom geen probleme geskep nie.

In die RSA is dit egter 'n probleem van reuse-omvang. In die RSA bestaan die bevolking uit Afrikaners, Engelse, Zoeloes, Twanas, Xhosas, Tsongas, Vendas, Swazi's en ander volkere (Inskeep, 1979:21 e.v.). Elke groep dra nog die kenmerke van sy herkoms wat hom laat verskil van sy medeburger (Marais, 1988:47-53 en Davenport, 1988:3-24). Hierby is die RSA ook nog multi-godsdienstig, want die Christelike Godsdiens, Islam, Boeddhisme, Hindoeïsme en die Joodse godsdiens word almal vryelik beoefen.

Selfs die taalgebruik in die RSA kan reusagtige probleme veroorsaak, want daar word verskeie Europese tale gepraat onder andere Italiaans, Frans, Duits, Portugees, Nederlands, Grieks asook die twee offisiële tale Engels en Afrikaans. Daar word ook ses Oosterse tale gepraat terwyl 'n verdere twaalf Afrika-tale in die RSA gebruik word as kommunikasiemiddel (Marais, 1988:281). Hierdie probleem sal moet opgelos word in die skep van één onderwysstelsel vir die hele bevolking.

### 5.3.3 Verskille in peil van geletterdheid

Teen 1853 was die Japannese bevolking ongeveer 40-50% geletterd. Dit was die gevolg van die volgehoue onderwys waarop die Japannese ouers van die vroegste tye af aangedring het (vergelyk paragraaf 2.2.10). Dit het die gunstige toestand meegebring dat die geletterdes deur die Meiji-bewind gebruik kon word in die nuwe onderwys, verbeterde staatsdiens en ontwikkelende ekonomie.

In die RSA skyn die situasie die teenoorgestelde te wees. Hier is slegs 'n baie klein gedeelte van die bevolking geletterd. Hierdie toestand het ontstaan omdat die swart volke, wat die grootste gedeelte van die bevolking uitmaak, finansieël self vir die onderwys van hulle kinders verantwoordelik was. Alhoewel die staat in die RSA die verantwoordelikheid van die onderwys van die bevolking gedra het, is die leerlinge finansieel ongelyk behandel. Louw (Maart, 1992:2) bereken dat 20% van die swart bevolking jonger as 20 jaar is, en dat slegs 20% van hulle geletterd is.

Omdat die swart- en kleurling-gedeelte van die bevolking dit finansieel nie breed gehad het nie, was dit moeilik om hulle kinders vir die nodige aantal jare op skool te hou; die geletterdheid van die groep het daarom nooit toegeneem nie, alhoewel die leerlinggetalle steeds 'n toename vertoon. Ook die inhoud van die kurrikulum het probleme veroorsaak, want dit is as "gutter education" bestempel. Die swak uitslae van die matriekeksamen is 'n bewys dat daar iewers iets verkeerd is in die swart onderwys (Anon, 1992b:8). Daarenteen het die blanke gedeelte van die bevolking 'n onderwysloopbaan geniet wat aan hulle vereistes voldoen het. Met krimpende getalle onder die

blankes het die totale vlak van geletterdheid in die RSA in werklikheid verminder. Die geletterdheid van die bevolking word belangrik by verdere opleiding omdat geletterde mense makliker verder opgelei kan word, ongeletterdes moet eers basiese onderwys ontvang.

### 5.3.4 Die waarde van gevestigde tradisies

In Meiji-Japan was daar gevestigde tradisies, soos byvoorbeeld die tradisie dat die keiser as godeseun die politieke hoof van Japan was (vergelyk paragraaf 3.3.3), of dat almal Shinto (vergelyk paragraaf 2.2.9.1) aangehang het. Ook het die volk geglo aan die idee dat die songodin die Japannese spesiaal op die eilande toegelaat het. Die Japannese het daarvan afgelei dat hulle 'n spesiaal uitverkore volk was en deur die gode geseën was. Al hierdie gevestigde tradisies kon gebruik word om die bevolking tot 'n hegte eenheid saam te snoer.

So kan die Meiji-bewind byvoorbeeld agter die keiser skuil as hulle een of ander radikale verandering wou aanbring (vergelyk paragraaf 3.3.3). Dit kon plaasvind omdat die bevolking geglo het dat die keiser 'n godeseun was wat deur die songodin as staatshoof op die eilande geplaas is en dat die bevolking verplig was om sy wense uit te voer. Dít het teweeggebring dat daar nie teenstand teen veranderinge was nie, want die bevolking sou nooit teen die wense van die kleinseun van die songodin optree nie.

In die RSA is dit moeilik om eenvormige volkstradisies te kry. Die gedeelte van die bevolking van Westerse afkoms onderhou die meer gesofistikeerde Westerse tradisies. Daarteenoor word tradisionele Afrika-tradisies onderhou deur die gedeelte van die bevolking van Afrika-herkoms. Die volke van Asiatiese afkoms onderhou weer hulle eie Oosterse tradisies. Eerder as om 'n samebindende faktor te word, kan tradisies of gevestigde optrede dus baie makliker probleme in die RSA veroorsaak. Hoewel die verskille in tradisies so groot is, kan van elke deel van die bevolking gesê word dat hulle wel tradisies het (Marais, 1988:47).

### 5.3.5 Geografiese verskille

Die beperkte bewoonbare oppervlakte van Japan het meegebring dat die bevolking fisies nader aan mekaar gewoon het en dus nader aan mekaar gevoel het omdat hulle mekaar voortdurend moes konsidereer. Die baie eilande was nie afgesonder van mekaar deur die see wat hulle geskei het nie, maar die see het dit eerder vir die bevolking moontlik gemaak om makliker met mekaar te kommunikeer, want dit was meer gerieflik om met 'n boot van een plek na 'n ander te gaan as om oor land te probeer reis (vergelyk paragraaf 2.2.2).

Die RSA beskik oor 'n baie uitgestrekte grondgebied wat yl bewoon word en dit bring mee dat die bevolking gewoond is om relatief onafhanklik op te tree. Dié toestand kweek nie 'n gevoel van eensgesindheid nie, maar eerder een van onafhanklikheid, onbetrokkenheid en selfs aliënasie tussen medeburgers. Alhoewel baie van die logistieke probleme van reis en kommunikasie reeds oorbrug is in die RSA, is die afstande steeds groot en neem reis van een plek na 'n ander baie tyd in beslag. Hierdie faktore dra individueel en gesamentlik by tot 'n situasie van onafhanklikheid en selfs geskeidenheid (Marais, 1988:253).

### 5.3.6 Die karaktereienskappe van die bevolking

Die eienskap dat die familie die belangrikste in die lewe is, word by die Japannees gekweek deur die filosofie van Shinto. Hiermee saam gaan die geloof dat die keiser die kleinseun van die songodin is en daarom as hoof van die Japannese volk (gesin) moet optree. Hierdie filosofie werk dus ook mee om die Japannese bevolking saam te snoer as één bevolking (vergelyk paragraaf 2.2.3). Dit bring samewerking en toegeneentheid mee sodat die bevolking makliker één doel kan nastrewe.

In die RSA het die verskillende dele van die bevolkingsamestelling uiteenlopende karaktereienskappe. So is dié van die blanke gedeelte op Westerse patroon geskoei en daarom tree hulle op as onafhanklike individue. By die swart bevolking is die familiebande baie belangrik. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die mens nie sy vervulling as individu kan vind nie, maar alleen as deelnemer aan die familiegroep en die gemeenskap (Van der Walt, 1987:98). Nie eers die godsdiens bring die bevolking nader aan mekaar nie. Alhoewel hulle tog sterk onder die invloed van die "Westerse" godsdiens gekom het (Van der Walt, 1987:109), oorheers by die swart gedeelte van die bevolking "die manisme en magisme die religieuse grondslag" (Van der Walt, 1987:91). Hierteenoor word by die blanke gedeelte van die bevolking eerder aan die Drie-enige God geglo. Die Hindoe glo aan sy tallose gode, en Islam en Boeddhisme het ook hulle eiesoortige geloof. Hierdie verskynsel van godsdienstige verskeidenheid kan ook 'n probleem op onderwysgebied veroorsaak.

### 5.3.7 Rasverskille

In Meiji-Japan was daar geen komplekse rasseprobleem nie. Vandat die Mongole en Ainos in die mitologiese tyd saamgesmelt het om een volk te vorm, was die eilande bewoon deur een groep mense met dieselfde karaktereienskappe en waardes. Almal het Japannees gepraat, Shinto en Bhoedisme beoefen en die lewenswyse van die samoerai

bewonder. Elke Japannees het presies geweet waar sy plek in die samelewing was en hy was tevrede daarmee (vergelyk paragraaf 2.2.4.2).

Die bevolking van die RSA is baie duidelik heterogeen in samestelling en herkoms, en het reeds uit verskillende rasse bestaan in die dae van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie. Tóé het daar reeds rassediskriminasie bestaan. Davenport (1988:119) noem dat dit toe reeds as onredelik beskou is dat die blanke jongmans saam met die slawe moes werk. Rassediskriminasie in die RSA asook die res van die wêreld is dus 'n verskynsel met 'n lang historiese aanloop, maar die hedendaagse afsku daarin is 'n verskynsel van resente oorsprong (Marais, 1988:119). Die probleem van veelrassigheid in die skole sal op een of ander manier deur die skeppers van 'n nuwe onderwysbedeling opgelos moet word sodat alle gedeeltes van die bevolking tevrede sal wees (Anon, 1991:10).

### 5.3.7.1 Die aankoms van die Afrika-volkere

Die bevolking van die RSA kan na verskeie ander wêrelddele teruggevoer word, voordat hulle saam aan die suidpunt van Afrika kom woon het. Die Khoisan, wat die Hottentotte en Boesmans insluit, word as die vroegste inwoners van die RSA beskou (Davenport, 1988:3 en Marais, 1988:48). Die Hollanders het die Khoisan ontmoet op die vlaktes van die Kaapse kusgebied.

Die swart Suid-Afrikaners het omstreeks 300 n.C. in die huidige Transvaal en Natal aangeland vanwaar hulle versprei het tot by die Visrivier (Davenport, 1988:7-12 en Marais, 1988:48). Die difaqane of verspreiding van die swart stamme in die twintigerjare van die 19de eeu het daartoe gelei dat die stamme wat vir Shaka gevlug het die binneland ingetrek het, maar groot gedeeltes van die binneland onbewoon gelaat het. Dié toestande het daartoe gelei dat die Voortrekkers die onbewoonde gebiede beset het.

### 5.3.7.2 Die aankoms van die immigrante van Europa

Die bevolkingsamestelling van die RSA is grootliks beïnvloed deur die aankoms van blanke immigrante uit Wes-Europa. Die eerste Blankes in die dae van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (16de eeu) het bestaan uit Nederlandse amptenare en Vryburgers, Franse Hugenote en Duitse amptenare. Die Engelssprekende gedeelte van die bevolking het eers teen die begin van die 19de eeu in Suid-Afrika begin toeneem. Die ontdekking van goud en diamante het tot nog 'n vlaag van immigrante uit Wes-Europa aanleiding gegee (Marais, 1988:50).

### 5.3.7.3 Die aankoms van die immigrante uit die Ooste

Die Oosterse gedeelte van die bevolking van die RSA kan teruggevoer word na die invoer van slawe in die tyd van die Kompanjie. Die getalle is aangevul in 1860 met die invoer van Indiërs om op die suikerplantasies te werk (Davenport, 1988:22-30 en Marais, 1988:50,51).

### 5.3.8 Konskripsieleër

Na sy troonsbestyging het Keiser Mutshihito sy "wens" uitgespreek om 'n konskripsieleër vir Japan op die been te bring (vergelyk paragraaf 3.3.6.2). Die tweede doelstelling van die Meiji-bewind was die beskerming van die vaderland teen die bedreiging van die Weste en daarom was dié leër nodig. Voor die tydperk van die Bakufu was daar vir ongeveer 'n eeu lank oorlog en het die samoerai die stryd gevoer. Die Tokugawa-familie het eindelik vrede in Japan bewerkstellig vir ongeveer 250 jaar lank en daarom het die samoerai sy doel in die samelewing verloor (vergelyk paragraaf 3.2.5). Toe Kommodoor Perry met sy moderne wapens en skepe in die Baai van Yedo aangeland het, was die eens magtige samoerai kragteloos. Saam met die skepping van die nuwe konskripsieleër het die ou samoerai-klas geheel en al sy doel verloor.

In die RSA was daar vóór 1976 'n vorm van konskripsie wat behels het dat sekere blanke jongmans geloot was om ongeveer 'n jaar militêre opleiding te ondergaan. Ná 1976 is die stelsel uitgebrei tot dit uiteindelik 'n 2 jaar verpligte militêre dienslewering was. Tans is dié wet nog nie gewysig nie, maar die staatspresident het toestemming verleen dat die opgeroeptes slegs een jaar verpligte militêre diens doen (Kommandant W.F. Liebenberg, 1992).

In die RSA is nog slegs die blanke gedeelte van die bevolking volgens wet deel van die konskripsie, wat ook 'n mate van ontevredenheid veroorsaak van die kant van die blankes. Tans word daar gepoog om dié leër te verklein omdat daar nie meer aanslae van buite die grense op die land gemaak word nie en slegs 'n doeltreffende verdedingstelsel nodig is (Hyslap, 1989:6).

### 5.3.9 Samevatting

Japan het 'n lang geskiedenis van ontwikkeling waarin hy kon saamsmelt tot één bevolking met dieselde taal en kultuur, terwyl die RSA maar 'n ontwikkelingsgeskiedenis van 340 jaar het. Die verskille wat bestaan tussen die bevolkingsgroepe het nog nie verdwyn

om die bevolking tot 'n eenheid saam te snoer nie. Omdat die kultuurverskille in die RSA deur wetgewing benadruk is, skep die verskynsel van multi-kultuur eerder 'n verbrokkeldheid in die struktuur van die bevolking as wat dit bydra om die bevolking saam te snoer.

Gevestigde tradisies in Japan is een van die verskynsels wat die bevolking saambind tot 'n hegte eenheid, maar in die RSA is daar 'n gebrek aan eenvormige tradisies en vererger die verskeidenheid van tradisies die verskille tussen die onderskeie bevolkingsgroepe.

'n Verskynsel wat nie verander kan word nie, is die geografiese gesteldheid van die land. In Japan was die bevolking verplig om op die eilande te woon waar grondgebied beperk was. Omdat dié land so onbegaanbaar is, is gebruik gemaak van die see om vervoer te vergemaklik. In die RSA is die grondgebied uitgestrek en woon mense ver van mekaar. Waar die geografiese omstandighede in Japan ontmoetings tussen mense aanmoedig, word ontmoetings in die RSA ontmoedig deur die groot afstande. Verdeeldheid word sodoende in die hand gewerk.

Die filosofie van Shinto in Japan lei die Japannees om sy lewe in te rig óm die familie. In die RSA daarteenoor word 'n verskeidenheid idees gehuldig oor die familie en gesin. Waar die swart bevolking ook die familie as belangrik ag, skyn dit nie die geval by die blankes te wees nie. Die blanke, volgens die Westerse patroon, ag eerder die individu belangrik.

'n Belangrike verskynsel in die RSA wat die bevolking verder verdeel, is die kwessie van rasverskille. In die RSA het dié skeiding reeds in die dae van die Verenigde Oos-Indiese Kompanje bestaan en dit is nog nie uitgewis nie. In Japan was daar nie sprake van verskillende rasse nadat die Mongole en die Ainos saamgesmelt het nie.

As daar 'n gevolgtrekking gemaak moet word uit al bogenoemde verskille tussen Japan en die RSA is dit dat die RSA die moed aan die dag moet lê om te waag in 'n poging om 'n oplossing te vind, al is dit politieke waagstukke wat aangedurf moet word (Davenport, 1988:578). Japan het gewaag om 'n algehele nuwe en vreemde regeringsvorm aan te neem en die waagstuk het uitgeloop op 'n groot ekonomiese ontwikkeling en kulturele vernuwing in Japan ná 1853.

## 5.4 OOREENKOMSTE TUSSEN MEIJI-JAPAN EN DIE RSA

### 5.4.1 Inleiding

In Japan het die bedanking van die Bakufu-regering in 1853 die vernuwing ingelei. Hierdie gebeurtenis het ook die proses van verandering begin op ander gebiede, soos byvoorbeeld die ekonomie. In die RSA het daar al vernuwing plaasgevind vandat die regering begin het om sy politieke beleid te verander. Nieteenstaande daar dus meer as 100 jaar verloop het tussen die vernuwing in Japan ná 1853 en die RSA ná 1976, is daar tóg punte van ooreenkoms tussen die twee lande.

### 5.4.2 Internasionale druk

Die Bakufu het vir baie jare lank gevrees dat die Weste Japan sou probeer inneem en dwing om handelsverdrae aan te gaan. Die Weste het vanweë sy uitgebreide handel met die Ooste onder andere 'n basis nodig gehad vir sy skeepvaart waar hy onder meer steenkoolvoorrade kon oplaai en ook vir die versorging van skipbreukelinge. Toe Kommodoor Perry in 1853 in Japan aangekom het, was die Bakufu verplig om met hom 'n handelsooreenkoms aan te gaan vanweë sy militêre mag.

Reeds baie jare lank word daar internasionale druk op die regering van die RSA uitgeoefen deur die Weste om verandering in sy politieke beleid aan te bring. Dié druk het tot op datum veral die vorm van ekonomiese druk aangeneem soos sanksies en disinvestering. Gewapende invalle van buurstate soos Angola en Zimbabwe is deur sekere terroristegroepe geloods.

Hierdie toedrag van sake het in 1972 begin toe die anti-apartheidsgroepe hulle toegelê het op die bepleit van disinvestering (Davenport, 1988:490). Teen 1977 het prominente Amerikaanse en Britse besighede hulle kapitaal aan die RSA onttrek. Ná 1985 is sanksies verskerp en slegs lenings wat gebruik sou word vir onderwys, behuising en gesondheid is deur die VSA goedgekeur. Dit het beteken dat die RSA tekort moes gaan aan invoere, en ook nie nuwe markte kon soek vir uitvoere nie (Davenport, 1988:489-492).

Die twee terreine waarop die RSA gereken het om kontak met die Weste te bly behou, het ook nie resultate gelewer nie. Die strategiese waarde van Simonstad het nie die RSA gered van sanksies nie, want lande soos Engeland en Amerika het ander basisse gesoek en gevind. Ook nie die beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne kon die RSA red nie, want weer eens is alternatiewe bronne gevind.

Die weiering van die RSA om Namibië af te staan en die verdere weiering om sanksies teen Rhodesië toe te pas, het die Weste nog verder vervreem van die RSA (Davenport, 1988:491). Dit was uiteindelik nie die ekonomie van die Weste wat gelei het onder sanksies nie, maar wel dié van die RSA.

### 5.4.3 Druk van binne die land

Aan die einde van die Bakufu-periode is daar van binne die land druk uitgeoefen op die regering om verandering te bewerkstellig. Die bevolking wou die keiser "herstel" as politieke hoof van die staat Japan en daarom was die Bakufu-regering onaanvaarbaar vir die bevolking (vergelyk paragraaf 3.3.2).

Met die aankoms van Kommodoor Perry het hierdie militaristiese bevolking, wie se hoogste klas altyd die soldate-klas of samoerai was, besef dat hulle nie durf waag om die skepe aan te val nie (vergelyk paragraaf 2.2.8).

Toe Kommodoor Perry in Japan aangekom het, was daar ontevredenheid op politieke, sosiale en ekonomiese gebied. As voorbeelde: die boeregemeenskap was ontevrede omdat alleen hulle belastings betaal het, en die handelaars was weer ontevrede omdat hulle geen politieke of sosiale voorregte geniet het nie (vergelyk paragraaf 2.2.6.4). Op húlle beurt was die samoerai ontevrede omdat hulle baie aansien gehad het, maar nooit genoeg geld gehad het om van te lewe nie.

"Georganiseerde" teenstand teen die blanke oorheersing in die RSA is reeds meer as 'n eeu aan die gang. Dit het begin met die stigting van die "Union of Africans" in 1882 en die "Natal Congress" in 1894. Hierdie organisasies is gestig omdat hulle wou protesteer teen die gebrek aan politieke en ekonomiese magte van die nie-blankes (Wilson en Ramphele, 1988:6). Die ontevredenheid het toegeneem en uiteindelik aanleiding gegee tot die stigting van die "African National Congress of South Africa" (ANC) in 1912 en later die "Pan African Congress" in 1959 (Berger & Godsell, 1988:128; Webster & Friedman, 1989:23,25).

Na die verbanning van dié twee organisasies, ontwikkel die "Black Consciousness Movement" wat menswaardige behandeling vir die swartmense vereis het. Dit was hierdie beweging wat aanleiding gegee het tot die proteste en boikotte wat in 1976 in Soweto begin het.

Die ontevredenheid wat uitgeloop het op die onrus van 1976 kan toegeskryf word aan verskillende oorsake, een daarvan was die gebruik van Afrikaans as voertaal in die

skole. Die onderwys was egter slegs die fokuspunt van die ontevredenheid. Die kerke het byvoorbeeld toegetree tot die politieke stryd deur middel van die "United Democratic Front" en die "Congress of South African Students" (Berger & Godsell, 1988:138). Die sakewêreld het deelgeneem deur byvoorbeeld alternatiewe vervoer te verskaf tydens vervoerboikotte (Berger & Godsell, 1988:138). Ná 1976 het terroristegroepe die RSA geïnfiltreer vanuit die buurstate en probeer om die regering omver te werp (Davenport, 1988:429). Die inwoners van die tuislande, wat hulle burgerskap van die RSA verloor het, was ontevrede omdat hulle toeganklikheid tot die arbeidsmark verloor het (Davenport, 1988:430). Die styging van die huur in die swart woongebiede het ook ontevredenheid veroorsaak (Berger & Godsell, 1988:131 en Davenport, 1988:431). Dié toestand van ontevredenheid het die blanke inwoners van die RSA laat besef dat verandering onvermydelik was (Berger & Godsell, 1988:129).

### 5.4.4 Politieke hervorming

In Japan het die Tokugawa-familie aan bewind gekom nadat hulle die familietwiste van vóór 1600 beëindig het. Daar het reeds eeue lank 'n shogun aan die hoof van die regering bestaan, maar die Tokugawas het die regeringvorm verander en prakties laat werk (vergelyk paragraaf 2.2.4.6).

Die shogun het baie mag bekom omdat die adel op die plase hom gekies het en daarom lojalitieit aan hom verskuldig was. Die regeringsvorm wat hulle geskep het, is die Bakufu genoem en die beleid van die Bakufu was om vrede in die land te verseker. Die manier waarop hulle dit bewerkstellig het, was om hulle geheel en al af te sonder van die buitewêreld. Nadat die Bakufu ongeveer 250 jaar lank regeer het, het daar van alle kante ontevredenheid oor hulle beleid ontstaan (vergelyk paragrawe 2.2.6.4, 2.2.6.6 en 2.2.8).

Om die toestand te vererger het die hele bevolking gevoel hulle bevind hulle in 'n probleemsituasie as gevolg van die dreigende Weste. Hulle het hulle gewend na die inheemse godsdiens van die Japannese, naamlik Shinto en het daarin 'n oplossing gesoek. In die soeke het hulle ontdek dat die keiser die ware staatshoof van Japan is, nie die shogun nie (vergelyk paragraaf 2.3.2.3). Die gevolg was dat die samelewing in oproer was en van die Bakufu ontslae wou raak. Die aankoms van Kommodoor Perry was net die finale strooi wat veroorsaak het dat Japan 'n vernuwing ondergaan het. Die politieke oplossing in Meiji-Japan kon maklik aanvaar word, want die oplossing was die wens van die bevolking.

In die RSA het die blanke en gekleurde dele van die bevolking elk sy eie ideale oor wat 'n "nuwe Suid-Afrika" moet wees en die verskillende ideale kan tot 'n botsing

lei. Konfrontasie tussen blank en gekleurd is nie vreemd in die RSA nie, maar die opstande van 1976 het die opstandigheid teen die regering 'n sterk impetus gegee. Dié opstande het drie belangrike gevolge gehad, naamlik:

- dat die skole die fokuspunt van die politieke stryd geword het,
- dat groot groepe jongmense die RSA verlaat het om as vegters in die buiteland opgelei te word en
- dat die blanke gedeelte van die bevolking tot die besef gekom het dat verandering onvermydelik was (Berger & Godsell, 1988:129).

Die opstande het begin op 16 Junie 1976 toe die studente 'n onwettige optog gehou het om te protesteer teen die gebruik van Afrikaans as voertaal in die skole. In werklikheid was dit 'n protes teen die onderwysbeleid van die regering wat swart leerlinge opgelei het vir minderwaardige posisies in die samelewing (Davenport, 1988:430). Die protes lei tot die stigting van die "Black Consciousness Movement" en die "South African Student's Organization". Hierdie georganiseerde teenstand soos stakings en boikotte teen die onderwysbeleid van die regering het die regering gedwing om met hervormings te begin omdat die onrus deur die land versprei het. Omdat die maatreëls nie die opstande beëindig het nie, is al die swartbewussynsbewegings verban (Davenport, 1988:433).

In 1977 het die regering gekom met voorstelle waardeur die senaat afgeskaf en die presidentsraad ingestel is. Die lede van die presidentsraad sou gekleurd, blank, of Indiër wees, maar nie swart nie. In 1985 was daar nog verdere ontwikkeling met die instelling van die Driekamerparlement. Hierdeur sou die Indiër, gekleurd en blank elk sy eie huis in die parlement verkry sodat elk sy "eie" sake kon hanteer. Die verkiesing van die lede van die onderskeie verteenwoordigende liggame het weer gelei tot grootskaalse skoolboikotte en onrus omdat die swart gedeelte van die bevolking nog steeds uitgesluit was uit die politieke bedeling van die land.

Uit die opstande teen die nuwe politieke bedeling is die "United Democratic Front" (1983) gebore. Lede van die beweging het bestaan uit alle afdelings van die samelewing, soos byvoorbeeld staatsamptenare, studente, verteenwoordigers uit die professies, werkers en lede van gemeenskapsorganisasies. Die doelstellings van die organisasie was nasionale vryheid en sosiale hervorming. Hierdie vereniging het die leerlinge versoek om skool toe te gaan en die skoolboikotte te laat vaar.

Die toestand van boikotte en algemene onrus het bly voort bestaan ongeag daarvan dat president P.W. Botha vervang is met president F.W. de Klerk en hy sy "Nuwe Suid-

Afrika"-toespraak gelewer het op 2 Februarie 1990. Die volgende stap op die pad van hervorming was die vrystelling van alle verbanne organisasies en die vrylating van mnr. Nelson Mandela en talle ander politieke gevangenes.

Dié veranderinge het wel nog nie die verlangde rus en vrede gebring nie, maar dit het die waarde dat die leiers met mekaar onderhandel. As gevolg hiervan het die hoop ontstaan dat daar uiteindelik 'n vreedsame oplossing in die RSA sal kan wees.

### 5.4.5 Die ekonomie

In Japan het die Bakufu-periode geëindig met 'n ekonomie wat nog sterk herinner aan die feodale tydperk, waar grondbesit die basis van die ekonomie was en belasting slegs op die rysoes gehef was. Die eerste stap wat die Meiji-regering egter geneem het om die ekonomie te verbeter, was om toe te sien dat alle grond deur die diamyo aan die keiser gegee is (vergelyk paragraaf 3.3.3). Dit het in die praktyk beteken dat die boere wat die grond bewerk het, die eienaars geword het, maar dit het ook beteken dat die adel as groep in die samelewing verdwyn het.

Ontwikkelende lande in die twintigste eeu is afhanklik van buitelandse kapitaal, buitelandse markte en uitvoerprodukte. As hierdie kommoditeite van die land weerhou word, rem dit die ekonomiese ontwikkeling en ontwrig dit die ekonomie op die lange duur (Marais, 1988:239). Dit is die lot wat die RSA te beurt geval het toe die Westerse moondhede besluit het om druk op die regering van die RSA toe te pas om sy politieke beleid te verander. Die Weste het nie militêre druk op die RSA uitgeoefen soos in die geval van Japan nie, maar sedert die sestigerjare het hulle ekonomiese druk toegepas deur middel van sanksies. In die sewentigerjare is dit verskerp met 'n disinvesteringsprogram (Davenport, 1988:492).

Konfrontasie met die Weste het ontwikkel gedurende die bewindsjare van dr. H.F. Verwoerd en Mnr. B.J. Vorster (1960 tot 1974), maar die RSA het staat gemaak op sy strategiese posisie op die seeroetes en op sy minerale rykdom om die welwillendheid van die Weste te behou. Die Weste het egter alternatiewe bronne gekry. Om enkele voorbeelde te noem: Diego Garcia is as vlootbasis gebruik in plaas van Simonstad, chroom is aangekoop van Turkye en die Fillipyne, en mangaan is ingevoer vanaf Australië (Davenport, 1988:483). Die grootste knak wat die sanksieveldtog die RSA toegedien het, was dat die RSA nie die Afrika-markte kon ontgin nie. Die druk van die buiteland op ondernemings met betrekkinge in die RSA het al hoe meer steun gekry en dit het aanleiding gegee tot die opheffing van die wet op arbeidsverhoudinge (Davenport, 1988:491).

Die druk wat deur die buiteland op die land uitgeoefen is, het die RSA egter tot teenreaksies aangespoor, soos byvoorbeeld die stigting van instansies soos KRYGKOR toe wapens onverkrygbaar geword het en SASOL om in die land se oliebehoeftes te voorsien. In 1979 het die De Kock-Kommissie voorgestel dat gunstige voorwaardes aan buitelandse beleggers gebied moes word om beleggers aan te moedig om in die RSA te belê. Ook die Reagan-regering en Engeland se houding onder mev. Thatcher het disinvestering teengewerk (Davenport, 1988:491). Op die lange duur egter is die RSA tog voor die dilemma geplaas dat sy ekonomie agteruit gaan en dat hy verandering sal moet aanvaar om te oorleef.

### 5.4.6 Hervormings in die samelewing

In Japan was dit moontlik vir die samoerai- en diamyo-klasse om heeltemaal uit die samelewing te verdwyn, want daar was nie meer vir hulle 'n rol in die samelewing te speel nie. Die diamyo het hulle grond aan die keiser gegee en het 'n ander heenkome gesoek; die samoerai, wat die soldate van die grondeienaars was, het ook nie meer 'n funksie gehad nie (vergelyk paragraaf 2.2.8). Die Meiji-bewind het toe die samoerai- en diamyo-klasse laat verdwyn deur aan elkeen van die lede van die klasse 'n enkelbedrag uit te betaal wat hulle na goeddunke kon aanwend. Indien hulle besluit het om dit in industrieë te belê, het hulle verdere hulp van die staat ontvang deur middel van die banke wat deur die staat geskep is (vergelyk paragraaf 3.3.7.5). Hierdie twee groepe mense, veral die samoerai, was die hoogs geletterde groepe mense in Japan en kon dus prakties deelneem aan die ekonomiese ontwikkeling. Ander wat nie aan die ekonomie wou deelneem nie, kon as staatsamptenare optree of hulle na die onderwys wend.

In die RSA sal die bevoorregte groepe moet verdwyn. Dit sal egter 'n onoorbrugbare gaping skep as die kundigheid en finansiële krag van die opgeleide blanke groep verlore moet gaan. Soos die samoerai en diamyo van Japan sal die bevoorregte gedeelte van die bevolking vir hulleself 'n nuwe plek in die samelewing moet vind. Dit sal wees waar hulle byvoorbeeld met hulle finansiële vermoëns nuwe werksgeleenthede kan skep, hulle kundigheid met ander kan deel deur ander op te lei en hulle kennis en ervaring te gebruik om die nuwe staatsdiens en onderwys te laat funksioneer.

### 5.4.7 Ooreenkomste tussen die onderwys van Meiji-Japan en die RSA

In Japan het die regering besluit dat die onderwys gebruik kan word as een van die middele om die doelstellings van die regering te bereik (vergelyk paragraaf 3.3.6). Een van die doelstellings van die Meiji-bewind was om die ekonomie van die land te

ontwikkel en ekonomiese groei te bewerkstellig. Om dit te te bereik is die onderwys doelbewus "geïndustrialiseer" sodat die onderwys opgeleide werkers vir die industrieë kon lewer (vergelyk paragraaf 4.3.2).

Japan het sy onderwys hervorm op basis van die Westerse model, sy kurrikulum hersien, onderwysers uit die Weste ingevoer en oorsese studiereise aangemoedig (vergelyk paragraaf 4.3.3). Om selfvoorsienend te word is normaalskole opgerig om onderwysers op te lei sodat die land in sy eie onderwysbehoeftes kon voorsien. Van die onderwys is verwag om vinnig groot getalle doeltreffend-opgeleide werkers te lewer. Omdat die vernuwing in die onderwys deeglik beplan was, kon die onderwys in sy doel slaag.

In die RSA word aangedring op onderwysvernuwing vanuit die geledere van die bevolking self, soos gesien kan word uit die voortdurende onrustigheid in die swart onderwys. Die staatspresident het self gesê onderwys móét en sál verander, maar dat bestaande strukture nie vernietig moet word voordat daar nuwe strukture geskep is nie (Clase, Van der Merwe en Pienaar, 1991:1).

Die onrus het begin in 1976 met die Soweto-opstande oor Afrikaans in die skole. Die opstande het vinnig na ander gebiede versprei soos Kaapstad, Uitenhage, Port Elizabeth en Grahamstad. Met hierdie optrede het die skole self die fokuspunt van die politieke stryd in die RSA geword (Berger & Godsell, 1988:129). Dit het gebeur omdat die swart onderwys die simbool van onderdrukking geword het, en daarom kon die studente gemobiliseer word om die aanval teen die regering te loods (Berger & Godsell, 1988:134).

Hierdie opstandigheid het die regering daartoe gedwing om met 'n hervormingsproses te begin. Die regering het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gelas om 'n ondersoek na nasionale onderwys van stapel te stuur. Die verslag wat hieruit voortgespruit het, staan bekend as die De Lange-Verslag en dit het in 1981 verskyn. Dié verslag het onder andere klem gelê op tegniese onderwys weens die groeiende behoefte aan geskoolde arbeiders (Davenport, 1988:459). Verder het dit ook die skep van 'n enkele onderwys departement aanbeveel om 'n eenvormige onderwysbeleid tot stand te bring. Die veranderinge wat wél gemaak is, was om meer skole te bou en pariteit in salarisse te probeer verkry.

Die skoolboikotte en onrustigheid is nie beëindig nie, maar dit het weer sterker opgevlam met die skepping van die Driekamerparlement in 1985. Die "United Democratic Movement" was 'n direkte uitvloeisel van die skepping van die Driekamerparlement. Die vakbonde en kerke het hulle nou ook geskaar by die onrus wat vanuit die skole plaasgevind

het (Davenport, 1988:461-462). Die gevolglike onrus het uiteindelik aanleiding gegee tot die uitroep van 'n noodtoestand. Die onderwys was nog al die jare betrokke by die onrus en die swart onderwys het daaronder gely soos afgelei kan word uit die matriek-uitslae van die swart onderwysdepartement.

Gedurende hierdie tydperk het die regering voortgegaan met sy hervormings en is byvoorbeeld die instromingsbeheer opgehef asook plaaslike besture geskep. Die doelstelling van 'n alternatiewe onderwys is 'n "...free, compulsary, unitary, non-racial and democratic system of education for all sections of our people" (Marais, 1988:170).

Die eise wat deur die swart bevolking aan die onderwys gestel word om dit aanvaarbaar te maak, is die volgende:

- verpligte onderwys,
- gratis onderwys vir almal,
- regverdige verdeling van fondse,
- gelykheid wat betref onderwyser-leerlingverhouding,
- handboeke moet objektief en eenvormig vir almal wees,
- salarispariteit,
- voldoende onderwyskolleges,
- onderwysers moet onder een ministerie resorteer, en
- onderwysinstellings moet toeganklik vir almal wees (Marais, 1988:1687).

Vanaf 1976 is reeds aan sommige van hierdie eise voldoen, soos skoolplig, gratis boeke, 'n groter mate van salaris paritiet en 'n poging tot verbetering van die opleiding van onderwysers. Onderwys en opleiding is egter aan die ekonomie van die land verbonde en kan slegs suksesvol wees as elke student seker is dat hy aan die einde van sy opleiding sy gekose loopbaan sal kan volg, anders lei dit tot frustrasie en nie die sukses wat byvoorbeeld die onderwys van die Meiji-periode kenmerk nie.

### 5.4.8 Landhervorming

In die ou Japan het die grondgebied behoort aan landhere wat alleenheersers op hulle plase was. Die shogun van die Meiji-periode was ook deur hulle gekies, daarom was hulle deel van die regering van die land. Hierdie groep mense was dan ook die persone wat die finansies aan die staat voorsien het (vergelyk paragraaf 2.3.2.1).

Die welgestelde handelaars kon glad nie grond besit nie, maar het tog daarin geslaag om 'n aandeel in die boerdery te verkry deur die boere, wat verarm het, van die nodige fondse te voorsien om voort te gaan met die boerdery. Nadat die diamyo die grond aan die keiser "geskenk" het, het die boere die grond waarop hulle gewerk het as eiendom gekry. Sommige van hulle wou nie op die plase aanbly nie en het na die groeiende stede verhuis om daar 'n beter heenkome te vind (vergelyk paragraaf 3.3.7.8).

Teen die agtergrond van verandering en hervorming kom landhervorming in die RSA ook onder die loep. Die beleid wat sedert 1948 deur die Nasionale Party gevolg is, het daartoe gelei dat daar vandag verskillende onafhanklike state is, te wete die Ciskei, Venda, Transkei en Boputhatswana. Daarby is daar ook 'n aantal selfregerende state naamlik, Gazankulu, KwaZulu, QwaQwa en ander. Hierdie state kan gesien word as die resultaat van die beleid wat oor jare deur die regering van die RSA gevolg is. As 'n uitloper van die apartheidsbeleid is afsonderlikheid en uiteindelike outonomie vir die swart state as ideaal beskou.

Tans handel die gesprekke oor grond veral oor die herinlywing al dan nie van al hierdie state by die res van die RSA. Daar kom ook te midde van hierdie gesprekke oproepe vanuit die blanke konserwatiewes om 'n soort eie blanke "tuisland".

Die kern ten opsigte van al die gesprekke is dat daar hervorm moet word op die gebied van grondbesit (Louw, 1992:11,12). Om verskillende historiese redes word daar deur verskillende groepe soos byvoorbeeld die African National Congress, Pan African Congress, Afrikaanse Weerstandsbeweging, Orde Boerevolk, en ook ander, voorstelle gemaak. Van hierdie voorstelle sluit in:

- 'n unitêre onverdeelde RSA (African National Congress, Pan African Congress en die Anzanian People's Organisation);
- 'n konfederasie van state met 'n streeksregering (Nasionale Party);
- 'n blanke outonome staat (Konserwatiewe Party), en
- 'n blanke Afrikanervolkstaat en 'n Boererepubliek (Afrikaanse Weerstandsbeweging).

### 5.4.9 Verstedeliking

Met die aanvang van die Meiji-periode was Japan nog landbou gerig, want 'n groot gedeelte van die bevolking het op die platteland gebly en vir die diamyo geboer. Die land se ekonomie het berus op die landbou. Die plase moes die boere, adel en samoerai onderhou, terwyl laasgenoemde twee groepe geen insette op die plase gelewer het nie (vergelyk paragraaf 2.2.6.2).

In die stede was egter allerlei ekonomiese woelinge aan die gang, soos byvoorbeeld die invoer van produkte, die verwerking van produkte en die voorsiening in die behoeftes van die stedelinge. Hierdie toestande het 'n behoefte aan arbeiders laat ontstaan en die behoefte is vergroot met die skepping van die nuwe industrieë van die Meiji-bewind. Dit het meegebring dat ekonomiese toestande in die stede beter was as op die platteland en daarom het die arbeiders na die stede getrek. Daar was soveel werksgeleenthede dat selfs die Japannese vrou buite die huis kon gaan werk om die gesin se lewens-omstandighede te verbeter (vergelyk paragraaf 3.4.2).

Verstedeliking in die RSA het nie 'n normale ontwikkelingspatroon gevolg nie. Die nie-swart bevolking het 'n normale verstedelikingsproses deurloop wat tans feitlik tot 'n einde gekom het. Die swart gedeelte van die bevolking was gedeeltelik deur die instromingsbeheer verhoed om te verstedelik (Marais, 1988:99). As gevolg van wetgewing het daar kunsmatige patrone ontwikkel van semi-stedelike woongebiede vanwaar daaglikse pendelary na die arbeidsmark ontwikkel het.

Toestande op die blanke platteland het die trek na die stede verhaas omdat die verskille in lewensgehalte tussen die stad en platteland die stad aanlokliker laat vertoon het. Verder het meganisasie op die plase en die konsolidasie van plase oortollige arbeiders opgelewer en dié toestande is vererger deur die droogtes. Die gevolg was dat talle swart arbeiders die platteland verlaat het. Marais (1988:100) is van mening dat ongeveer 438 000 plaasarbeiders die platteland tussen 1960 en 1971 verlaat het en na die stede verhuis het (Ritchken, 1989:391). Omdat dié migrasie onwettig was, het hulle hulle gevestig in "digtere nedersettings". Hierdie gebiede het gewoonlik nie 'n ekonomiese basis gehad om hulle te onderhou nie en was die mans verplig om hulle families te verlaat en as trekarbeiders in die stede te gaan werk.

Die gevolge van die instromingsbeheer is pendelary en trekarbeid. Die oplossing van die probleme sal beteken dat swart werkers nou hulle families na die stede sal bring en nader aan die arbeidsplekke sal wil woon (Cobbett, 1989:329).

### 5.4.10 Samevatting

Alhoewel daar 'n verskil van ongeveer 100 jaar is tussen Meiji-Japan ná 1853 en die RSA ná 1976, is daar wel ooreenkomste wat lig kan werp op die teenswoordige probleme in die RSA.

Internasionale druk was op Japan uitgeoefen deur die Weste om politieke veranderinge aan te bring sodat hy sy grense kon oopstel vir die Weste. Internasionale druk is ook

op die RSA uitgeoefen om politieke veranderinge aan te bring; dan sou die RSA beloon word met die opheffing van sanksies. Vir die RSA, net soos vir Meiji-Japan, is en was die aanvaarding van die Weste belangrik. Japan sou nie militêr aangeval word nie en die RSA kan ekonomies oorleef.

Druk van binne die land het die druk op die regering van die dag verstewig. In Meiji-Japan was daar vanuit alle oorde ontevredenheid, soos byvoorbeeld van die boere en die samoerai, terwyl daar in die RSA ook druk van binne die land toegepas word. Daar is politieke organisasies van die swart gedeelte van die bevolking sowel as van die blanke gedeelte van die bevolking wat ontevrede met bestaande toestande is.

Politieke verandering in Japan het die einde van die Bakufu-regering beteken en gelei tot die skep van 'n "demokratiese" regering met die keiser aan die hoof. In die RSA sou politieke verandering waarskynlik beteken dat die bestaande blanke regering vervang sal word met 'n meer verteenwoordigende demokratiese regering.

Die ekonomiese bestuur van die Bakufu het Japan in armoede gedompel, waar in die RSA die ekonomie reeds van die sewentiger jare ook as gevolg van die politieke beleid op die afdraende pad is. Politieke veranderinge sal, net soos in Meiji-Japan, ekonomiese groei bevorder.

Die samelewing in Japan moes teen 1853 geherorganiseer word omdat die samoerai- en diamyo-klasse uitgedien was. Dié bevoorregte groepe het geldelike vergoeding ontvang in ruil vir die verlies van hulle sosiale posisies. Die blanke gedeelte van die bevolking van die RSA sal ook op een of ander manier tevrede gestel moet word om hulle posisies prys te gee, anders sal daar nog steeds 'n ontevrede groep in die land wees.

Die Meiji-regering het besluit om onder meer die onderwys te gebruik as middel om die land te hervorm. Om dit te kan doen is die onderwys meer loopbaangeoriënteerd gemaak. 'n Veranderde onderwysstelsel in die RSA sou waarskynlik aangewend kan word om die peil van geletterdheid te verbeter en werkers op te lei sodat daar genoegsame opgeleide werkers vir die ontwakende ekonomie sal wees.

Landhervorming was nodig in Meiji-Japan, want slegs die diamyo het grond besit in Japan. Dié probleem is in Japan opgelos deur die grond aan die keiser te gee en sodoende is die grondgebied verenig. Diskriminerende wetgewing oor grondbesit sal in die RSA opgehef moet word sodat álle inwoners van die land grond kan bekom.

Die Bakufu-regering in Japan het teen 1853 reeds vir twee eeue lank verstedeliking aangemoedig sodat die skep van industrieë in die Meiji-periode net 'n groter verskeidenheid van arbeidsgeleenthede aan die inwoners van die stede gebied het. Wetgewing het verstedeliking in die RSA vertraag, maar nie verhoed nie. Dié wetgewing het slegs 'n probleem geskep van 'n te kort aan behuising en ander dienste in die stede.

Waar Meiji-Japan geen probleme met "andersoortige" inwoners in die stede gehad het nie, is daar talle minderheidsgroepe in die RSA tussen wie daar harmonie bewerkstellig moet word. Daar moet 'n kompromie geskep word tussen die Westers-georiënteerde leefwyse van die blanke en die tradisionele Afrika-leefwyse van die swart bevolking (Marais, 1988:184) omdat dié twee die belangrikste groepe vorm.

## 5.5 SLOT

Dit is duidelik dat die onderwys van die Meiji-periode baie praktiese rigtingwysers aan die RSA kan bied. Toe die Meiji-bewind in Japan oorgeneem het, het dié land hom in baie opsigte bevind waar die RSA tans (1992) staan. As gevolg van politieke verandering het daar in Meiji-Japan ander vernuwings gekom. So sal daar in die RSA ook sosiale en ekonomiese verandering moet intree, net soos in Meiji-Japan. Ook in die RSA kan onderwys meehelp in die ontwikkeling van die kultuur. In hoofstuk ses word sekere bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak na aanleiding van die navorsing wat gedoen is oor die opvoedkundige implikasies van die kulturele ontwaking van Japan.

# HOOFSTUK 6

# BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

Op grond van die navorsing wat gedoen is oor die opvoedkundige implikasies van die kulturele ontwaking van Japan ná 1853 en die moontlike implikasies daarvan vir die RSA, word daar in hierdie hoofstuk sekere bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings gedoen.

## 6.2 BEVINDINGS

### 6.2.1 Bevindings aangaande die onderwys van Japan tot 1853

- Van die vroegste tye af het die politieke bestel van Japan die onderwys van dié land beïnvloed. Met die aanvaarding van die Taika-kode was die onderwys van die land georganiseer deur die regering en het die regering onderneem om onderwys aan die adel te verskaf. Die ander gedeelte van die bevolking het self gesorg vir die onderwys van hulle kinders (vergelyk paragraaf 2.2.7).

- Die ontwikkeling van die kultuur van 'n land beïnvloed die onderwys. So is die onderwys van Japan beïnvloed deur China met die aanvaarding van die Taika-kode en was die Chinese taal, letterkunde en filosofie vir baie eeue die fondament waarop die Japannese onderwys gerus het (vergelyk paragraaf 2.2.7).

- Die Japannese ouers het nie toegelaat dat die ekonomie die onderwys affekteer nie, want alhoewel die ouers die arbeid van die kinders op die plase nodig gehad het, het die ouers toegesien dat die kinders wel onderwys ontvang (vergelyk paragraaf 2.2.10.6).

- Nieteenstaande die geletterdste groepe, die samoerai en die diamyo, hulle funksies in die samelewing verloor het, was dit tog nie moontlik om hulle invloed op die ontwikkeling van die kultuur uit te skakel nie (vergelyk paragraaf 2.2.8).

- In Japan het die filosofieë van die verskillende godsdienste die gees van die onderwys bepaal. So het veral die filosofie van Confucius bepaal dat die ontwikkeling van die gees die doelstelling van die onderwys was. Boeddhisme het verder die onderwys beheers omdat die meeste kinders wat nie aan die adel of samoerai behoort het nie, die Boeddhiste-kloosterskole bygewoon het (vergelyk paragraaf 2.2.9).

- Omdat geletterdheid die mens ontvanklik instel teenoor vernuwing en verandering, is dit juis die onderwys wat vernuwing en verandering in die hand werk (vergelyk paragraaf 2.2.11.4).

- Die geletterde persoon is die persoon wat vinnig en maklik verder opgelei kan word (vergelyk paragraaf 2.2.11.5).

### 6.2.2 Bevindings aangaande die skitterende periode van die kinders van die songodin

- As 'n regering in die onderwys belangstel, sal die onderwysbeleid met sukses uitgevoer kan word. Met die bewindsaanvaarding van die Meiji-regering was dit een van die doelstellings van die nuwe regering om die onderwys te gebruik om te help om die ekonomie te verbeter. Om dié rede was die hervorming van die onderwys een van die prioriteite van die nuwe regering. Om in hierdie doel te slaag is die nodige finansies vir die onderwys voorsien en die nodige reorganisasie is deur die regering gedoen (vergelyk paragraaf 3.2.6.2).

- Oormatige beklemtoning van nasionalisme, deur byvoorbeeld die onderwys te gebruik, kan lei tot 'n uiteindelike konfrontasie met ander lande (vergelyk paragraaf 3.2.6.5).

- Die geletterde gedeelte van die bevolking kan gebruik word om die vernuwing te implementeer. So het byvoorbeeld die samoerai en die diamyo in Meiji-Japan belangrike rolle gespeel om die onderwys, staatsdiens en ekonomie op dreef te kry (vergelyk paragraaf 3.4.4).

- Isolasie van kulture veroorsaak kulturele en ekonomiese agteruitgang (vergelyk paragraaf 3.4.6).

- 'n Politieke "rewolusie", soos dié van Meiji-Japan, beteken nie noodwendig politieke chaos nie (vergelyk paragraaf 3.2.6.1).

- Onderwysvernuwing is verbind aan ekonomiese geleenthede. Indien daar nie plek is vir opgeleide persone op die arbeidsmark nie, kan dit tot frustrasie lei. Insgelyks kan die ekonomie ook nie ontwikkel as daar nie opgeleide werkers is nie (vergelyk paragraaf 3.3.6.2).

- Uitgebreide onderwysgeleenthede bring mee dat die intellektuele vermoëns van die hele bevolking ten volle benut kan word (vergelyk paragraaf 3.4.7).

### 6.2.3 Bevindings aangaande die implikasies van die kulturele ontwaking van Japan ná 1853

- Onderwys kan alleen suksesvol wees as dit met insig en doelgerigtheid beplan en aangewend word. Die Meiji-regering het die nuwe onderwys geïmplimenteer deur byvoorbeeld studiereise aan te moedig, onderwysers van die Weste in te voer en studente oorsee te laat oplei om die nuwe onderwys suksesvol te laat verloop. Verder is die hele onderwysorganisasie tot in die fynste besonderhede uitgewerk (vergelyk paragrawe 4.3.3, 4.3.5 en 4.3.6).

- Die onderwys van Meiji-Japan het nou nuwe ideale gehad om na te streef. Selde of ooit was onderwys voorheen aangewend om die ekonomie van 'n land te verbeter (vergelyk paragraaf 4.3.2).

- Algemene skoolplig lei daartoe dat die hele bevolking die geleentheid het om geletterd te word (vergelyk paragrawe 4.3.5 en 4.4.2).

- In Meiji-Japan het 'n nuwe verhouding tussen onderwys en staat ontwikkel omdat die staat besluit het om 'n nuwe funksie aan die onderwys te gee, naamlik om die ekonomie te verbeter. Dié toedrag van sake het die voordeel gehad dat die onderwys goed beplan en gefinansieër is (vergelyk paragrawe 4.3.2 en 4.4.6).

- Die toestand dat die staat die onderwys wou gebruik, bring mee dat nuwe eise aan die onderwys gestel word naamlik dat groot groepe werkers doeltreffend moet opgelei word in 'n beperkte tyd (vergelyk paragraaf 4.4.10).

- Onderwys kan misbruik word deur die staat as die staat soveel invloed in die onderwys het soos wat die Meiji-regering gehad het. Dan word die onderwys as indoktrinasiemiddel ingespan (vergelyk paragraaf 4.4.9).

- Die feit dat 'n sekere "klas" in die samelewing sy funksie verloor, soos in Meiji-Japan met die samoerai en die diamyo gebeur het, bring nie mee dat die mense self "verdwyn" nie. Hierdie groepe in Japan het vir hulleself 'n nuwe posisie in die samelewing verkry deur hulle geletterdheid te gebruik om deel van die nuwe Japan te word (vergelyk paragraaf 4.4.7).

- Die beginsels van Shinto wat die keiser as godeseun en heerser van Japan beskou het, was die grootste oorsaak van die vernuwing in Japan. Met ander woorde die godsdiens van 'n staat kan lei tot veranderings binne die land self (vergelyk paragraaf 3.3.8.3).

### 6.2.4 Bevindings aangaande moontlike implikasies wat die kulturele ontwaking van Japan vir die onderwys van die RSA inhou

- Meiji-Japan en die RSA verskil daarin dat Meiji-Japan 'n enkelkultuur gehad het, terwyl die RSA multi-kultureel van aard is (vergelyk paragraaf 5.3.2).

- Die peil van geletterdheid verskil want in Meiji-Japan was daar 'n hoë mate van geletterdheid, terwyl die toestande in die RSA die teenoorgestelde is (vergelyk paragraaf 5.3.3).

- In Meiji-Japan was daar die saambindende faktor van gevestigde tradisies, terwyl daar in die RSA 'n groot verskeidenheid van tradisies voorkom, wat eerder die bevolking van mekaar skei as saambind (vergelyk paragraaf 5.3.4).

- Die geografiese omstandighede van Japan het noue samewerking tussen die Japannese aangemoedig terwyl die uitgestrekte landskap van die RSA eerder afsondering in die hand werk (vergelyk paragraaf 5.3.5).

- Die gevoel van eensgesindheid is gekweek deur Shinto omdat hulle gevoel het dat hulle 'n uitverkore volk is, spesiaal op die eilande geplaas deur die songodin. In die RSA is daar nie so 'n saambindende filosofie nie (vergelyk paragraaf 5.3.6).

- In Japan was daar slegs een ras geskep deur die versmelting van die Mongole en die Aino, terwyl daar in die RSA talle rasse voorkom wat na 340 jaar se saamleef nog steeds nie saamgesmelt het as 'n bevolking nie (vergelyk paragraaf 5.3.7).

- Internasionale druk is op sowél Japan as die RSA uitgeoefen om politieke verandering aan te bring sodat die land 'aanvaarbaar' sou wees vir die Weste (vergelyk paragraaf 5.4.2).

- Die regerings van Japan sowel as dié van die RSA het beide druk van binne die land self ondervind om verandering aan te bring (vergelyk paragraaf 5.4.3).

- Die onverwerping van die status quo-regering het in Meiji-Japan die verandering teweeggebring. In die RSA sal in 'n nuwe politieke bestel ook onderwysveranderinge plaasvind (vergelyk paragraaf 5.4.4).

- Politieke hervorming in Meiji-Japan het die ontstaan van 'n nuwe ekonomie aangewakker. Dit is moontlik dat dieselfde in die RSA sal kan gebeur.

- Hervormings in die samelewing beteken dat bestaande groepe mense 'n funksieverandering kan ondergaan en nuttig in 'n ander hoedanigheid aangewend kan word (vergelyk paragraaf 5.4.6).

- In Meiji-Japan het die politieke hervorming vernuwing in die onderwys meegebring. Die besondere belangstelling van die regering ten opsigte van die onderwys het die resultaat gelewer dat daar genoegsame en bekwame werkers vir die nuwe industrieë was. In die RSA sal 'n nuwe politieke bedeling ook 'n nuwe onderwysbedeling beteken net soos in Meiji-Japan (vergelyk paragraaf 5.4.7).

- Landhervorming moes in Meiji-Japan gedoen word sodat die bevolking in die algemeen die geleentheid gehad het om grond te kon besit. Dit het gelei tot die vereniging van die grondgebied van Japan en die reg van die kleinboer om grond te besit. In die RSA is die grondgebied in verskillende state verdeel deur wetgewing en is nuwe wetgewing nodig om die grondgebied te verenig.

## 6.3 GEVOLGTREKKINGS

Op grond van die voorafgaande bevindings kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Die politieke bestel van 'n land beïnvloed die onderwys van 'n land.

- Die geletterde gedeelte van die bevolking in 'n land mag wel hulle funksie verloor, maar juis as gevolg van hul geletterdheid kan hulle weer in 'n ander hoedanigheid benut word.

- Omdat geletterdheid die mens ontvanklik maak vir vernuwing, is dit die geletterde deel van die bevolking wat verandering maklik aanvaar.
- Die godsdienstige oortuiging van die bevolking beïnvloed sy siening van die onderwys.
- Geletterde mense kan maklik verder opgelei word.
- Die onderwys van 'n land kan gebruik word om sy ekonomie te verbeter.
- Die isolasie van 'n land veroorsaak verarming op kulturele en ekonomiese gebied.
- Politieke "rewolusie" beteken nie noodwendig chaos nie.
- Om onderwys suksesvol te bedryf moet dit doelgerig aangepak word.
- Onderwys is gebonde aan die ekonomie van die land omdat opgeleide werkers verwag om werksgeleenthede te kry aan die einde van hulle opleiding, anders is die hele proses nutteloos.
- As daar algemene skoolplig in 'n land is, sal al die vermoëns van die bevolking benut kan word.
- Om onderwys doeltreffend te kan aanwend moet dit eerstens deeglik beplan word.
- Onderwys kan doelbewus deur die staat misbruik word.
- 'n Moderne industriële staat stel nuwe eise aan die onderwys.
- 'n Multi-kulturele onderwys stel die opstellers daarvan voor 'n moeilike probleem.
- Eensgesindheid by 'n bevolking bring mee dat veranderinge maklik toegepas kan word.
- Internasionale druk is 'n magtige wapen om 'n regering te dwing om verandering aan te bring.
- Dit is moeilik vir 'n regering om te funksioneer as daar 'n klimaat van ontevredenheid in die land heers.

## 6.4 AANBEVELINGS

### 6.4.1 Aanbevelings op grond van gestelde bevindings en gevolgtrekkings

- Politieke veranderings in die RSA sal moet aanleiding gee tot veranderinge in die onderwys.

- 'n Multi-kulturele onderwysbedeling sal moet beplan word vir die RSA omdat dit wil voorkom of die skole vir almal oop sal wees en alle bevolkingsgroepe ge-akkommodeer sal moet word.

- Omdat daar in die RSA 'n verskeidenheid van godsdienste beoefen word, sal hierdie probleem in 'n nuwe onderwysbedeling opgelos moet word.

- Die geletterde blanke deel van die bevolking moet nuttig aangewend word om die ongeletterde gedeelte van die bevolking op te lei vir posisies in die nuwe RSA.

- Indien onderwys meer loopbaangerig gemaak word, kan dit moontlik die ekonomie van die land bevorder.

- Onderwysvernuwing kan alleen suksesvol wees as die opgeleide werkers deur die ekonomie geakkommodeer kan word.

- Uitgebreide onderwysgeleenthede is nodig om al die vermoëns van die bevolking te kan ontgin.

- Om onderwys suksesvol te gebruik moet die onderwys deeglik beplan word.

- Die beskerming en goedgesindheid van die staat is nodig om onderwys doeltreffend te implementeer, maar staatsinmenging in die onderwys self behoort vermy te word.

- Onderwys behoort doeltreffend gebruik te word sodat bruikbare burgers gelewer word.

- Dit is nodig om internasionale druk te probeer vermy.

- Ontevredenheid binne die landsgrense moet vinnig opgelos word.

- Elke burger behoort die reg te hê om grond te kan besit, anders ontstaan daar ontevredenheid.

- Verstedeliking sal noodwendig in 'n moderne staat plaasvind en daar behoort vroegtydig daarvoor beplan te word.

### 6.4.2 Aanbevelings met die oog op verdere navorsing

Hierdie navorsing het getoon dat daar verskeie leemtes bestaan in 'n studie soos hierdie. Met die oog hierop kan onder meer die volgende aspekte as potensiële navorsingstemas uitgelig word:

- Die metodes wat die Meiji-regering aangewend het om sy geletterde groep mense nie verlore te laat gaan nie, maar te benut in die nuwe samelewing.

- Die hervormings wat die Meiji-regering aangebring het om van Japan binne die bestek van 50 jaar 'n industriële reus te maak.

- Die invloed wat die onderwysbeplanning van die Meiji-regering gehad het, sowel as die invloed van die uitvoer van die beplanning op die ekonomiese ontwikkeling en vooruitgang van die land.

- Meiji-Japan het sy nuwe onderwysbeplanning gebruik om die ekonomie van die land te verbeter en het sodoende 'n nuwe funksie aan onderwys gegee.

- Bepaal die waarde van die invloed van Confucianisme op die onderwys van Japan vanaf die tyd van die Taika-kode tot met die Meiji-periode.

- Bestudeer die rol wat die Boeddhiste-skole gespeel het in die onderwys van Japan in die tyd van die Tokugawa-shoguns.

## 6.5 SLOT

In Meiji-Japan het die regering 'n nuwe benadering tot onderwys openbaar met die hervorming van die onderwys. Dié benadering het daarop neergekom dat onderwys nie meer nét die ontwikkeling van die gees was nie, maar meer loopbaangerig was. Daarby was die onderwysvernuwing deeglik beplan en die regering het toegesien dat die onderwys-

organisasie uitgevoer is. 'n Bewys daarvan dat die onderwysbeleid doeltreffend was, kan gesien word uit die ontwikkeling van Japan in die jare van die Meiji-bewind. In die RSA kan 'n hervormde onderwys wat deeglik beplan is, óók bydra tot die geletterdheid van die bevolking en sodoende tot die ontwikkeling en voorspoed van die land en sy mense.

FUNK AND WAGNELL'S STANDARD DICTIONARY OF THE ENGLISH LANGUAGE, 1967. New York : Funk and Wagnell's Co.

GAIMUSHU. 1968. Japan in Transition. Ministry of Foreign Affairs : s.l.

GEDDIE, W., *red.* 1952. Chambers's 20th Century Dictionary, Chambers : Edinborough.

GIBNEY, F. 1981. U.S. Japanese Relations and doing Business with Japan. (*In The Way of Japan.* Referate gelewer by 'n werkswinkel tussen Februarie en Maart 1981 te Los Angeles. V.S.A.).

GUBBINS, J.H. 1920. Japan. London : H.M. Stationary Office.

HACKMAN, H. 1952. Chineesche Wijsgeeren, Amsterdam : H. J. Paris.

HALL, R.K. 1949. Education for a New Japan. New Haven : Yale University Press.

HARADA, S. s.a. The Wheel Extended. s.l.

HEARN, L. 1907. Japan : An Attempt at Interpretation. New York : The Macmillan Co.

HEARN, L. 1910. Kokoro. Hints and Echoes of Japanese inner Life. London : Gay and Hancock Ltd.

HORIO, T. 1986. Towards Reform in Japanese Education : A Critique of Privatisation and Proposal for the Re-creation of Public Education. *Comparative Education*, 22(1).

HORIO, T. en PLATZER, S. 1990. Educational Thought and Ideology in Modern Japan. Japan : University of Tokio Press.

HYSLAP, J. 1989. The period 1986-1989. (*In* Moss, G. en Obery, I. *reds.* South African Review 5. Johannesburg : Ravan Press. p.108.)

INSKEEP, R.R., 1979. The Peopling of Southern Africa. Cape Town : David Philip.

JAMES, G.H., *red.* 1951. The Rise and Fall of the Japanese Empire. London : George Allen and Unwin Ltd.

JANSEN, M.B. 1965. Changing Japanese Attitudes Towards Modernization. Princeton : Princeton University Press.

KAIZUKA, S. 1956. Confucius. London : C. Tingking and Co.

KEMP, E.L. 1912. History of Education. Philadelphia : J.B. Lippincott Company.

KENNEDY, M.D. 1935. The problem of Japan. London : Nesbet and Co.

KERLINGER, F.N. 1976. Review of Research in Education. Itaxo : F.E. Peacock Publishers.

KIDA, H. 1986. Educational Administration in Japan. *Comparative Education*, 22(1).

KIDDER, J.E. 1972. Early Buddhist Japan. Southampton : Thames and Hudson.

KIKUCHI, D. 1909. Japanese Education. London : John Murray.

KING, E.J. 1986. Japan's Education in Comparative Perspective. *Comparative Education,* 22(1).

KLEIN, E. *red.* 1966. A Comprehensive Etimological Dictionary of the English Language, (A-K). Amsterdam : Elsevier Publishing Co.

KOBAYASHI, T. 1986. The Internationalisation of Japanese Education. *Comparative Education,* 22(1).

LIEBENBERG, W.F. 1992. Mondelinge mededeling aan outeur. Coligny.

LIN, Y. 1938. The Wisdom of Confucius. New York. : Random House.

LITTLE, W., FOWLER, H.W. en COULSEN, J. 1978. The Shorter Oxford Dictionary. Oxford : G. Pulman and Sons.

LOCKWOOD, W.W. 1954. The Economic Development of Japan. Princeton : Princeton University Press.

LOUW, G. 1992. Population Growth. *Rural Poverty Alert*, Maart.

MARAIS, H.C., *red.* 1988. Suid-Afrika Perspektiewe op die Toekoms. Kaapstad : Owen Burgess.

MAYER, F. 1973. A History of Educational Thought. Ohio : Charles E. Merril Publishing Co.

MYERS, E.D. 1963. Education in the perspective of history. Great Britain : Longmans.

MINISTRY OF FOREIGN AFFAIRS, JAPAN. 1980. The Japan of Today. geen drukker.

MOULDER, F.V. 1977. Japan, China and the Modern World. Cambridge : Cambridge University Press.

MOULY, G.G. 1963. The Science of Educational Research. New York : American Book Company.

MURRAY, D. 1894. Japan. London : T Fisher Unwin.

ODENDAAL, F.F., *red.* 1988. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor.

OHTA, T. 1986. Problems and Perspectives in Japanese Education. *Comparative Education.* 22(1).

OKAKURA, Y. s.a. De Geest van Japan. Amsterdam : G. Schreuders.

OKAWARA, Y. 1981. Welcoming Remarks. (In The Way of Japan. Referate gelewer by 'n werkswinkel gehou tussen Februarie en Maart 1981 te Los Angeles, V.S.A.).

OROMANER, M. 1986. The politics of educational change. *Teaching Political Science*, 13(3).

PASSIN, H. 1967. Society and Education in Japan. V.S.A. : Teacher's College Press, Columbia University.

PICKEN, S.D.B. 1986. Two Tasks of the Ad Hoc Council for Educational Reform in Socio-Cultural Perspective. *Comparative Education,* 22(1).

POLLAK, S. 1983. Ancient Buddhist Education. (Paper from the Project on Human Potential.) Cambridge, Mass. : Harvard Univ. Graduate School of Education. 29p.

PORTER, R.P. 1918. Japan : The Rise of a Modern Power. Oxford : Clarenden Press.

POTGIETER, F.J. en SWANEPOEL, C.B. 1968. Temas uit die Historiese Pedagogiek. Pretoria : J.L. van Schaik.

PRETORIUS, S.G. 1989. Die onderwysstelsel van Japan. (*In* Dekker, E. en Van Schalkwyk, A.J., *red.* Moderne onderwysstelsels. Durban : Butterworth.)

REEVES, M. 1949. Growing up in a Modern Society. London : University of London Press.

REISCHAUER, E.O. 1970. Japan : The Story of a Nation. New York : Alfred A. Knopf.

RITCHKEN, E. 1989. Labour Tenancy, Migrancy and Forced Removals. (*In* Moss, G. en Obery, I. *reds*. South African Review 5. Johannesburg : Ravan Press. p.111.)

SADAO, A. 1932. De Roeping van het Huidige Japan. Leiden : Batteljee en Terpstra.

SAITO, H. 1912. A History of Japan. London : Kegan Paul, Trensch, Truber and Co.

SANSOM, G.B. 1950. The Western World and Japan. New York : Alfred A. Knopf.

SCHOEMAN, P.G. 1979. Aspekte van die Wysgerige Pedagogiek. Bloemfontein : Sacum.

SCHOEMAN, P.G. 1983. Wysgerige Pedagogiek. Pretoria : Sacum.

SCHOPPA, L.J. 1991. Education Reform in Japan. London and New York : Routledge.

SHIMAHARA, N.K. 1986. The Cultural Basis of Student Achievement in Japan. *Comparative Education*, 22(1).

STEPHAN, I. en MICHAEL, W.B. 1972. Handbook in research and evaluation. San Diego : Robert Knapp.

STONE, L. 1966/67. Education and Modernization in Japan and England. *Comparative Studies in Society and History,* 1X(2):208-232.

STONE, L. 1984. Gemeenskaplikheid en diversiteit. Johannesburg : McGraw-Hill.

STRAUSS, D.F.M., SMIT, W.H. en SCHOEMAN, P.G. 1978. Kompendium vir Studente in die Wysbegeerte en die Wysgerige Pedagogiek. Durban : Butterworths.

TAYLOR, T. 1983. Shadows of the Rising Sun. New York : William Morrow and Co. Inc.

TER VEEN, H. N. 1948. Japan, Bakermat van Het Aziatische Imperialism. Meppel : J. A. Boom en Zoon.

THIJS, J.D. 1965. De Invloed van de Opkomst van Japan en van de Japanse overwinning op Rusland in Asië. Amsterdam : J. H. Kok, N. V. Kampen.

THOMAS, W. 1991. Die Oorywerige Onderwysredders en die stuurlui aan wal. *Die Suid-Afrikaan*, 23,35 : Okt./Nov.

VAN DER WALT, J.L. 1980. Opvoedkunde as Lewende Wetenskap. Durban : Butterworth en Kie.

VAN DER WALT, J.L. 1982. Navorsingsmetodes van die Fundamentele Opvoedkunde. *Koers*, 47(1):28-44.

VAN DER WALT, J.L., DEKKER, E.I. en VAN DER WALT, I.D. 1985. Opvoedingsgebeure. Potchefstroom : Instituut vir Reformatiese Studies.

VAN DER WALT, J.L. en POSTMA, W. 1987. Strominge in die Opvoedingsteorie. Hillcrest : Owen Burgess.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1981. Fokus op die onderwysstelsel. Durban : Butterworth.

VOGEL, E.F. 1979. Japan as Number One. London : Harvard University Press.

WARD, R.E. 1978. Japan's Political System. New Jersey : Prentice-Hall.

WEBSTER, D. en FRIEDMAN, M. 1989. Repression and the State of Emergency: June 1987 - March 1989. (*In* Moss, G. en Obery, I. *reds*. South African Review 5. Johannesburg : Ravan Press. p.113.)

WILSON, F. en RAMPHELE, M. 1988. Uprooting Poverty : The South African Challenge. *Carnegie Quarterly*, (3,4) :6, Summer/Fall.

WOLKEN, L.C. 1983. Japan : The Modernization of an Ancient Culture. Texas : s.l.

YANAGAHASHI, M. 1981. Japanese society and politics. (*In* The way of Japan. Referate gelewer by 'n werkswinkel gehou tussen Februarie en Maart 1981 te Los Angeles, V.S.A.)